

REMGRO BEPERK
JAARVERSLAG

2006

Remgro
Beperk

INHOUD

| | |
|---|-----------------|
| HULDEBLYK | 1 |
| GROEPSTRUKTUUR | 2 |
| Skematiese uiteensetting van die belangrikste beleggings van die groep | |
| BELEGGINGSFILOSOFIE | 3 |
| Remgro se beleggingsfilosofie | |
| GROEPPROFIEL | 3 |
| Opsomming van die besigheid van die maatskappy en sy belangrikste beleggings | |
| FINANSIËLE HOOF TREKKE | 6 |
| Wesensverdienste per aandeel | |
| Dividende per aandeel | |
| Intrinsieke waarde per aandeel | |
| Wisselkoerse | |
| Beurspryse | |
| Remgro se relatiewe aandeelvertoning | |
| AANDELESTATISTIEK | 7 |
| Inligting met betrekking tot transaksies op die JSE Beperk | |
| GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATISTIEK | |
| SEWEJAAR GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTATE | 8 |
| SEWEJAAR GEKONSOLIDEERDE BALANSSTATE EN KONTANTVLOEISTATE | 9 |
| DIREKSIE | 10 |
| Uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure se curricula vitae | |
| ALGEMENE VERSLAG | |
| FINANSIËLE OORSIG | 12 |
| Kommentaar op die groep se resultate | |
| BELEGGINGSOORSIG | 16 |
| Kort oorsig van die resultate van individuele beleggings | |
| INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE | 27 |
| Samestelling van die intrinsieke netto batewaarde | |
| KORPORATIEWE BESTUUR | 28 |
| VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG | 35 |
| Verhoudinge met belanghebbendes | |
| Groepetiek | |
| Veiligheid en die omgewing | |
| MIV/vigs-beleid | |
| Werknemers | |
| Pandemies | |
| Diensbillikheid | |
| SEB – swart ekonomiese bemagtiging | |
| Sosiale belegging | |
| FINANSIËLE VERSLAG 2006 | |
| STATUTÊRE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE VAN DIE GROEP MET INHOUDSOPGAWE | 44 |
| OORGANGSVERSLAG – OORGANG NA INTERNASIONALE RAPPORTERINGSTANDAARDE (IFRS) | 97 |
| MAATSKAPPY-INLIGTING | 103 |
| AANDEELHOUERSINLIGTING | 103 |
| KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS | 107 |
| VERDUIDELIKENDE NOTAS BY DIE KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS | 110 |
| VOLMAGVORM | <i>aangeheg</i> |

REMGRO BEPERK

GEÏNKORPOREER IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REGISTRASIENOMMER 1968/006415/06 ISIN ZAE000026480 AANDELEKODE REM

HULDEBLYK

DR ANTON RUPERT

DIE DIREKSIE VAN REMGRO wil by hierdie geleentheid hulde bring aan wyle dr Anton Rupert, stigter van die Rembrandt groep van maatskappye, waaruit Remgro sy ontstaan gehad het.

Dr Rupert se sakevernuf en visionêre leierskap het die grondslag gelê waarop hierdie maatskappy suksesvol kon voortbou. Ons eer sy nagedagtenis, asook sy besondere nalatenskap waarop die direksie, personeel en aandeelhouers met reg trots kan wees. Ons betuig ook graag opnuut ons meegevoel met sy naasbestaandes. 🙏

GROEPSTRUKTUUR

OP 31 MAART 2006

REMGRO BEPERK

GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE EN ANDER

TABAKBELANGE

| | |
|----------------------------|-------|
| + British American Tobacco | 10.2% |
|----------------------------|-------|

FINANSIËLE DIENSTE

| | |
|----------------|-------|
| + RAB Beherend | 23.1% |
| + FirstRand | 9.4% |

NYWERHEIDSBELANGE

| | |
|---------------------------------|-------|
| + Air Products SA | 50.0% |
| + Distell Groep | 29.7% |
| + Dorbyl | 41.4% |
| + Kagiso Trust Investments | 41.8% |
| + Medi-Clinic Korporasie | 48.0% |
| + Nampak | 13.5% |
| + Total South Africa | 24.9% |
| + Unilever Bestfoods Robertsons | 41.0% |

MYNBELANGE

| | |
|-------------------|-------|
| + Trans Hex Groep | 33.6% |
| + Implats | 5.0% |

FILIAALMAATSKAPPYE

NYWERHEIDSBELANGE

| | |
|-------------------|--------|
| + Tsb Suiker | 100.0% |
| + Wispeco | 100.0% |
| + Rainbow Chicken | 61.9% |

KORPORATIEF EN ANDER BELANGE

| | |
|----------------------------------|--------|
| + Remgro Finansieringskorporasie | 100.0% |
| + Remgro Finance and Services | 100.0% |

Persentasies verteenwoordig die direkte belange gehou.

Bylae A en B gee meer besonderhede van filiaalmaatskappye en beleggings.

M&I BESTUURSDIENSTE

M&I Bestuursdienste (Eiendoms) Beperk (M&I) verskaf bestuurs- en ondersteunende dienste aan Remgro. Remgro hou nie enige belang in M&I nie. Die aandeelhouders van M&I is werknemers van M&I wat al die uitgereikte gewone aandele besit. Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk besit al die A-gewone aandele van M&I. Die A-gewone aandele het slegs stemreg, maar het geen regte tot die inkomste of bates van M&I nie.

BELEGGINGS- FILOSOFIE

2006

REMGRO belê in ondernemings wat voortreflike verdienste en dividendgroei oor die lang termyn kan voorsien. Dit behels die verkryging van betekenisvolle belange in maatskappye wat goeie bestuur het en wat oor die vermoë beskik om sterk kontantopbrengste en groei voort te bring. Remgro gaan strategiese verbintenisse op 'n vennootskapsgrondslag aan en beywer hom om, waar moontlik, waarde toe te voeg. Die doel is om uitmuntende opbrengste in die vorm van dividendvloei en kapitaalgroei vir aandeelhouders te verseker. 🍷

GROEPPROFIEL

2006

REMGRO BEPERK is 'n beleggingshouermaatskappy wat in sy huidige vorm op 1 April 2000 tot stand gekom het na die herstrukturering van die voormalige Rembrandt Groep Beperk. Die belange van die groep bestaan uit beleggings in onder andere tabakprodukte, bankwese en finansiële dienste, drukwerk en verpakking, motorkomponente, mediese dienste, mynwese, petroleumprodukte, voedsel, wyn en spiritualieë en verskeie ander handelsmerkprodukte.

Die maatskappy is hoofsaaklik toegespits op beleggingsbestuur en die verskaffing van strategiese insette eerder as op die dag-tot-dag-bestuur van besigheidseenhede van die maatskappye waarin belê is.

Filiale wat nie ten volle besit word nie, is meesal genoteerde maatskappye met onafhanklike direksies, waar hierdie maatskappy op nie-uitvoerende vlak verteenwoordig word. Beleggings in nie-filiale sluit genoteerde en ongenoteerde maatskappye in wat nie deur hierdie maatskappy beheer word nie en meesal as geassosieerde maatskappye beskou word op grond van beduidende invloed en direksieverteenwoordiging. 🍷

GROEPPROFIEL

INLIGTING OOR MAATSKAPPE WAARIN BELEGGINGS GEHOU WORD



EFFEKTIEWE BELANG: 10%

- Genoteer op die Londense Aandelebeurs.
- Hoofuitvoerende beampte: P Adams
- Vervaardig hoë kwaliteit tabakprodukte vir 'n diverse, wêreldwye mark. Die maatskappy is betrokke vanaf die verbouings stadium tot die bemarking van sy produkte.
- Belang word verteenwoordig deur 'n een-derde belang in die gewone aandele en 'n 100%-belang in die deelnemende sekuriteite van R&R Holdings SA (R&R). Die ander tweederdes belang in R&R word gehou deur Compagnie Financière Richemont SA.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2006: £29 161 miljoen
- Webwerf: www.bat.com



EFFEKTIEWE BELANG: 30%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: J J Scannell
- Distell produseer en bemark gehaltewyne, spiritualieë en gekeurde alkoholiese drank in Suid-Afrika met 'n toenemend internasionale profiel.
- Belang word verteenwoordig deur 'n 50%-belang in Remgro-KWV Beleggings Beperk wat op 31 Maart 2006 'n belang van 60% in Distell gehou het.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2006: R7 130 miljoen
- Webwerf: www.distell.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 9%
(uitgesluit indirekte belang gehou deur RAB Beherend)

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: P K Harris
- Die FirstRand groep van maatskappye doen sake in die finansiële dienste-sektor insluitende kleinhandel, korporatief, beleggings en aksepbanksake, korttermynversekering, lewensversekering, werknemervoordele, gesondheidsversekering en batebestuur.
- Die bank- en versekeringsaktiwiteite word verteenwoordig deur die volfiliale FirstRand Bank Holdings Beperk en Momentum Groep Beperk onderskeidelik en die gesondheidsorgaktiwiteite in Discovery Holdings Beperk waarin 'n belang van 67% gehou word.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2006: R102 232 miljoen
- Webwerf: www.firstrand.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 23%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: P Cooper
- RABB se belange is:
 - FirstRand Beperk (33%)
 - RMB Structured Insurance Beperk (81%)
 - OUSurance Beperk (63%)
 - Glenrand M.I.B Beperk (17%)
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2006: R31 625 miljoen
- Webwerf: www.rmbh.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 34%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: L Delport
- Eksplorasië vir, en myn en bemarking van, land- en mariene diamante.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2006: R1 079 miljoen
- Webwerf: www.transhex.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 41%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beamptes: K T Kruythoff (Suid-Afrika); M Keren (Israel)
- Die UBR-onderneming bedien die gebiede van Suider-Afrika en Israel en vervaardig en bemark 'n wye reeks voedselprodukte. Dit geniet markleierskap in die meeste van sy hoofkategorieë. Bekende internasionale en plaaslike handelsmerke in Suid-Afrika sluit die volgende in: *Robertson's* se kruie en speserye, *Knorr*-soppe, *Aromat*-smaakmiddels, *Rama*- en *Flora*-margarien, *Lipton*- en *Joko*-tee en *Mrs Ball's* se kookprodukte.
- Webwerf: www.unilever.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 13%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: G E Bortolan
- Nampak is die grootste en mees gediversifiseerde verpakkingsvervaardiger in Afrika met bedrywighede in die Verenigde Koninkryk en Europa. Dit produseer verpakkingsprodukte van metaal, papier, plastiek en glas, is die grootste vervaardiger en verspreider van "tissue"-produkte en het 'n wesentlike aandeel in die papierhandelmark.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2006: R9 716 miljoen
- Webwerf: www.nampak.com



EFFEKTIEWE BELANG: 25%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: P W Jordan
- Filiaal van Total (Frankryk). Die besigheid van Total South Africa is die raffinering en bemarking van petroleum en petroleumprodukte in Suid-Afrika en sy marktaandeel beloop 14.6%. Versprei ook aan die aangrensende NBLS-lande en het 'n 36%-belang in National Petroleum Refiners of S.A. (Edms) Beperk (Natref).
- Webwerf: www.total.co.za



Dorbyl Limited

EFFEKTIEWE BELANG: 41%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: W W Cooper
- Dorbyl is 'n industriële groep in die automobiel ingenieursbedryf. Die maatskappy spesialiseer in die vervaardiging en montering van 'n wye reeks motorkomponente.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2006: R462 miljoen
- Webwerf: www.dorbyl.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 50%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: A G Cooper
- Air Products SA produseer suurstof, waterstof en stikstof vir verkoop in gasvorm deur middel van pypleidings ingevolge langtermynkontrakte aan groot industriële gebruikers asook die verkoop en verspreiding van industriële gasse en chemikalieë, saam met die toepaslike toerusting, aan die algemene handelsmark.
- Die ander 50% van die gewone aandele word gehou deur Air Products and Chemicals Incorporated, 'n VSA-maatskappy.
- Webwerf: www.airproducts.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 100%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: H Snyman
- Tsb Suiker is betrokke by die suikerrietbedryf en die produksie, vervoer en bemarking van suiker, asook veevoere. Sitrus word ook op plase van die maatskappy verbou.
- Webwerf: www.tsb.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 100%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: R F Röhrs
- Wispeco se hoofbesigheid is die vervaardiging van aluminiumprodukte vir gebruik in die geboue-, ingenieur- en duursamegoedere-sektore.
- Webwerf: www.wispeco.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 62%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: M Dally
- Rainbow is die houermaatskappy van een hoofbedryfsfiliaal wat 'n vertikaal geïntegreerde hoenderprodusent is.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2006: R2 653 miljoen
- Webwerf: www.rainbowchicken.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 48%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: L J Alberts
- Medi-Clinic se besigheid behels die voorsiening van omvattende, hoë-gehalte hospitaaldienste op 'n kostedoeltreffende grondslag.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2006: R7 356 miljoen
- Webwerf: www.mediclinic.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 5%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: K Rumble
- Implats is 'n ten volle geïntegreerde mynbou- en metallurgiese organisasie, wat suiwer platinumgroep-metale internasionaal bemark en is een van die wêreld se grootste platinumherwinners.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2006: R78 265 miljoen
- Webwerf: www.implats.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 42%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: J J Njeke
- KTI is 'n gevestigde bemagtigde maatskappy met 'n fokus op beleggingsbankdienste, media- en strategiese beleggings. KTI beskik oor 'n beleggingsportefeulje en -strategie wat aanvullend is tot dié van Remgro.
- Webwerf: www.kagiso.com

REMGRO FINANSIERINGS-
KORPORASIE BEPERK *en*
REMGRO FINANCE AND
SERVICES BEPERK

EFFEKTIEWE BELANG: 100%


- Beide maatskappye is ongenoteer.
- Verantwoordelik vir Remgro se sentrale tesourie-funksie.

FINANSIËLE HOOF TREKKE

| | 2006 | 2005 | % verandering |
|--|-----------------|----------|------------------|
| WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL – nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit | 1 130.9c | 1 005.0c | 12.5 |
| WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL | 1 052.3c | 1 005.0c | 4.7 |
| VERDIENSTE PER AANDEEL | 1 697.6c | 1 712.9c | (0.9) |
| WESENSVERDIENSTE – nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit | R5 464m | R4 998m | 9.3 |
| WESENSVERDIENSTE | R5 084m | R4 998m | 1.7 |
| VERDIENSTE – netto wins vir die jaar | R8 202m | R8 518m | (3.7) |
| Dividende per aandeel | | | |
| – Gewoon | 361.00c | 314.00c | 15.0 |
| – Spesiaal | 400.00c | 600.00c | |
| Netto batewaarde per aandeel (toeskryfbaar aan eie lede) | | | |
| – teen intrinsieke waarde | R157.59 | R119.97 | 31.4 |
| Tabakbelange | R70.99 | R53.94 | 31.6 |
| Ander beleggings | R86.60 | R66.03 | 31.2 |
| Wisselkoerse | | | |
| Pond sterling/SA rand-wisselkoers | | | |
| – geweegde gemiddelde vir die finansiële jaar | 11.4050 | 11.5281 | |
| – op 31 Maart | 10.6437 | 11.7520 | |
| Beurspryse | | | |
| Sluitingsprys per aandeel op 31 Maart | R135.00 | R93.80 | 43.9 |

Die vergelykende syfers vir die jaar geëindig 31 Maart 2005 is hersaamgestel. Verwys asseblief na die “Groep finansiële oorsig” in die verslag van die raad van direkteure.


DIVIDENDEDEKKING



AANDELESTATISTIEK

| JSE Beperk | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 | 2002 |
|--|----------------|---------|---------|---------|---------|
| Geweegde aantal Remgro gewone aandele uitgereik ('000) | 447 648 | 461 786 | 467 774 | 481 011 | 486 494 |
| Markkapitalisasie op 31 Maart (R miljoen) | | | | | |
| – Alleenlik gewone aandele | 60 588 | 45 633 | 35 028 | 25 030 | 30 649 |
| Prys (sent per aandeel) | | | | | |
| – 31 Maart | 13 500 | 9 380 | 7 200 | 5 145 | 6 300 |
| – Hoogste | 13 800 | 9 701 | 7 495 | 7 399 | 6 650 |
| – Laagste | 9 150 | 6 980 | 5 150 | 5 145 | 4 780 |
| Aantal aandele verhandel ('000) | 284 396 | 187 389 | 187 231 | 216 082 | 203 231 |
| Waarde van aandele verhandel (R miljoen) | 32 732 | 15 553 | 11 785 | 14 105 | 12 101 |
| Aandele verhandel/geweegde aantal gewone aandele (%) | 63.5 | 40.6 | 40.0 | 44.9 | 41.8 |
| Aantal transaksies | 100 309 | 64 707 | 54 055 | 58 873 | 67 712 |

REMGRO-AANDEELPRYS



SEWEJAAR


GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTATE

| <i>R miljoen</i> | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 | 2002 | 2001 | 2000 <i>Pro forma</i> |
|--|----------------|---------|--------|---------|--------|---------|--------------------------|
| Wins voor inagname van die onderstaande | 1 938 | 1 384 | 1 292 | 1 209 | 734 | 504 | 412 |
| Waardedalings, kapitale en nie-herhalende items | 3 165 | 2 216 | (132) | 1 055 | (158) | 1 523 | 202 |
| Gekonsolideerde wins voor belasting | 5 103 | 3 600 | 1 160 | 2 264 | 576 | 2 027 | 614 |
| Belasting | (857) | (417) | (397) | (394) | (173) | (109) | (100) |
| Gekonsolideerde wins na belasting | 4 246 | 3 183 | 763 | 1 870 | 403 | 1 918 | 514 |
| Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye | 4 354 | 5 742 | 3 177 | 7 262 | 3 255 | 4 765 | 1 733 |
| Wins voor inagname van die onderstaande | 4 428 | 4 514 | 4 164 | 4 421 | 3 881 | 2 901 | 2 307 |
| Waardedalings, kapitale en nie-herhalende items | (74) | 1 228 | (987) | 2 841 | (626) | 1 864 | (574) |
| Groepwins na belasting | 8 600 | 8 925 | 3 940 | 9 132 | 3 658 | 6 683 | 2 247 |
| Minderheidsbelang | (398) | (407) | (335) | (446) | (151) | (109) | (76) |
| Netto wins vir die jaar | 8 202 | 8 518 | 3 605 | 8 686 | 3 507 | 6 574 | 2 171 |
| Wesensverdienste | 5 084 | 4 998 | 4 687 | 4 856 | 4 252 | 3 195 | 2 508 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | 1 052.3 | 1 005.0 | 931.3 | 940.1 | 814.5 | 612.1 | 480.5 |
| Wesensverdienste per aandeel – nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit (sent) | 1 130.9 | 1 005.0 | 931.3 | 940.1 | 814.5 | 612.1 | 480.5 |
| Verdienste per aandeel (sent) | 1 697.6 | 1 712.9 | 716.3 | 1 681.6 | 671.8 | 1 259.4 | 415.9 |
| Dividende per aandeel (sent) | | | | | | | |
| – Gewoon | 361.00 | 314.00 | 285.00 | 248.00 | 206.00 | 162.00 | 120.00 |
| – Spesiaal | 400.00 | 600.00 | 200.00 | | 100.00 | | |

Die pro forma vergelykende syfers vir 2000 hierbo verteenwoordig die syfers van Rembrandt Groep Beperk nadat aanpassings gemaak is vir die beleggings wat ingevolge die herstrukturering in 2000 toegedeel is aan VenFin Beperk en is op die geouditeerde Rembrandt Groep Beperk finansiële jaarstate gebaseer.

Die syfers vir 2005 hierbo is hersaamgestel ingevolge IFRS. Syfers vir die jare voor 2005 is nie aangepas nie. Medi-Clinic is slegs vir nege maande gekonsolideer en word vanaf 1 Januarie 2006 as 'n geassosieerde maatskappy verantwoord.

REMGRO SE RELATIEWE AANDELEVERTONING (GEBASEER OP 100)



SEWEJAAR

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTATE EN KONTANTVLOEISTATE

| R miljoen | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 | 2002 | 2001 | 2000 <i>Pro forma</i> |
|---|---------------|--------|--------|--------|--------|--------|--------------------------|
| BALANSSTATE | | | | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 2 444 | 4 120 | 3 515 | 3 253 | 2 083 | 2 027 | 2 259 |
| Beleggings – Geassosieerde maatskappye | 26 098 | 28 201 | 22 737 | 19 844 | 16 984 | 13 164 | 10 660 |
| Ander nie-bedryfsbates | 4 584 | 2 645 | 2 106 | 3 607 | 2 831 | 2 968 | 241 |
| Bedryfsbates | 8 210 | 4 773 | 5 372 | 4 079 | 4 435 | 3 395 | 2 283 |
| Totale bates | 41 336 | 39 739 | 33 730 | 30 783 | 26 333 | 21 554 | 15 443 |
| Totale ekwiteit | 38 090 | 36 844 | 31 411 | 28 981 | 24 991 | 20 177 | 13 365 |
| Nie-bedryfslaste | 1 144 | 866 | 685 | 472 | 244 | 310 | 296 |
| Bedryfslaste | 2 102 | 2 029 | 1 634 | 1 330 | 1 098 | 1 067 | 1 782 |
| Totale ekwiteit en laste | 41 336 | 39 739 | 33 730 | 30 783 | 26 333 | 21 554 | 15 443 |
| Netto batewaarde per aandeel (Rand) (toeskryfbaar aan eie lede) | | | | | | | |
| – teen boekwaarde | 78.14 | 71.51 | 59.26 | 54.19 | 46.10 | 37.14 | 24.05 |
| – teen intrinsieke waarde | 157.59 | 119.97 | 100.36 | 77.23 | 89.50 | 64.32 | 51.43 |


KONTANTVLOEISTATE

| | | | | | | |
|---|---------|---------|---------|---------|-------|-------|
| Kontant uit bedrywighede voortgebring | 1 474 | 1 566 | 1 383 | 1 055 | 618 | 401 |
| Kontantvloei voortgebring uit | | | | | | |
| beleggingsopbrengste | 4 200 | 2 670 | 2 013 | 2 542 | 1 697 | 1 196 |
| Belasting betaal | (369) | (546) | (363) | (220) | (111) | (116) |
| Kontant beskikbaar uit | | | | | | |
| bedryfsaktiwiteite | 5 305 | 3 690 | 3 033 | 3 377 | 2 204 | 1 481 |
| Dividende betaal | (4 676) | (2 642) | (1 438) | (1 765) | (968) | (303) |
| Kontant invloei/(-uitvloei) uit bedryfs-aktiwiteite | 629 | 1 048 | 1 595 | 1 612 | 1 236 | 1 178 |
| Netto beleggingsaktiwiteite | 3 364 | (2 203) | (528) | (1 943) | (201) | 356 |
| Netto finansieringsaktiwiteite | 99 | 9 | 62 | (82) | (158) | (631) |
| Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente | 4 092 | (1 146) | 1 129 | (413) | 877 | 903 |

Die pro forma vergelykende syfers vir 2000 hierbo verteenwoordig die syfers van Rembrandt Groep Beperk nadat aanpassings gemaak is vir die beleggings wat ingevolge die herstrukturering in 2000 toegedeel is aan VenFin Beperk en is op die geouditeerde Rembrandt Groep Beperk finansiële jaarstate gebaseer. Pro forma syfers vir die kontantvloei staat vir 2000 is nie beskikbaar nie.

Die syfers vir 2005 hierbo is hersaamgestel ingevolge IFRS. Syfers vir die jare voor 2005 is nie aangepas nie. Medi-Clinic is slegs vir nege maande gekonsolideer en word vanaf 1 Januarie 2006 as 'n geassosieerde maatskappy verantwoord.

KONTANTBEWEGING BY DIE HOUERMAATSKAPPY ("KONTANT BY DIE KERN") (R MILJOEN)



DIREKSIE

EN LEDE VAN KOMITEES



NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE (van links)

J P Rupert (56)

VOORSITTER

Direkteurskappe: Uitvoerende voorsitter van *Compagnie Financière Richemont SA* en *Richemont Société Anonyme* en nie-uitvoerende voorsitter van *Business Venture Investments No 951 Beperk* en voorsitter van *Business Partners Beperk*.

E de la H Hertzog (56)

ONDERVOORSITTER

Direkteurskappe: Voorsitter van *Medi-Clinic Korporasie Beperk*. Dien in die direksies van *Distell Groep Beperk*, *Total South Africa (Edms) Beperk* en *Trans Hex Groep Beperk*.

P E Beyers (56)

Direkteurskappe: *Richemont Société Anonyme*, *British American Tobacco Plc*, *Distell Groep Beperk* en *Unilever Bestfoods Robertsons (Holdings) Limited L.L.C.*

J W Dreyer (55)

Direkteurskap: *RAB Beherend Beperk*.



ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE (van links)

G D de Jager (55)

Direkteurskappe: *Anglo Suisse Investment Holdings Beperk*, *Lenco Holdings Beperk* en *Sharp Interpack Beperk*.

P K Harris (56)

Direkteurskappe: Hoofuitvoerende beampte van *FirstRand Beperk* en direkteur van *RAB Beherend Beperk* en *Momentum Groep Beperk*.

E Molobi (61)

Direkteurskap: Voorsitter van *Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk*.
Oorlede – 4 Junie 2006

J F Mouton (59)

Direkteurskappe: Voorsitter van *PSG Groep Beperk* en *Capitec Bank Beherend Beperk* en direkteur van *Steinhoff International Beherend Beperk*.

D Prins (58)

Direkteurskap: *Distell Groep Beperk*.

F Robertson (51)

Direkteurskappe: Uitvoerende ondervoorsitter van *Brimstone Investment Corporation Beperk* en ander maatskappye in die *Brimstone groep*, en voorsitter van *Lion of Africa Insurance Company Beperk* en *Lion of Africa Life Assurance Company Beperk*.



UITVOERENDE DIREKTEURE (van links)

M H Visser (52)

HOOFDUITVOERENDE BEAMPTTE

Kwalifikasie: *BComm (Hons), GR(SA)*

Diensjare by die groep: 26

Direkteurskappe: *British American Tobacco Plc, Distell Groep Beperk, Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk, Nampak Beperk, Medi-Clinic Korporasie Beperk, Unilever Bestfoods Robertsons (Holdings) Limited L.L.C. en voorsitter van Rainbow Chicken Beperk.*

W E Bührmann (51)

BELEGGINGS

Kwalifikasie: *BComm, GR(SA)*

Diensjare by die groep: 19

Direkteurskap: *Dorbyl Beperk.*

D M Falck (60)

GROEPFINANSIES

Kwalifikasie: *GR(SA)*

Diensjare by die groep: 34

Direkteurskappe: *RAB Beherend Beperk, FirstRand Beperk, FirstRand Bank Holdings Beperk, Total South Africa (Edms) Beperk en Trans Hex Groep Beperk.*

J A Preller (Mrs) (56)

KORPORATIEWE SAKE

Kwalifikasie: *BEcon*

Diensjare by die groep: 34

T van Wyk (58)

BELEGGINGS

Kwalifikasie: *BComm, LLB, LLM, H Dip Tax*

Diensjare by die groep: 16

Direkteurskappe: *Air Products SA (Edms) Beperk, Dorbyl Beperk, Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk, Tsb Suiker RSA Beperk, voorsitter van Wispeco Holdings Beperk en ondervoorsitter van Business Partners Beperk.*

LEDE VAN KOMITEES

UITVOERENDE KOMITEE

M H Visser (Voorsitter)

W E Bührmann

D M Falck

J A Preller

T van Wyk

ODUIT-EN-RISIKOKOMITEE

D Prins (Voorsitter)

D M Falck

J F Mouton

F Robertson

VERGOEDINGS-EN-NOMINASIEKOMITEE

J P Rupert (Voorsitter)

P K Harris

J F Mouton

F Robertson

ALGEMENE VERSLAG

FINANSIËLE OORSIG

INLEIDING

Met 'n koers van byna 5% het die Suid-Afrikaanse ekonomie in 2005 sy hoogste reële groei sedert 1984 behaal. Vergeleke met die 1980's is ekonomiese groei tans meer stabiel en lyk dit meer volhoubaar. Opwaartse aanpassings van die nasionale BBP dui op 'n sterker ekonomiese groeimomentum as wat vroeër veronderstel is. Die sterker besteding het voortgeduur, met betekenisvolle bydraes deur huishoudings, die openbare sektor en besigheid. Verbruiker- en sakevertroue het op historiese hoë vlakke gebly gedurende 2005 en die eerste deel van 2006.

Die plaaslike inflasiekoers het andermaal verras aan die lae kant, en het tot onder 4% in 2005 en in Maart 2006 gedaal. Die sterkte van die geldeenheid het as teenvoeter gedien vir die inflasionêre druk weens die hoë vlak van die internasionale ru-olieprys. Dit mag verander in 'n sagter wisselkoersomgewing. Die rand sal na verwagting op meer mededingende vlakke verhandel. Kommoditeitspryse het van hul hoogtepunte afgeneem en internasionale rentekoers- en risiko-vermydingsvlakke is besig om te normaliseer. Die rand is ook blootgestel aan 'n stygende tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans.

Die wêreld ekonomie het in die tweede helfte van 2005 herstel ná die stadiger tempo teen die einde van 2004 en die vroeë deel van 2005. Volhoubare herstel het aan die gang gekom in die traie ekonomieë van Japan en die euro-streek. Hierdie positiewe veranderinge en die voortgesette sterk groei in Asië behoort te vergoed vir die stadiger groei in die VSA. Hoewel globale inflasie en rentekoerse hoër neig en tot 'n meer onvriendelike finansieringsomgewing vir opkomende markte lei, sal ekonomiese groei in 2006 na verwagting die bo-gemiddelde tempo handhaaf en effens vinniger wees as in 2005.

'n Taamlike mate van onsekerheid bestaan egter oor hoe die wanbalanse in die VSA-ekonomie herstel gaan word, met inagneming van die opwaartse neiging van internasionale ru-oliepryse (en die globale impak daarvan), asook die huidige geo-politiese spanninge (t.o.v. byvoorbeeld die Iranese kernkragkrisis).

Plaaslike rentekoerse is in Junie verhoog en hoewel die globale ekonomiese prentjie effens meer onseker raak, lyk dit of die Suid-Afrikaanse ekonomie goed geplaas is om eksterne skokke te kan trotseer.

WESENSVERDIENSTE

Gedurende die jaar onder oorsig het verskeie maatskappye in die groep swart ekonomiese bemagtiging (SEB)-transaksies aangegaan. Die spesifieke rekeningkundige verantwoording van dié transaksies het 'n negatiewe impak van R380 miljoen (of 78.6 sent per aandeel) op Remgro se wesensverdienste vir die 2006-jaar gehad. Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste, het egter met 12.5% toegeneem.

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL

| | 2006 | % | 2005 |
|---|----------------|-------------|---------|
| | sent | verandering | sent |
| Tabakbelange | 490.3 | 18.2 | 414.8 |
| Finansiële dienste | 297.2 | (11.7) | 336.6 |
| Nywerheidsbelange | 263.9 | 16.1 | 227.4 |
| Mynbelange | 59.6 | 190.7 | 20.5 |
| Korporatiewe finansies en ander belange | 19.9 | 249.1 | 5.7 |
| | 1 130.9 | 12.5 | 1 005.0 |
| Nie-herhalende gedeelte van SEB-koste | (78.6) | | – |
| | 1 052.3 | 4.7 | 1 005.0 |

Totale wesensverdienste vir die jaar tot 31 Maart 2006 het met 1.7% vanaf R4 998 miljoen tot R5 084 miljoen toegeneem. Wesensverdienste per aandeel het met 4.7% van 1 005.0 sent tot 1 052.3 sent toegeneem vanweë die gunstige uitwerking van die aandeleterugkoopprogram.

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

| | Nie-herhalende gedeelte van SEB-koste ingesluit | | Nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit | | 2005 R miljoen |
|--|---|------------------|--|------------------|-------------------|
| | 2006 R miljoen | % verandering | 2006 R miljoen | % verandering | |
| Tabakbelange | 2 369 | 14.8 | 2 369 | 14.8 | 2 063 |
| Finansiële dienste | 1 147 | (31.5) | 1 436 | (14.2) | 1 674 |
| Nywerheidsbelange | 1 184 | 4.7 | 1 275 | 12.7 | 1 131 |
| Mynbelange | 288 | 182.4 | 288 | 182.4 | 102 |
| Korporatiewe finansies en ander belange | 96 | 242.9 | 96 | 242.9 | 28 |
| | 5 084 | 1.7 | 5 464 | 9.3 | 4 998 |

Wisselkoersbewegings het steeds 'n invloed op die groep se verdienste gehad. Weens 'n effens sterker, maar meer stabiele rand het die ongunstige wisselkoersuitwerking met die omskakeling van R&R se bydrae tot wesensverdienste verminder vanaf R103 miljoen in 2005 tot R26 miljoen vir die jaar onder oorsig, soos uiteengesit in die onderstaande tabel.

| Finansiële jaar: | 2006 | 2005 |
|---|---------|---------|
| Gemiddelde wisselkoers (£/R) | 11.4050 | 11.5281 |
| Sluitingswisselkoers teen jaareinde (£/R) | 10.6437 | 11.7520 |
| R&R se bydrae (£'m) | 208 | 179 |
| R&R se bydrae (R'm) | 2 369 | 2 063 |
| Ongunstige wisselkoersuitwerking (R'm) | (26) | (103) |

Die bydrae van die finansiële dienste belange tot Remgro se wesensverdienste het met 31.5% vanaf R1 674 miljoen in 2005 tot R1 147 miljoen afgeneem. Absa is met ingang van 1 April 2005 herklassifiseer as 'n "Bate gehou vir verkoop" en gevolglik nie verder geëkwiteer nie. Dividende van R123 miljoen is gedurende die jaar onder oorsig by wesensverdienste ingesluit, terwyl Absa se bydrae tot wesensverdienste in 2005 R509 miljoen was. FirstRand en RABB se gesamentlike bydrae tot wesensverdienste het R1 024 miljoen bedra (2005: R1 160 miljoen). Dié daling kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die nie-herhalende SEB-koste voortvloeiend uit FirstRand se SEB-transaksie wat gedurende Mei 2005 afgehandel is. Remgro se toeskryfbare deel van dié koste, insluitende die indirekte belang gehou deur sy 23.1% belang in RABB, beloop R289 miljoen.

Die bydrae van die nywerheidsbelange het met 4.7% toegeneem. Die goeie vertonings van Rainbow, Total South Africa en Distell is teengewerk deur laer resultate deur Dorbyl, Medi-Clinic en Nampak. Beide Dorbyl en Medi-Clinic se resultate vir die jaar onder oorsig is negatief beïnvloed deur sekondêre belasting op maatskappye (SBM) betaalbaar op spesiale dividende betaal gedurende die jaar. Verder het Remgro se deel van nie-herhalende SEB-koste voortvloeiend uit die SEB-transaksies van Medi-Clinic en Nampak R71 miljoen beloop, terwyl R20 miljoen ook verantwoord is ten opsigte van die SEB-transaksie wat deur Distell gedurende die jaar onder oorsig aangegaan is.

Die mynbelange se bydrae tot wesensverdienste het met 182.4% toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die spesiale dividend wat Implats gedurende Maart 2006 betaal het. Totale dividende wat gedurende die jaar onder oorsig van Implats ontvang is en in wesensverdienste verantwoord is, beloop R277 miljoen (2005: R70 miljoen). Trans Hex het laer resultate gerapporteer en sy bydrae tot wesensverdienste het tot R10 miljoen afgeneem (2005: R31 miljoen). Die gemiddelde verkoopprijs van ru diamante het in die tweede helfte van die jaar gedaal, die koste van diamante verkoop was hoër en die Angolese en mariene operasies het nie hul produksieteikens gehaal nie.

ALGEMENE VERSLAG

FINANSIËLE OORSIG

VERDIENSTE

Verdienste per aandeel insluitende kapitaalwinste gerealiseer met die verkoop van verskeie beleggings, het met 0.9% tot 1 697.6 sent afgeneem. Dié afname kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die surplus wat gedurende die 2005-jaar met die aflos van skuldbriewe deur R&R verantwoord is, sowel as ongunstige kapitale en nie-herhalende items van geassosieerde maatskappye in die jaar onder oorsig.

KONTANTVERDIENSTE

Die toeskryfbare kontantverdienste (wat die groep se belang in die netto inkomste deur geassosieerde maatskappye behou, uitsluit), voor waardedalings en kapitale en nie-herhalende items, het met 48.4% toegeneem van R3 282 miljoen tot R4 871 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in dividende wat van geassosieerde maatskappye ontvang is. Laasgenoemde het R3 478 miljoen bedra, vergeleke met R2 372 miljoen in 2005. Hierdie wesentlike toename was hoofsaaklik as gevolg van die spesiale dividende wat van Medi-Clinic en Dorbyl ontvang is asook van Implats.

TERUGKOOP VAN AANDELE

Gedurende die jaar onder oorsig het 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro 'n verdere 8 549 237 gewone Remgro-aandele teen 'n gemiddelde prys van R114.34 vir 'n totale bedrag van R977.5 miljoen aangekoop. Altesame 37 691 443 aandele wat deur volfiliaalmaatskappye as tesourie-aandele gehou is, is gedurende Maart 2006 aan Remgro Beperk verkoop en deur laasgenoemde as uitgereikte aandele gekanselleer. Na dié kansellering word 1 379 635 gewone Remgro-aandele (0.3%) deur 'n volfiliaal as tesourie-aandele gehou.

Die Remgro Aandeletrust het gedurende die jaar onder oorsig 21 000 (2005: 660 018) gewone Remgro-aandele teen 'n gemiddelde prys van R134.46 (2005: R90.93), vir 'n totale bedrag van R2.8 miljoen (2005: R60.0 miljoen) aangekoop, terwyl 1 308 790 aandele aan deelnemers gelewer is teen betaling van die inskrywingsprys.

DIVIDENDE

Gewone dividende van 361.00 sent per aandeel is vir die jaar verklaar, vergeleke met 314.00 sent die vorige jaar. Dit verteenwoordig 'n toename van 15.0%. Die dividende is 3.1 keer deur wesensverdienste (uitgesluit SEB-koste) gedek en 2.8 keer deur kontantverdienste teenoor 3.2 keer en 2.1 keer onderskeidelik die vorige jaar. Behalwe gewone dividende is 'n spesiale dividend van 400 sent per aandeel ook verklaar wat saam met die gewone dividende betaal sal word.

INTRINSIEKE WAARDE

Die intrinsieke netto batewaarde van die groep sluit waardasies in van alle beleggings, insluitende filiaal- en geassosieerde maatskappye, teen óf genoteerde markwaarde óf, soos in die geval van ongenoteerde beleggings, teen direkteurswaardasie. Die netto bates van volfiliaal nie-beleggingsmaatskappye, wat hoofsaaklik uit monetêre items bestaan, word teen boekwaarde ingesluit.

Die volgende faktore word in ag geneem ten einde die direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings te bepaal:

- Markwaarde en verdienste-opbrengste van soortgelyke genoteerde aandele, met inagneming van die feit dat die ongenoteerde beleggings se bemarkbaarheid beperk is en, in sommige gevalle, ook die verhandelbaarheid daarvan;
- Groeipotensiaal en risiko;
- Onderliggende batewaarde;
- Winsgeskiedenis; en
- Kontantvloeivooruitskattings

Die intrinsieke netto batewaarde het aan die einde van Maart 2006 R157.59 per aandeel bedra. 'n Skedule wat die berekening van intrinsieke netto batewaarde per aandeel op 31 Maart 2006 en 2005 uiteensit, is aan die einde van die beleggingsoorsig ingesluit.

Die kontant by die kern verskil van die kontant in die balansstaat. Laasgenoemde is soos volg saamgestel:

| | 2006 | 2005 |
|---------------------------------------|------------------|-----------|
| | R miljoen | R miljoen |
| Per balansstaat | 6 357 | 2 372 |
| Min: Kontant van ander bedryfsfiliale | (562) | (1 278) |
| Kontant by die kern | 5 795 | 1 094 |
| – Plaaslik | 4 066 | 782 |
| – Buiteland | 1 729 | 312 |

Kontant by geassosieerde maatskappye is nie hierby ingesluit nie.

Die onderstaande tabel gee 'n vergelyking van die relatiewe vertoning van Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel teenoor sekere gekose JSE-indekse. Dividende wat op Remgro-aandele betaal is, is nie in aanmerking geneem nie.

| | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 | 2002 | 2001 |
|--------------------------------|---------------|--------|--------|--------|--------|--------|
| Intrinsieke netto batewaarde – | | | | | | |
| Rand per aandeel | 157.59 | 119.97 | 100.36 | 77.23 | 89.50 | 64.32 |
| JSE – Alle aandele-indeks | 20 352 | 13 299 | 10 693 | 7 680 | 11 015 | 8 094 |
| – Fin & Ind 30-indeks | 19 491 | 13 477 | 9 953 | 6 682 | 9 713 | 9 464 |
| – Finansiële 15-indeks | 7 616 | 5 258 | 3 782 | 2 744 | 3 415 | 3 758 |
| – Hulpbronne 20-indeks | 34 923 | 21 585 | 19 961 | 15 763 | 24 512 | 12 994 |
| Remgro-aandeelprys | 135.00 | 93.80 | 72.00 | 51.45 | 63.00 | 47.00 |

| | 1 jaar tot 31 Maart 2006 (% jaar-op-jaar) | 5 jaar tot 31 Maart 2006 (% saamgestel per jaar) |
|------------------------------|--|---|
| Relatiewe vertoning | | |
| Intrinsieke netto batewaarde | +31.4 | +19.6 |
| JSE – Alle aandele-indeks | +53.0 | +20.2 |
| – Fin & Ind 30-indeks | +44.6 | +15.5 |
| – Finansiële 15-indeks | +44.9 | +15.2 |
| – Hulpbronne 20-indeks | +61.8 | +21.9 |
| Remgro-aandeelprys | +43.9 | +23.5 |

Die onderstaande tabel gee 'n vergelyking van Remgro se interne opbrengskoers (IOK) teenoor sekere gekose JSE-indekse. Vir hierdie doel word daar aanvaar dat dividende óf in Remgro-aandele óf in die betrokke indeks herbelê word, na gelang van die geval.

| | IOK Vanaf 26 September 2000 tot 31 Maart 2006 (% saamgestel per jaar) |
|---------------------------|--|
| Remgro-aandeel | +30.7 |
| JSE – Alle aandele-indeks | +22.1 |
| – Fin & Ind 30-indeks | +13.9 |
| – Finansiële 15-indeks | +17.9 |
| – Hulpbronne 20-indeks | +29.0 |

ALGEMENE VERSLAG

BELEGGINGSOORSIG

(Let wel: Slegs beperkte kommentaar word gelewer oor genoteerde maatskappye aangesien die inligting algemeen beskikbaar is. Die ongenoteerde beleggings word in meer besonderhede behandel.)

TABAKBELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

| | 2006 | 2005 |
|--------------|-----------|-----------|
| | R miljoen | R miljoen |
| R&R Holdings | 2 369 | 2 063 |

R&R HOLDINGS

Remgro se belang in British American Tobacco Plc (BAT) word verteenwoordig deur sy belang van een-derde van die gewone aandele en al die "2005" deelnemende sekuriteite wat deur R&R Holdings SA, Luxembourg (R&R) uitgereik is. Dit gee Remgro 'n effektiewe belang van 10.2% in BAT, soos op 31 Maart 2006. Die ander twee-derdes van die gewone aandeelkapitaal en skuldbriewe van R&R word deur Compagnie Financière Richemont SA (Richemont) gehou.

Gedurende Maart 2006 het Richemont 'n gedeelte van sy skuldbriewe in R&R vir kontant ten bedrae van £285 miljoen afgelos. Die beskikbare fondse was deel van die opbrengs wat R&R gedurende Mei 2004 ontvang het met die uitoefening deur die houers van die koopopsies oor die BAT-voorkeuraandele wat voorheen deur R&R besit is. Remgro het verkies om nie sy pro rata-gedeelte van die skuldbriewe ten bedrae van £142.5 miljoen af te los nie. Gevolglik het R&R nuwe "2006" deelnemende sekuriteite van nominale waarde aan Remgro en Richemont, in verhouding tot hul aandeelhouding, uitgereik. Dividende op hierdie "2006" deelnemende sekuriteite sal die uitwerking wat die nie-proporsionele belang in die skuldbriewe mag hê op die verdeling deur R&R se nie-BAT inkomste (mindere deel van R&R inkomste), in ag neem. Dit plaas Remgro in die posisie waarin hy sou wees indien Richemont nie van die R&R-skuldbriewe, soos hierbo beskryf, afgelos het nie. Dit beïnvloed dus nie die vloeï van BAT-dividende na Remgro nie.

Daar was nie 'n verandering in die aantal BAT-aandele wat R&R hou nie. Die positiewe uitwerking van BAT se volgehoue aandeleterugkoopprogram het egter R&R se belang in BAT tot 28.9% op 31 Maart 2006 laat toeneem (2005: 28.3%).

R&R se belang in BAT se verdienste vir die twaalf maande tot 31 Maart 2006 is gebaseer op BAT se resultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 plus die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2006 minus die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2005. Remgro se belang in R&R se wesensverdiensle is in die tabel hieronder ingesluit.

| | 2006 | 2005 |
|--|------------------|-----------|
| | £ miljoen | £ miljoen |
| Toeskryfbare inkomste soos gerapporteer deur BAT: | | |
| – vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 (2005: tot 31 Desember 2004) | 1 771 | 2 829 |
| – min: vir die kwartaal geëindig 31 Maart 2005 (2005: tot 31 Maart 2004) | (428) | (344) |
| – plus: vir die kwartaal geëindig 31 Maart 2006 (2005: tot 31 Maart 2005) | 452 | 428 |
| Aansuiwerings: | | |
| – om kapitale en nie-herhalende items uit te skakel | 147 | (1 182) |
| | 1 942 | 1 731 |
| – beweging in huidige waarde van BAT-voorkeuraandeel en -dividende | – | (8) |
| Aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT vir die twaalf maande geëindig 31 Maart | 1 942 | 1 723 |
| R&R se deel van die aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT: | | |
| – 28.56% tot 28.89% (2005: 28.05% tot 29.57%): | 558 | 489 |
| Beweging in huidige waarde van BAT-voorkeuraandeel en -dividende | – | 8 |
| R&R se nie-BAT inkomste | 29 | 37 |
| R&R se aangesuiwerde wesensverdienste vir die jaar geëindig 31 Maart | 587 | 534 |
| Remgro se belang daarin: | | |
| – 35.46% van R&R se deel van die aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT (2005: 33.3% tot 35.46%) | 198 | 164 |
| – 33.3% van R&R se nie-BAT inkomste | 10 | 15 |
| | 208 | 179 |
| | R miljoen | R miljoen |
| Omgeraken teen 'n gemiddelde £/R-koers van 11.4050 (2005: 11.5281) | 2 369 | 2 063 |

In die finansiële jaar tot 31 Desember 2005 het BAT se aangesuiwerde verwaterde verdienste per aandeel, wat 'n goeie aanwyser van sy onderliggende vertoning is, met 17% tot 89.34 pennies per aandeel toegeneem danksy die verbeterde onderliggende bedryfsvertoning en verminderde netto finansieringskoste, asook die uitwerking van die vorming van Reynolds American en die aandeelerugkoopprogram.

Gedurende die kwartaal tot 31 Maart 2006 het die aangesuiwerde verwaterde verdienste per aandeel met 14% gegroei weens die toename van wins uit bedrywighede, verbeterde bydrae deur geassosieerde maatskappye en die voordeel van die aandeelerugkoopprogram. Dit is gedeeltelik teengewerk deur hoër belasting en minderheidsbelange.

Die onderstaande kommentaar is op die BAT-jaarverslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 gebaseer.

BAT se sigaretvolumes van filiale het met 1% tot 678 miljard afgeneem vanaf die vorige jaar vanweë die samesmelting van BAT se VSA-besigheid met R.J. Reynolds om Reynolds American tot stand te bring, asook die verkoop van Etinera, 'n Italiaanse verspreidingsbesigheid. Met uitsluiting van die effek van hierdie transaksies, was daar goeie organiese volume-groei van 2% by filiale. Op 'n vergelykbare basis het die vier voorste wêreldhandelsmerke – Dunhill, Kent, Lucky Strike en Pall Mall – met 9% gegroei. Geassosieerdes se volumes het van 167 miljard tot 232 miljard toegeneem en indien dít ingesluit word, sou BAT se totale volume 910 miljard (2004: 853 miljard) bedra het.

ALGEMENE VERSLAG

BELEGGINGSOORSIG

BAT se bedryfswins was 36% laer op £2 420 miljoen hoofsaaklik vanweë die wesentlike wins van £1 389 miljoen wat in 2004 gemaak is met die Reynolds American-samesmelting. Indien die samesmelting van sy VSA-besigheid met dié van R.J. Reynolds en die verkoop van Etinera buite rekening gelaat word, sou BAT se bedryfswins op 'n vergelykbare basis 9%, of 5% teen konstante wisselkoerse, hoër gewees het. Hierdie vergelyking gee 'n beter begrip van die filiale se bedryfsresultate. Behalwe vir die Amerika-Pasifiese streek, het alle streke hoër winste getoon.

In Europa het wins met £34 miljoen tot £784 miljoen toeneem. Sterk groei het van Rusland en Duitsland gekom. Die integrasie van die Rooktabak- en Sigaarbesighede in 2005, ander kostebesparings en die positiewe invloed van die verandering in handelsvoorwaardes in Italië het ook bygedra tot hierdie resultaat. Met uitsluiting van die netto £30 miljoen wins met verkoop van Etinera aan die einde van 2004, wat deels deur die gevolglike meer gunstige handelsvoorwaardes teengewerk is, sou wins op 'n vergelykbare basis met £64 miljoen (of 9%) toeneem het. Volumes was 2% hoër op 244 miljard. Groei in Rusland, Roemenië en Pole is deels deur afnames in Italië, Duitsland, Switserland en die Oekraïne teengewerk.

In die Asië-Stille Oseaangebied het die wins met £36 miljoen tot £531 miljoen gegroei, wat goeie vertonings deur Australasië en Pakistan, die voordeel in die eerste kwartaal voortspuitend uit die tydskerekening van 'n aksynsbetaling in Suid-Korea, en stewige resultate in 'n aantal ander markte, weerspieël het. Dit was genoeg om dalings in Maleisië en Viëtnam teen te werk. Op 137 miljard was volumes 4% hoër. Sterk toenames in Pakistan en Bangladesj is deels teengewerk deur afnames in Suid-Korea, Viëtnam en Maleisië.

In Latyns-Amerika het die wins met £82 miljoen tot £530 miljoen toeneem danksy goeie vertonings deur die hele streek. Hoër volumes en marges is gerapporteer en is ondersteun deur sterker wisselkoerse in baie van die markte. Volumes was effens hoër op 149 miljard aangesien groei in baie markte deur afnames in Mexiko en Argentinië teengewerk is.


Wins in die Afrika- en Midde-Oostestreek het met £74 miljoen tot £434 miljoen toeneem, danksy Suid-Afrika se vertoning en laer verliese in Turkye. Volumes het met 5% tot 103 miljard gestyg, met sterk groei in die Midde-Oosterse markte en Turkye.

Op 'n vergelykbare grondslag was die wins in die Amerika-Pasifiese streek £54 miljoen laer op £436 miljoen, met laer bydraes deur Kanada en Japan. 'n Volumetoename in Japan is teengewerk deur 'n afname in Kanada, wat tot 'n totale afname van 2% gelei het. Aangesien die vergelykende tydperk die VSA-tabakbesighede ingesluit het (nou saamgevoeg met R.J. Reynolds en ingesluit by geassosieerdes) was die gerapporteerde streeksvolumes 34% laer op 45 miljard, terwyl die gerapporteerde wins £203 miljoen minder was.

BAT se aandeel van die na-belaste resultate van sy eie geassosieerdes het met £266 miljoen tot £392 miljoen toeneem, wat die insluiting van £244 miljoen van Reynolds American sedert sy vorming in Julie 2004, weerspieël. Op 'n pro forma VSA AARP-grondslag, asof die samevoeging van R.J. Reynolds se plaaslike VSA-tabakbesigheid met dié van Brown & Williamson op 1 Januarie 2004 voltooi was, het Reynolds American gerapporteer dat bedryfs- en netto wins met onderskeidelik 35% en 29% toeneem het. Hierdie resultate demonstreer die sukses van die besigheidsamevoeging. Die hoër inkomste dui hoofsaaklik op verbeterde pryse en samesmeltingsinergieë.

FINANSIËLE DIENSTE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE



Beide FirstRand Beperk (FirstRand) en RAB Beherend Beperk (RABB) het Junie-jaareindes en gevolglik is hul resultate vir die twaalf maande tot 31 Desember geëkwiteer.

FIRSTRAND

FirstRand se bydrae tot die wesensverdiensle sluit nie die indirekte bydrae van FirstRand deur Remgro se belegging in RABB in nie.

Vir die jongste gerapporteerde ses maande geëindig 31 Desember 2005 het FirstRand se wesensverdiensle met 17% tot R3 930 miljoen (2004: R3 351 miljoen) toegeneem. Hierdie resultate is behaal in 'n gunstige ekonomiese klimaat, met sterk organiese groeielemente, veral by die FirstRand Bankgroep wie se wesensverdiensle met 20% toegeneem het.

Op 16 Mei 2006 het FirstRand 'n SEB-transaksie aangegaan. As deel van dié transaksie het FirstRand ongeveer 416.2 miljoen gewone aandele op 'n pro rata-basis van alle aandeelhouers teruggekoop, teen 'n verhouding van 7.6 gewone aandele vir elke 100 gewone aandele besit. Die prys per gewone aandeel het R12.28 beloop en Remgro het R486.0 miljoen ontvang. 'n Na-belaste kapitaalwinst van R123 miljoen is gerealiseer.

RABB

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2005 was 87.1% (2004: 90.6%) van RABB se wesensverdiensle afkomstig van FirstRand terwyl 12.9% (2004: 9.4%) deur RABB se ander belange bygedra is.

RABB se ander belange sluit RAB Structured Insurance Beperk, OUTsurance Beperk en Glenrand M.I.B. Beperk in.


OUTsurance het vir die ses maande tot 31 Desember 2005 uitstekende resultate behaal. Netto verdiende premie-inkomste het R1.0 miljard oorskry, wat 'n toename van 25% verteenwoordig. Dit is gedryf deur sterk organiese groei in persoonlike en besighedsprodukte, sowel as volgehoue toenames in doeltreffendheid. OUTsurance se wesensverdiensle vir die sesmaandetydperk het met 39% toegeneem.

ALGEMENE VERSLAG

BELEGGINGSOORSIG

NYWERHEIDSBELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE



MEDI-CLINIC

Medi-Clinic Korporasie Beperk (Medi-Clinic) se omset het met 17% tot R4 723 miljoen (2005: R4 040 miljoen) toegeneem, terwyl die wesensverdienste (SBM-koste en SEB-aandeelgebaseerde betalingskoste uitgesluit) met 10% tot R553 miljoen (2005: R503 miljoen) toegeneem het gedurende die jaar onder oorsig.

Bedkapasiteit het met ongeveer 327 beddens verhoog na 6 727 as gevolg van die verkryging van nuwe hospitale. Met die uitsluiting van die verhoging in bedkapasiteit het die omset met 14% toegeneem. Medi-Clinic se toelatings en beddae verkoop, het onderskeidelik met 6.9% en 7.6% toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in mediese gevalle.

Medi-Clinic het onlangs aangekondig dat 'n ooreenkoms aangegaan is vir die verkryging van 'n 49%-belang in Emirates Healthcare Holdings Beperk. Dit gee Medi-Clinic 'n aandeel in die grootste privaathospitaal in Dubai, sowel as die reg om twee nuwe hospitale in die nuwe Dubai Healthcare City te ontwikkel.

Op 19 Desember 2005 het Medi-Clinic 'n SEB-transaksie geïmplementeer. Ingevolge dié transaksie het Medi-Clinic se strategiese swart vennote ongeveer 14.9 miljoen gewone aandele op 'n pro rata-grondslag van alle aandeelhouers gekoop in die verhouding van 4.25 gewone aandele vir elke 100 gewone aandele besit. Die prys per gewone aandeel het R18.40 bedra. Gevolglik het Remgro R139.5 miljoen ontvang en het sy belang in Medi-Clinic van 51.8% na 48.0% verwater.

UNILIVER BESTFOODS ROBERTSON (HOLDINGS) LLC (UBR) – ONGENOTEERD

Die UBR-onderneming bedien Suider-Afrika en Israel, waar hy 'n wye reeks voedselprodukte bemark en in verskeie hoofkategorieë die markleier is.

Israel

Die algemene ekonomiese klimaat in Israel het verbeter, hoewel die politieke situasie gespanne bly. Pryssensitiwiteit bly 'n faktor in die voedselkleinhandelsektor en die fokus is steeds op verbruikerspryse. Dit het tot gevolg dat vervaardigers deur strawwe handelsvoorwaardes en toenemende spandering op promosie-aktiwiteite geraak word.

Omset vir die twaalf maande geëindig 31 Maart 2006 het met 1.3% toegeneem teenoor die vergelykende tydperk. Hierdie styging is ondersteun deur 'n 7.7%-toename deur die professionele marksektor, terwyl kleinhandelomset met 0.2% afgeneem het.

Bruto marges het met 1.1% afgeneem weens hoër bestanddeelkoste ten opsigte van sjokolade- en neutprodukte. Logistieke bedrywighede is vereenvoudig deur toenemend van derde partye se vervoer-

en stoorfasiliteite gebruik te maak, wat in die oorgangstydperk tot 'n toename in verspreidingskoste gelei het. Marges het in die laaste kwartaal verstewig na 'n prysverhoging om hoër insetkoste te verhaal. Dit was in ooreenstemming met mededingers se optrede.

Oorhoofse koste het in 2006 met R4 miljoen toegeneem weens die amortisasie van die nuwe SAP-maatskappy-bedryfstelsel en 'n eenmalige koste van R4 miljoen om die skuld af te skryf van die tweede grootste kleinhandelkettling wat gedurende die jaar insolvent verklaar is. Die kleinhandelomgewing was baie mededingend en die groter kettlinggroepe het gesukkel met hul bedryfsvertonings en kontantvloei.

Suid-Afrika

2005/06 was die eerste jaar waarin die maatskappy se Groeistrategie 2010 geïmplementeer is. Volumegroei in die kleinhandel was 7.1%, beter as die strategiese doelwit om volumegroei van die historiese 2.3% tot 'n volhoubare 5-6% te verhoog. Groei het van al 10 handelsmerke en alle kategorieë (smaakmiddels, tee en margarien) gekom. Markaandeel is besig om in alle kategorieë toe te neem, veral sover dit gewone sop, vleisekstrakblokkies, slaaisouse, tee en margarien betref.

Omset het met R23.6 miljoen verminder as gevolg van die handelsmerkverkope van *Bovril*, *Marmite*, *Holsum*, *Maizena* en *Crispa*. Onderliggende verkope het met 5.8% en 3.5% in kleinhandel- en grootmaatverkope onderskeidelik toegeneem. Verhoogde verdienste is teengewerk deur 'n groter belegging in reklame, handelsmerkaktivering, pryseraanpassing en produkgehalte.

Rente op die aandeelhouderslening het afgeneem vanweë die terugbetaling van 'n gedeelte van die leningskapitaal. Remgro se gedeelte hiervan het R171.6 miljoen bedra.

UBR se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle is soos volg saamgestel:

| | 2006 | 2005 |
|---|------------------|-----------|
| | R miljoen | R miljoen |
| Verdiensle voor kapitale en nie-herhalende items | | |
| – Suid-Afrika | 108 | 91 |
| – Israel | 18 | 33 |
| | 126 | 124 |
| Min: Kapitale en nie-herhalende items teen wesensverdiensle verantwoord | (1) | (49) |
| Wesensverdiensle | 125 | 75 |
| Rente op die aandeelhouderslening na belasting | 21 | 30 |
| Bydrae tot wesensverdiensle | 146 | 105 |

TOTAL SOUTH AFRICA – ONGENOTEERD

Total South Africa (Eiendoms) Beperk (Total SA) het weer uitstekende resultate behaal vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 vanweë 'n groter markaandeel in die kleinhandel en verbeterde marges.

Die markaandeel van hoofbrandstowwe was 14.6% aan die einde van 2005 (2004: 14.8%). Terwyl die markaandeel van kleinhandel toegeneem het gedurende 2005, het Kommersieel en Spesialiteite hul bedrywighede gekonsolideer en gefokus op kliëntwingsgewendheid. Sodoende het hul markaandeel afgeneem. Die maatskappy het gedurende die jaar die hoë vlak van investering in sy bemarkingsaktiwiteite gehandhaaf. Beduidende aandag is hoofsaaklik aan veiligheid gegee as deel van die Total Groep se klem op gesondheids-, veiligheids-, omgewings- en kwaliteitsaangeleenthede.

Die resultate is ook positief geraak deur die volgehoue toename in die brandstofprys, wat op sy beurt gedryf is deur die opwaartse neiging in die VSA-dollar ru-olieprys en die waarde van die rand. Dit het gelei tot 'n toename in die waarde van voorraad op hande en raffineringsmarges.

ALGEMENE VERSLAG

BELEGGINGSOORSIG

NAMPAK

Nampak Beperk (Nampak) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het betrekking op sy resultate vir die twaalf maande tot 31 Maart 2006.

Nampak het onlangs 'n toename in wesensverdienste per aandeel van 10.3% tot 82.5 sent vir die ses maande geëindig 31 Maart 2006 gerapporteer, terwyl verdienste met 21.1% afgeneem het. Verdienste in die vergelykende tydperk het kapitaalwinste met verkoop van eiendomme ingesluit.

Uitgesluit Peters Papers, wat met ingang van 1 Maart 2005 verkoop is, het omset met 4% toegeneem danksy goeie groei in die Nigeriese bedrywigheede. Verkope in Europa het toegeneem weens aansienlike hoër verkope in die plastiekbesigheid spruitend uit die verkryging van twee binnefabriek suiwelbedrywigheede vroeg in 2005.

DISTELL

Distell Groep Beperk (Distell) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het betrekking op Distell se twaalf maande geëindig 31 Desember 2005.

Vir die jongste gerapporteerde sesmaandetydperk geëindig 31 Desember 2005 het Distell se omset met 11.2% tot R3.7 miljard toegeneem, terwyl verkoopsvolumes met 5.9% gestyg het. Plaaslike verkoopsvolumes het met 4.8% toegeneem. Internasionale verkoopsvolumes, met uitsluiting van Afrika, was 22.0% hoër en het gelei tot 'n 16.3%-toename in internasionale omset. Omset in Afrika-lande het met 9.2% toegeneem, terwyl verkoopsvolumes met 4.1% gestyg het.

Die toename van 21.0% tot R360.1 miljoen in Distell se wesensverdienste vir die ses maande geëindig 31 Desember 2005, SEB-koste uitgesluit, is te danke aan die styging in omset as gevolg van bemarking- en prysstrategieë.

Gedurende Oktober 2005 het Distell 'n SEB-transaksie beklink. Die koste van die transaksie vir Distell se aandeelhouers het R122.3 miljoen beloop, waarvan R55.0 miljoen oor 'n agtjaartydperk verantwoord word. Remgro se gedeelte van die nie-herhalende gedeelte van die SEB-koste vir die jaar geëindig Maart was R20 miljoen.

TSB SUIKER – ONGENOTEERD

Tsb Suiker RSA Beperk (Tsb Suiker) is hoofsaaklik betrokke by die verbouing van suikerriet en die produksie, vervoer en bemarking van geraffineerde en bruinsuiker en dierevoer. Bedrywigheede vind hoofsaaklik in die Nkomazi-streek van die Mpumalanga Laeveld plaas. Tsb Suiker se twee suikermeulens is naby Malelane en Komatipoort geleë. Suikerprodukte word bemark onder die gevestigde Selati-handelsmerk, wat markleierskap in sy teikenmark (Gauteng, Mpumalanga, Noordwes en Limpopo) geniet.

Verbeterde nasionale klimaatstoestande het die suikerindustrie se produksie in 2005/06 met 12.5% verhoog. Weens die droogte wat in die eerste drie kwartale van die jaar voortgeduur het, het Tsb Suiker se produksie slegs met 8.7% toegeneem. Die groter oes en 'n toename in wêreldsuikerpryse het 'n positiewe uitwerking op die finansiële prestasie van meulenaars en produsente in die industrie gehad.

Tsb Suiker se twee suikermeulens het 3.737 miljoen ton suikerriet (2005: 3.530 miljoen ton) gedurende die seisoen gemaak, met suikerproduksie van 461 057 ton rou suiker (2005: 422 868 ton). Die riet-tot-suikerverhouding van 8.1 vergelyk gunstig met die Suid-Afrikaanse industriegemiddelde van 8.4, wat op goeie produksiedoeltreffendheid by beide meulens dui.

Tsb Suiker bedryf 'n raffinadery by die Malelane Meulekompleks. Rou suiker wat van die maatskappy se suikermeulens ontvang word, word vir beide die binnelandse en uitvoermark

geraffineer. Die raffinadery het 329 689 ton (2004: 324 000 ton) geraffineerde suiker gedurende die jaar geproduseer.

Die voerbedrywigheid, Molatek, vervaardig 'n verskeidenheid veevoerprodukte. Die hoof grondstowwe (molasse en bagasse) wat in die produksieproses gebruik word, is neweprodukte van suikerproduksie.

Tsb Suiker belê ook in sitrus deur sy 51%-belang in Golden Frontiers Citrus (GFC). GFC besit drie sitrusplase waar pomelo's en lemoene vir die uitvoermark verbou, geoes en verpak word. Sitrusbemarking word deur Komati Fruits, 'n vennootskap tussen verskeie sitrusprodusente, onderneem.

GFC het 52 000 ton pomelo's en 24 000 ton lemoene gedurende die 2005-seisoen uitgevoer. 'n Uitvoerpersentasie van 70% (2005: 70%) is behaal deur die toepassing van beste praktyke rakende bewerking, besproeiingsmetodes en bestuur. Alhoewel GFC 'n rekordjaar beleef het ten opsigte van kwaliteit en hoeveelheid vrugte, het die negatiewe marktoestande in Japan 'n wesensverlies ten bedrae van R15 miljoen vir Tsb Suiker tot gevolg gehad.

Gedurende die jaar het die maatskappy 'n 27%-belang in Royal Swazi Sugar Corporation, wat twee suikermeulens in Swaziland besit en bedryf, verkry. Tsb Suiker het ook 'n effektiewe belang van 63.5% verkry in Mananga Sugar Packers, 'n suikerverpakkings- en bemarkingsmaatskappy in Swaziland wat suiker onder die First-handelsmerk in Swaziland en Suid-Afrika bemark.

Omset het met 21% tot R1 632 miljoen en netto wins met 26% toegeneem. Alhoewel Tsb Suiker se groepsresultate negatief deur die sitrusafdeling beïnvloed is, het die verstewiging van wêreldsuikerpryse bygedra tot 'n toename in wesensverdienste van R17.0 miljoen tot R52.2 miljoen.

Tsb Suiker se wesensverdienste is as volg saamgestel:

| | 2006 | 2005 |
|--------------------|------------------|-----------|
| | R miljoen | R miljoen |
| Suikerbedrywighede | 67.2 | 18.1 |
| Sitrusbedrywighede | (15.0) | (1.1) |
| | 52.2 | 17.0 |

Weens onlangse goeie reëns is voldoende besproeiingswater vir ten minste die volgende drie jaar verseker en rietproduksie behoort na normale vlakke terug te keer in 2008. Na verwagting sal suikerproduksie in die nuwe jaar minstens op dieselfde vlak as dié van die 2006 finansiële jaar wees. Die suikerprys het die afgelope jaar beduidend toegeneem en met die addisionele inkomste van die beleggings in Mananga Sugar Packers en Royal Swazi Sugar Corporation, verwag Tsb Suiker dat sy resultate vir die 2007 finansiële jaar wesentlik sal toeneem.

RAINBOW

Rainbow Chicken Beperk (Rainbow) se wesensverdienste het met 89.7% van R211.0 miljoen tot R400.3 miljoen toegeneem.

Rainbow se omset het met 1.8% toegeneem. Hoenderomset het met 5.1% toegeneem. Voedselinflasie het laag gebly en Rainbow se gemiddelde prysrealisasiegroei van 2% was die gevolg van 'n verbeterde produkmenngsel en verhoogde volumes, wat deels deur laer kontrakpryse aan die dienstesektor teengewerk is. Hoendervolumes het met 3.1% toegeneem, met bemoedigende groei in verkope aan teikenklante en -handelsmerke, wat grootliks teengewerk is deur 'n afname in verskaffing aan herverwerkers.

ALGEMENE VERSLAG

BELEGGINGSOORSIG

Epol is 'n kernelement in Rainbow se kosteketting. Sy strategiese prioriteite is kostedoeltreffende verkryging, meuldoeltreffendheid, uitbreiding van eksterne besigheid om sodoende beter kapasiteitsbenutting te verseker, asook die optimalisering van voerspesifikasies met betrekking tot Rainbow se Cobb-hoenderras om die laagste koste hoender daar te stel. Die voerindustrie bly onder druk weens oormatige kapasiteit, met gevolglike druk op marges. Daar is dus besluit om die Rooodepoort-meule te sluit ten einde die binnelandse volumes by die Rustenburg- en die Pretoria-meulens te konsolideer.

Epol is besig om sy volumes aan eksterne kliente te herstel na die voerbesmettingskwessie.

Die plaaslike hoenderindustrie bly bedag op die gevare van voëlgriep (VG). VG het onlangs in Asië, Europa en Afrika sover suid as Nigerië uitgebreek. Deur die Suider-Afrikaanse Plumveeraad, in samewerking met die Nasionale Departement van Landbou, het Rainbow en die plaaslike bedryf die klem op voorkoming laat val, met spesiale aandag aan bio-sekuriteit en verbeterde toesig, asook die monitering van tropgesondheid.

Rainbow se sterk vertoning spruit uit strategiese inisiatiewe wat daarop gemik is om hoendervolumes in geteikende klient- en handelsmerkprodukte te verhoog, en verkope aan nie-strategiese, nie-winsgewende derde partye te verminder. Hierdeur is die klient- en produkmengsel verbeter. Daarby het die doeltreffendheid van die verskaffingsketting verder verbeter, met Vector wat vir 'n volle jaar bygedra het en die voergrondstofstrategie wat laer insetkoste vir voer gelewer het.

AIR PRODUCTS – ONGENOTEERD

Air Products South Africa (Eiendoms) Beperk (Air Products) is die grootste industriële vervaardiger van suurstof, stikstof, argon, waterstof en koolstofdioksied in Suider-Afrika. Produkte word aan die staal-, chemiese, petroleumraffinerings- en die pulp-en-papiernywerheid verskaf, asook aan algemene vervaardigingsaanlegte en sweiswinkels. Die maatskappy verskaf ook gasse aan platinumraffinaderie en koper- en kobaltmelterye.

Die maatskappy spits hom toe op kostedoeltreffende oplossings in die verskaffing van gasse aan groot ondernemings deur middel van pypleidings vanaf groot terreinaanlegte en massavloei-stof-tenkwaens. Kleiner kliënte word direk deur 'n groot verskeidenheid silinders, minitenks en spesialiteitsgasse bedien, of deur 'n omvattende verspreidingsnetwerk.

Die maatskappy het sy marktaandeel in die verpaktegasbedryf vergroot deur die leiersposisie wat in die klein vloeibare- en minitenk/maksitenk-produkverskeidenheid gevestig is.

'n Nuwe aanleg, wat suurstof en stikstof aan Impala Platinum Raffinaderie sal verskaf, is in die proses om in diens gestel te word.

Air Products het 'n September-jaareinde. Vir die ses maande geëindig 31 Maart 2006 het Air Products se omset met 0.7% (2005: 11.6%) van R361.6 miljoen tot R364.2 miljoen toegeneem en sy wesensverdiensie met 0.9% (2005: 15.8%) van R62.3 miljoen tot R62.6 miljoen.

DORBYL

Dorbyl Beperk (Dorbyl) het 'n beduidende na-belaste wins ten bedrae van R698 miljoen met die verkoop van Alpine Engineering Products Inc. (Alpine) gerealiseer. Indien die effek van die waardedalingsverlies van R55 miljoen op bates en 'n uitsonderlike R15 miljoen-voorsiening op die tekort in Dorbyl se pensioenfonds in geneem word, het sy omset en bedryfswins uit voortgesette bedrywighede, wat grotendeels uit Dorbyl Automotive Technologies bestaan, onderskeidelik met 8% en 62% toegeneem.

Dorbyl se wesensverdienste per aandeel, wat die wins met die verkoop van Alpine uitsluit, het met 163% van 280.7 sent wesensverdienste per aandeel in 2005 tot 'n 176.1 sent wesensverlies per aandeel in 2006 afgeneem hoofsaaklik weens die SBM betaalbaar op 'n spesiale dividend van R26 per aandeel wat in Augustus 2005 na die verkoop van Alpine verklaar is.

WISPECO – ONGENOTEERD

Wispeco Holdings Beperk (Wispeco) se verkoopsvolumes het tydens die jaar onder oorsig met 16% toegeneem en die omset met 22%. Wesensverdienste het van R50 miljoen tot R61 miljoen toegeneem.

Hierdie toenames het meegebring dat die meeste van Wispeco se aanlegte tans teen byna volle kapasiteit bedryf word. Dienooreenkomstig is daar in die vierde kwartaal van 2005 begin met beplanning vir die uitbreiding van aanlegte. Om die Wispeco-filosofie van vinnige lewering gestand te hou, is hierdie uitbreidingsprogram tans in volle swang met beoogde inbedryfstelling voor die normale seisoenale opswaai wat jaarliks in Augustus begin.


Die ingebruikneming van die ekstrusiepers in Parow is teen einde September 2005 voltooi. In die komende jaar sal die uitbreidingsprogram deur die volgende gekenmerk word: nog 'n ekstrusiepers in Parow, 'n nuwe ekstrusiepers in KwaZulu-Natal, vier nuwe outomatiese poeierverfaanlegte (twee in Kaapstad en nog twee in Alrode), 'n vyftigpersent-uitbreiding van die anodiseringsaanleg in Alrode, die aankoop van twee bestaande verkoopsdepots (Almex en RF Metals – beide in Kaapstad) en aansienlike uitbreidings aan die bestaande Wispeco-verkoopsdepots in die drie hoofsentra. Laasgenoemde dryf nou handel onder die Conways-naam.

Opleidingsprogramme speel 'n belangrike rol in die uitbreidingsstrategie van Wispeco en sluit in: produktiwiteits- en leierskapprogramme gerig op verbetering op die produksievloer, basiese onderrig- en opleidingsprogramme vir fabriekswerkers, praktiese opleidingsprogram vir vervaardigers van aluminiumprodukte (klante) en opleidingsprogramme vir werkloos (deel van gemeenskapsdiens).

Industrie-opleidingsprogramme vir aluminiumvervaardigers, wat in die vorige jaar bekend gestel is, is steeds baie suksesvol en dra grootliks by tot die toename in aluminiumverbruik.

MYNBELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE



TRANS HEX

Trans Hex Groep Beperk (Trans Hex) het laer resultate gerapporteer en wesensverdienste per aandeel het met 67% van 86.2 sent tot 28.2 sent afgeneem.

Die gemiddelde verkoopprijs van ru diamante het in die tweede helfte van die jaar gedaal, die koste van diamante verkoop was hoër en die Angolese en mariene operasies het nie hul produksieteikens gehaal nie. Hierdie faktore, asook 'n na-belaste waardedalingsverlies op bates wat R150 miljoen bedra het, het 'n verlies per aandeel van 114.5 sent (verdienste per aandeel 2005: 92.0 sent) veroorsaak.

ALGEMENE VERSLAG

BELEGGINGSOORSIG

IMPLATS

Remgro se belang in Implats is 5% en slegs dividendinkomste word verantwoord.

KORPORATIEWE FINANSIES EN ANDER BELANGE

| | 2006 R miljoen | 2005 R miljoen |
|--------------------------|-------------------|-------------------|
| Sentrale tesourie | 146 | 98 |
| Netto korporatiewe koste | (56) | (76) |
| Ander belange | 6 | 6 |
| | 96 | 28 |

KORPORATIEF

Die sentrale tesourie-afdeling se bydrae tot Remgro se wesensverdiensie het van R98 miljoen tot R146 miljoen toegeneem. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan rente verdien op groter kontantbalanse gedurende die jaar onder oorsig.

Die netto na-belaste korporatiewe koste hierbo, wat salarisse, donasies en die koste van die aandeelaansporingskema insluit, het met R20 miljoen van R76 miljoen in 2005 tot R56 miljoen in 2006 afgeneem. Dit was hoofsaaklik weens die laer aandeleskema- en administratiewe koste.

ERKENNING

Dit was met leedwese dat die direksie van Remgro verneem het van die afsterwe op 4 Junie 2006 van mnr Eric Molobi, 'n nie-uitvoerende direkteur van die maatskappy vir baie jare.

Mnr Molobi sal onthou word as 'n ervare sakeman en leier van mense. Sy waardevolle raad en besondere insig in die ekonomiese en ontwikkelingskwessies van ons land sal ten seerste gemis word. Ons was bevoorreg om voordeel hieruit te put.

Die Remgro-direksie bring graag hulde aan 'n man wat trots Suid-Afrikaans was en sy lewe en sy loopbaan daaraan gewy het om landgenote op te hef en te bemagtig. Ons eer sy nagedagtenis en betuig ons innige meegevoel met sy naasbestaandes.

Aan almal wat die afgelope jaar tot die sukses van die groep bygedra het, dra ons ons hartlike dank oor: aan die aandeelhouers vir hul volgehoue vertroue; die besturende direkteure en alle kollegas in die onderskeie groepmaatskappye vir hul samewerking en ondersteuning; alle ander direkteure, amptenare en werknemers vir hul toewyding en ander belanghebbendes vir dienste gelewer.



Johann Rupert

Stellenbosch
22 Junie 2006



Thys Visser

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

OP 31 MAART 2006

| | Aantekeninge | Aandele gehou miljoen | Beurs- sluitings- prys | £ miljoen | Wissel- koers | 31 Maart 2006 R miljoen | 31 Maart 2005 R miljoen |
|---|--------------|-----------------------------|------------------------------|-----------|------------------|-------------------------------|-------------------------------|
| Tabakbelange | | | | | | | |
| R&R Holdings | | | | 3 200.5 | 10.6437 | 34 065 | 26 276 |
| – BAT-gewone aandele | 1 | 214.3 | 1 394 | 2 987.3 | | | |
| – Kontant en dividende ontvangbaar | | | | 213.6 | | | |
| – Ander netto bates | | | | (0.4) | | | |
| Finansiële dienste | | | | | | | |
| FirstRand | | 481.1 | 2 000 | | | 9 623 | 6 941 |
| RAB Beherend | | 274.1 | 2 915 | | | 7 990 | 5 874 |
| Absa Groep | | – | – | | | – | 4 629 |
| Sage Groep | | – | – | | | – | 120 |
| Sagecor | | – | – | | | 1 | 26 |
| Nywerheidsbelange | | | | | | | |
| Medi-Clinic Korporasie | | 171.0 | 2 065 | | | 3 531 | 2 732 |
| Unilever Bestfoods Robertsons | | | | | | 1 984 | 1 711 |
| Distell Groep | | 58.7 | 3 600 | | | 2 112 | 1 405 |
| Nampak | | 78.1 | 1 675 | | | 1 308 | 1 371 |
| Total South Africa | | | | | | 1 889 | 1 187 |
| Rainbow Chicken | | 172.8 | 950 | | | 1 642 | 1 124 |
| Tsb Suiker | | | | | | 1 260 | 1 028 |
| Air Products South Africa | | | | | | 801 | 606 |
| Dorbyl | | 14.1 | 1 362 | | | 191 | 422 |
| Wispeco | | | | | | 441 | 304 |
| Kagiso Trust Investments | | | | | | 710 | – |
| Caxton | | 7.8 | 1 500 | | | 117 | 89 |
| Mynbelange | | | | | | | |
| Implats | | 3.3 | 116 500 | | | 3 886 | 1 751 |
| Trans Hex Groep | | 30.2 | 1 201 | | | 363 | 529 |
| Gencor | | 38.0 | 20 | | | 8 | 6 |
| Ander | | | | | | | |
| Diverse beleggings en lenings | | | | | | 116 | 72 |
| Uitgestelde belastingbate/(-aanspreeklikheid) | | | | | | (417) | (107) |
| Ander netto bates/(laste) | | | | | | (100) | 390 |
| Kontant by die kern | | | | | | | |
| – Plaaslik | 2 | | | | | 4 066 | 782 |
| – Buiteland | 2 | | | 162.4 | 10.6437 | 1 729 | 312 |
| Intrinsieke netto batewaarde | | | | | | 77 316 | 59 580 |
| Potensiële KWB-aanspreeklikheid | | | | | | (1 699) | (1 141) |
| Intrinsieke netto batewaarde na belasting | | | | | | 75 617 | 58 439 |
| Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop en aandele in Die Remgro Aandeletrust (miljoen) | | | | | | 479.8 | 487.1 |
| INTRINSIEKE WAARDE PER AANDEEL | | | | | | R157.59 | R119.97 |

Aantekeninge

1. Dit verteenwoordig Remgro se effektiewe belang van 10.2% in BAT Plc.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale en geassosieerde maatskappye wat afsonderlik hierbo gewaardeer is.
3. Die potensiële kapitaalwinstbelasting (KWB)-aanspreeklikheid, wat ongeouditeer is, is bereken op die spesifieke-identifikasietegniek deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en met inagnome van die korporatiewe vrystellingsbepalings. Uitgestelde KWB op beleggings beskikbaar vir verkoop (Implats en Caxton) is onder "Ander" hierbo ingesluit.
4. Die genoteerde beleggings word teen beurspryse en ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon.

KORPORATIEWE BESTUUR

Remgro onderskryf die waardes van, en is ten volle verbind tot, die King II-verslag se Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag. Al die maatskappy se genoteerde filiale en geassosieerde maatskappye onderskryf die Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag waar toepaslik.

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Verwysing na “die maatskappy” mag ook beteken die maatskappy en sy volfiliale. Elke onderneming waarin die maatskappy belê, het sy eie bestuurstruktuur. Om sy verantwoordelikheid ten opsigte van risikobestuur na te kom, het Remgro die instandhouding van 'n wyer hersieningsprogram vir risikobestuur goedgekeur ten einde 'n samehangende benadering in die groep te verseker.

Die Remgro raad is ook 'n voorstander van goeie korporatiewe bestuur by al die ondernemings waarin die maatskappy belê. Effektiewe korporatiewe bestuur vorm deel van die beoordelingskriteria van Remgro se beleggingsplan. Dit word gemonitor deur middel van Remgro se nie-uitvoerende verteenwoordiging in daardie direksies.

Die “Global Reporting Initiative (GRI) Boundary Protocol” is gebruik as riglyn vir die opstel van hierdie verslag. Openbaarmaking is beperk tot ondernemings wat 'n wesentlike invloed op Remgro se volhoubaarheidsprestasie kan hê en ondernemings waar Remgro beheer uitoefen oor finansiële en bedryfsaangeleenthede, tensy daardie ondernemings self die relevante inligting in hul jaarverslae publiseer.

Hieronder volg die vernaamste aspekte van die maatskappy se korporatiewe bestuur.

DIREKSIE-HANDVES

Die direksie het 'n formele handves aanvaar en geïmplementeer om:

- die verantwoordelikhede, funksies en samestelling van die direksie te identifiseer, te omskryf en te boekstaaf, en
- as verwysing te dien vir nuwe direkteure.

Die handves word deur alle direkteure van Remgro Beperk onderskryf en is by die geregistreerde adres beskikbaar vir insae.

Na besinning oor die onderstaande is die direksie tevrede dat die vereiste handeling, soos vervat in die handves, in die jaar onder oorsig uitgevoer is.

SAMESTELLING VAN DIREKSIE

Remgro het 'n ten volle funksionele direksie wat die groep lei en beheer. Op 31 Maart 2006 het die direksie uit vyf uitvoerende en tien nie-uitvoerende direkteure, waarvan ses onafhanklik is, bestaan.

Die funksies van die voorsitter en die hoofuitvoerende beampste is geskei. Die voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur, maar is nie onafhanklik nie.

'n Lys van direkteure verskyn op bladsy 10 en 11.

ROL EN VERANTWOORDELIKHEID

Die direksie is uiteindelik verantwoordelik vir die strategiese rigting, risiko-aptit, prestasie en sake van die maatskappy. In sy rigtinggewende funksie aan die groep verskaf die direksie leierskap, integriteit en oordeel, gegrond op billikheid, aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en deursigtigheid, ten einde die voortgesette voorspoed van die groep te verseker.

Na die goedkeuring van bedryfs- en beleggingsplanne en strategieë, bemagtig die direksie die uitvoerende bestuur om dit te implementeer en tydige, akkurate en toepaslike terugvoering te gee oor die vordering wat gemaak word.

Die direksie bly aanspreeklik vir die algehele sukses van goedgekeurde strategieë, gegrond op waardes, doelwitte en die vereistes van belanghebbendes en vir die proses en beleid wat die integriteit van risikobestuur en interne beheer verseker. Die direksie is die sentrale punt van die groep se korporatiewe bestuur en dit is sy verantwoordelikheid om toe te sien dat aan alle toepaslike wette, regulasies en kodes van beste sakepraktyke voldoen word.

Die direksie is verantwoordelik vir die monitering van die groep se bedryfs- en beleggingsprestasie, wat finansiële en nie-finansiële aspekte insluit. Dit is ook verantwoordelik om toe te sien dat prosedures en praktyke in plek is om te verseker dat die maatskappy se bates en reputasie beskerm word.

Die direksie het die volgende subkomitees daargestel om hom te help om sy verpligtinge en verantwoordelikhede na te kom:

- ♦ **Die vergoedings-en-nominasiekomitee**, bestaande uit vier nie-uitvoerende direkteure, adviseer die direksie oor die vergoeding en diensterme van alle direkteure en senior bestuurslede en is verantwoordelik vir opvolgbeplanning. Daarby neem dit jaarliks deel aan die beoordeling van direkteure. Die komitee is ook verantwoordelik vir die benoeming van direkteure. Direkteure het nie langtermynkontrakte of buitengewone voordele verbonde aan die beëindiging van hul diens nie. Die voorsitter van die direksie is voorsitter van hierdie komitee. Die hoofuitvoerende beampte woon vergaderings op uitnodiging by.

Die komitee het 'n formele mandaat en sy doeltreffendheid word daarvolgens deur die direksie beoordeel.

- ♦ **Die audit-en-risikokomitee**, bestaande uit drie nie-uitvoerende direkteure en een uitvoerende direkteur, beoordeel die geskiktheid en doeltreffendheid van die volgende: die finansiële verslaggewingsproses; die stelsel van interne beheer; die bestuur van finansiële, beleggings-, tegnologiese en bedryfsrisiko's; risikobefondsing; die interne en eksterne auditprosesse; die maatskappy se proses waarvolgens nakoming van wette en regulasies gemonitor word; sy eie kode van sakeoptrede; en prosedures wat ingestel word om die maatskappy se bates te beskerm. 'n Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur is voorsitter van die komitee.

Die komitee het 'n formele mandaat en sy doeltreffendheid word daarvolgens deur die direksie beoordeel.

- ♦ **Die uitvoerende komitee**, bestaande uit al vyf uitvoerende direkteure, vergader gereeld tussen direksievergaderings om sake te hanteer wat deur die direksie gedelegeer is.

Die direksie is verantwoordelik vir die aanstelling en oriëntering van nuwe direkteure. Nie-uitvoerende direkteure word aangestel op grond van hul wyer kennis en ondervinding en van hulle word verwag om effektief aan besluitneming en die formulering van strategieë en beleid deel te neem.

Uitvoerende direkteure dra hul insig van die dag-tot-dag-bedrywighede by, wat die direksie in staat stel om doelwitte te identifiseer, rigting te gee en die lewensvatbaarheid te bepaal van strategieë wat voorgestel word. Hierdie direkteure is oor die algemeen verantwoordelik vir die implementering van alle bedryfsbesluite.

KORPORATIEWE BESTUUR

VERGADERINGS EN KWORUM

Die statute van die maatskappy vereis dat drie direkteure 'n kworum vorm vir direksievergaderings. 'n Meerderheid van lede, met verkieslik 'n beduidende teenwoordigheid van nie-uitvoerende direkteure, word vereis vir komiteevergaderings.

Die direksie vergader minstens ses keer per jaar. Die oudit-en-risikokomitee kom minstens vier keer per jaar bymekaar, terwyl die vergoedings-en-nominasiekomitee minstens een keer per jaar vergader.

WESENTLIKHEID EN GOEDKEURINGSRAAMWERK

Sake van wesentlike of strategiese aard, wat 'n invloed op die reputasie van die maatskappy mag hê, word na die direksie verwys. Ander sake word, soos opgedra deur die direksie, op senior bestuursvlak aangespreek.

Die notules van al die komiteevergaderings word aan direksielede gestuur. Sake wat die direksie se aandag moet geniet of 'n direksiebesluit vereis, word uitgelig en as agendapunte vir die volgende direksievergadering ingesluit.

VERGOEDINGSBEGINSELS

Die maatskappy se beleid, wat as riglyn dien vir die vergoeding van alle direkteure en senior bestuur, het die volgende ten doel:

- Die behoud van die dienste van bestaande direkteure en senior bestuur
- Die werwing van potensiële direkteure en senior bestuurders
- Die verskaffing van vergoeding wat billik en regverdig is aan direkteure en senior bestuur
- Om te verseker dat geen diskriminasie plaasvind nie
- Die erkenning en aanmoediging van prestasie wat buitengewoon is en waarde toevoeg

In ooreenstemming met hierdie doelwitte evalueer die vergoedings-en-nominasiekomitee jaarliks die bydrae van elke direkteur en senior bestuurslid en word jaarlikse salarisaanpassings daarvolgens bepaal. Vir hierdie doel word ook salarisopnames wat deur onafhanklike organisasies gemaak is, in ag geneem.

PLIGTE VAN DIREKTEURE

Die Maatskappywet lê direkteure sekere verpligtinge op en bepaal dat hulle die nodige omsigtigheid en vaardigheid moet aanwend in die uitvoering van hul pligte. Om te verseker dat dit gebeur, word bestepraktijk-beginsels, soos vervat in die King II-verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika, toegepas.

Die direksie is ook verantwoordelik vir die formulering van die maatskappy se kommunikasiebeleid en om seker te maak dat woordvoerders van die maatskappy dit nakom. Hierdie verantwoordelikheid sluit duidelike, deursigtige, gebalanseerde en waarheidsgetroue kommunikasie aan aandeelhouers en relevante belanghebbendes in.

Na evaluasie ingevolge die onderskeie handveste is die direkteure van mening dat die raad en sy subkomitees alle verantwoordelikhede nagekom het.

KONFLIKTE

Meganismes is in plek om enige potensiële belangebotsing raak te sien, daarop te reageer en dit te bestuur. Direkteure onderteken minstens een keer per jaar 'n verklaring dat hulle nie bewus is van enige botsing van belange wat mag bestaan vanweë hulle belang in, of verbintenis met enige ander maatskappy nie. Daarbenewens verklaar die direkteure hul belange in kontrakte wat vir die maatskappy se besigheid van belang is en neem hulle nie deel aan die stemproses oor die aangeleenthede nie.

Alle inligting wat direkteure in die uitvoering van hulle pligte bekom en wat nie openbaar gemaak word nie, word as vertroulik beskou en direkteure mag nie sulke inligting gebruik, of skyn te gebruik, vir persoonlike gewin of tot voordeel van derde partye nie.

Van alle direkteure van die maatskappy word verwag om die Remgro Gedragskode en die voorskrifte van die JSE Beperk (JSE) insake binne-inligting, transaksies en die openbaarmaking van transaksies na te kom.

MAATSKAPPYSEKRETARIS EN PROFESSIONELE ADVIES

Alle direkteure is geregtig daarop om onafhanklike professionele advies oor die sake van die groep te bekom op koste van die maatskappy.

Alle direkteure het onbeperkte toegang tot die dienste van die maatskappysekretaris wat moet toesien dat behoorlike korporatiewe bestuursbeginsels nagekom word en daarvoor aan die direksie verantwoordelik is. Direksie-oriëntering of -opleiding word gedoen, soos nodig geag.

LOPENDE SAAK

Die direksie oorweeg minstens een keer per jaar die lopendesaak-status van die groep aan die hand van die volgende:

- Netto beskikbare fondse en die likiditeit daarvan
- Die groep se restante risikoprofiel
- Wêreldekonomiese gebeure
- Die volgende jaar se strategiese sakeplan, begrotings en kontantvloeiëramings
- Die groep se huidige finansiële posisie

DIENSMATSKAPPY

'n Ooreenkoms is aangegaan met 'n diensmaatskappy, M&I Bestuursdienste (Eiendoms) Beperk (M&I), om bestuurs- en ondersteunende dienste aan Remgro te verskaf. Die aandeelhouers van M&I is werknemers van M&I, wat al die uitgereikte gewone aandele besit. Geen dividende is verklaar nie. Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk besit al die A-gewone aandele van M&I. Die A-gewone aandele het slegs stemreg, maar het geen regte tot die inkomste of bates van M&I nie.

Remgro betaal fooie aan M&I wat die oorhoofse koste ten opsigte van die bestuur van Remgro dek. Hierdie fooie sal nie 0.463% per jaar van die markkapitalisasie van Remgro, bereken op 'n gemiddelde maandelikse basis, oorskry nie. Hierdie persentasie mag nie oorskry word sonder dat 75% van alle klasse aandeelhouers van Remgro daartoe instem nie. Die fooie vir die afgelope jaar word in aantekening 17 by die finansiële jaarstate uiteengesit.

RISIKOBESTUUR EN INTERNE BEHEER

In die bepaling van strategiese doelwitte het die direksie seker gemaak dat al die risiko's verstaan word wat inherent is tot die maatskappy se beleggingsportefeulje met die oog daarop om volhoubare winste en groei te maksimaliseer. Hierdie risiko's word voortdurend gemeet aan die risiko-aptiyt, soos deur die direksie bepaal.

Die risikokategorieë wat geïdentifiseer is, is in breë trekke soos volg:

- **Prestasierisiko** hou verband met risiko's wat deur die direksie bestuur word en sluit strategiese risiko, geleentheidsrisiko, reputasierisiko, likiditeitsrisiko, asook risiko's ten opsigte van korporatiewe bestuur, sosiale verantwoordelikheid en die verhouding met belanghebbendes in.

KORPORATIEWE BESTUUR

- ♦ **Beleggingsrisiko** verwys na risiko's inherent tot bestaande beleggings. Die direksie het die verantwoordelikheid vir beleggingsrisikobestuur na die direksies van die onderskeie maatskappye waarin belê word, gedelegeer. Die Remgro-direksie monitor dat hierdie gedelegeerde verantwoordelikhede nagekom word deur eie lede in 'n nie-uitvoerende hoedanigheid in daardie direksies te benoem.
- ♦ **Bedryfsrisiko** sluit in bedryfsdoeltreffendheid, die beveiliging van bates, nakoming van relevante wette en regulasies, betroubaarheid van verslae, effektiewe bedryfsrisikobestuur, menslike hulpbronne-riisiko, tegnologiesrisiko, sakevoortsetting en risikobefondsing.

Die direksie het 'n omvattende risikobestuurstelsel opgestel en geïmplementeer wat voorsiening maak vir volgehoue risikovasstelling en -beoordeling en die vaslegging van interne beheer.

Die ondernemingswye risikobestuurstelsel van toepassing op die maatskappy is soos volg:

- ♦ **Groeprisiko-analise**
Die doel van die groeprisiko-analise is om die groep se gekonsolideerde risikoprofiel te herbevestig en op datum te hou. Dit verseker dat die risikoprofiel, per belegging en in die geheel, binne die risiko-toleransie bly wat die direksie bepaal het en dat tydig op nuwe risiko's gereageer word.
- ♦ **Aktiwiteitsrisikowaardering**
Die aktiwiteitsrisikowaardering verfyn verder die maatskappy se risikowaardering op hoofaktiwiteitsvlak met die oog daarop om doelwitte te bereik en toe te sien dat risikobestuursinisiatiewe voldoende voorrang geniet en toepaslik befonds word.
- ♦ **Bedryfsrisikobestuur**
Die direksie beïnvloed die beheeromgewing deur die daarstelling van etiese waardes en 'n organisasiekultuur en sien toe dat bestuurstyle, gedelegeerde magte, sakeplanne en bestuursbevoegdheid voldoende en doeltreffend is.

Bedryfsrisiko's word hoofsaaklik deur interne beheer bestuur. Dit is 'n proses wat ontwerp is om redelike gerusstelling te verskaf ten opsigte van die bereiking van organisasie-doelwitte en die beperking van verlies of wanvoorstelling binne aanvaarbare perke. Die mate waarin die maatskappy se risikokoste daal, is die maatstaf waaraan die doeltreffendheid van risikobestuur gemeet word.

Risikobestuursbeginsels, tesame met interne beheermaatreëls, is in die daaglikse aktiwiteite van die maatskappy beliggaam. 'n Outomatiese risikobestuursmeganisme, Risk Minimiser®, ondersteun die proses en gee aan lynbestuurders 'n selfwaarderingsvermoë deur beheermaatreëls, gekoppel aan sleutelprestasie-aanwysers, in daaglikse aktiwiteitslyste te vertolk. Die stelsel ondersteun die waardes van deursigtigheid, onderlinge respek en aanspreeklikheid. Die belangrikste uitsette van die stelsel sluit die volgende in:

- ♦ Gerusstelling sover dit die nakoming van beheermaatreëls betref
- ♦ Verslae ten opsigte van die afwyking van beheermaatreëls
- ♦ Werklike risikoprofiel gegrond op geldige inligting
- ♦ Koste van risiko en die monitering van voorvalle
- ♦ Elektroniese verspreiding van alle relevante beleide, prosedures, wette en praktyke vanaf gesentraliseerde, bygewerkte databasisse
- ♦ Geoutomatiseerde kommunikasie en die monitering van beheerversterkende aktiwiteite

Bestuurstrukture is daargestel om na sekere hoofrisiko-aktiwiteite om te sien, insluitende veiligheid, gesondheid, omgewing, batebeskerming, belasting en risikobefondsing.

- ♦ **Tesourie**

Gegewe die aard en omvang daarvan, word die beheer van tesourie-risiko as belangrik beskou. Die groep maak gebruik van die sentrale tesourie-afdeling van M&I, wie se verantwoordelikheid dit is om, ooreenkomstig 'n geskrewe mandaat, die risiko's verbonde aan opbrengskoerse en nakomingsvereistes, likiditeit, beleggings-, finansierings- en valutatransaksies te bestuur.

'n Tesouriekomitee, saamgestel uit genomineerde lede van die risiko-en-ouditkomitee en senior bestuur, is verantwoordelik vir die daarstelling van beleid en prosedures, asook duidelik gedefinieerde bevoegdheidsvlakke en gee gereelde terugvoering aan die direksie. Die tesouriebeleid verseker ook dat die opbrengs op kontantreserwes geoptimaliseer word met inagneming van beleggings- en kredietrisiko's en die groep se likiditeitsvereistes.

- ♦ **Risikobefondsing**

Risikobefondsing word beskou as 'n kapitaalkoste-aktiwiteit wat daarop gemik is om die maatskappy se blootstelling te verminder ten opsigte van risiko's van rampspoedige omvang of risiko's wat nie kostedoeltreffend bestuur kan word nie.

- ♦ **Geïntegreerde gerusstelling**

Die direksie maak nie alleen staat op die beheerde neergelegde proses nie, maar ontvang en oorweeg ook gereeld verslae oor die doeltreffendheid van risikobestuursfunksies. Die audit-en-risikokomitee verseker dat die gerusstellingsfunksies van bestuur, asook interne en eksterne audit, voldoende geïntegreer is.

Die onderskeie verskaffers van geïntegreerde gerusstelling aan die direksie sluit die volgende in:

- ♦ Die uitvoerende komitee en senior bestuur oorweeg die maatskappy se risikostrategie en -beleid en die doeltreffendheid daarvan.
- ♦ Die audit-en-risikokomitee oorweeg die geskiktheid van risikobestuurstrategieë, stelsels van interne beheer, risikoprofiel, wetsvoldoening, interne en eksterne auditverslae en beoordeel ook die onafhanklikheid van die ouditeure, die omvang en aard van hulle verbintenisse, dekking en bevindinge. Hierdie komitee kyk ook na die vlak van openbaarmaking in die jaarverslae en die toepaslikheid van beleid deur bestuur aanvaar, die etiekregister en ander gerapporteerde verliessituasies. Die direksie beoordeel die werking van die audit-en-risikokomitee aan die hand van sy handves.

INTERNE OUDIT

Die maatskappy het 'n interne auditfunksie wat aan M&I se Risikobestuurs- en Interne Ouditafdeling uitgekontraakteer is. Dit is 'n effektiewe, onafhanklike waarderingfunksie wat 'n risikogebaseerde auditbenadering volg in ooreenstemming met die Instituut vir Interne Ouditeure (IIO) se definisie van interne audit en vervat is in 'n handves deur die direksie goedgekeur. Die hoof van hierdie afdeling het direkte toegang tot die voorsitter van die audit-en-risikokomitee, sowel as die voorsitter van die groep.

EKSTERNE OUDIT

Die maatskappy se eksterne ouditeure woon alle vergaderings van die audit-en-risikokomitee by en het direkte toegang tot die voorsitter van die audit-en-risikokomitee. Hul auditdekking is voldoende geïntegreer met die interne auditfunksies sonder dat die omvang daarvan enigsins beperk word.

Ander dienste wat deur die ouditeursfirma verskaf word, sluit hoofsaaklik belasting-aangeleenthede in en dit word hanteer deur 'n afdeling wat onafhanklik van die auditvennote is. Onafhanklikheid word verder verseker deur aanstellingsterme.

KORPORATIEWE BESTUUR

Die audit-en-risikokomitee het die risikobestuursprogramme en interne beheerstelsels van die maatskappy en sy afhanklike volfiliale vir die finansiële jaar tot 31 Maart 2006 nagegaan. In hierdie verband word Tsb Suiker en Wispeco as onafhanklik beskou. Die direkteur is van mening dat, op grond van navrae wat gedoen is en die verslae wat van die interne en eksterne ouditeure ontvang is, die risikobestuursprogramme en interne beheerstelsels in die tydperk onder oorsig doeltreffend was.

Die audit-en-risikokomitee is ook tevrede dat die auditkomitees van die maatskappy se onafhanklike filiale en geassosieerde maatskappye behoorlik funksioneer.

VERHANDELINGS IN SEKURITEITE

Ingevolge die noteringsvereistes van die JSE het die maatskappy 'n gedragskode aanvaar sover dit binnehandel betref. Gedurende die geslote tydperk word direkteure en aangewese werknemers verbied om handel te dryf in die maatskappy se aandele. Buite geslote tydperke mag direkteure en aangewese werknemers slegs met toestemming van die voorsitter of besturende direkteur in die maatskappy se aandele handel dryf. Die geslote tydperk duur vanaf die sluiting van die finansiële verslagtydperk tot die publikasie van die resultate vir daardie tydperk. Bykomende geslote tydperke mag van tyd tot tyd verklaar word indien omstandighede dit vereis.

JSE SRI INDEKS

Remgro neem deel aan die "JSE SRI" as deel van sy korporatiewe akkrediteringsproses. Remgro het sedert die aanvang van die indeks voldoen aan die gestelde kwalifiserende kriteria. Die direksie is trots op die groep se prestasie in die huidige jaar se evaluering waar Remgro onder die top drie presteerders gelys word in die "lae omgewingsimpak"-kategorie.

BYWONING VAN VERGADERINGS

| | Direksie | Uitvoerende komitee | Oudit-en- risiko- komitee | Vergoedings-en- nominasie- komitee |
|----------------------------------|----------|------------------------|---------------------------------|--|
| Aantal vergaderings gehou | 6 | 7 | 6 | 1 |
| Bywoning deur direkteure | | | | |
| J P Rupert | 5 | | | – |
| M H Visser | 6 | 7 | | |
| P E Beyers | 4 | | | |
| W E Bührmann | 6 | 7 | | |
| G D de Jager | 6 | | | |
| J W Dreyer | 6 | | | |
| D M Falck | 6 | 6 | 6 | |
| P K Harris | 6 | | | 1 |
| E de la H Hertzog | 6 | | | |
| E Molobi | 2 | | | |
| J F Mouton | 6 | | 6 | 1 |
| J A Preller | 5 | 7 | | |
| D Prins | 6 | | 6 | |
| F Robertson | 6 | | 5 | 1 |
| T van Wyk | 6 | 7 | | |

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

Aangesien Remgro 'n beleggingshouermaatskappy is, word openbaarmaking ten opsigte van volhoubaarheid beperk tot die maatskappy self en sy volfiliale, insluitende Wispeco en Tsb Suiker. Sosiale en volhoubaarheidsverslaggewing deur genoteerde entiteite en private geassosieerde maatskappye waarin beleggings gehou word, verskyn in die jaarverslae van daardie ondernemings.

Die belangrikste aspekte om te rapporteer, is soos volg:

VERHOUDINGE MET BELANGHEBBENDES

Die volgende word as belanghebbendes van die maatskappy erken:

- Aandeelhouers en leners as verskaffers van kapitaal
- Die staat as beleidmaker en reguleerder
- Die beleggingspubliek as 'n belangegroep
- Die gemeenskap, vanweë die skep van werkgeleenthede, as gedeeltelike begunstigde van die belasting wat winsgewende organisasies betaal en as ontvanger van sosiale bydraes

Die direksie hersien gereeld sy strategieë, met inagneming van die behoeftes van belanghebbendes, om ewewigtige langtermyn groei, en die lewensvatbaarheid van die maatskappy en die omgewing waarin hy funksioneer, te verseker.

GROEPETIEK

Dr Anton Rupert, stigter van die groep wat vandag Remgro Beperk insluit, het meer as 40 jaar gelede riglyne opgestel vir die suksesvolle bedryf van sake. Hierdie riglyne het ontwikkel in wat vandag Remgro se waardes is. Die maatskappy glo dat die gees waarin dit streef om 'n goeie korporatiewe burger te wees, in hierdie waardes beliggaam is. Dit glo verder dat etiese gedrag spruit uit die waardesisteen wat deur die direksie gekommunikeer en gedemonstreer word.

Remgro se verbintenis tot etiese gedrag is in die volgende gedokumenteer:

- Etiese kode
- Geskenkebeleid
- Internetbeleid
- Dissiplinêre kode

VEILIGHEID EN DIE OMGEWING

Die maatskappy het 'n veiligheid-en-gesondheidskomitee wat saamgestel is ingevolge die Wet op Beroepsgeondheid en Veiligheid. Die komitee help die direksie om seker te maak dat die maatskappy 'n veilige, gesonde en risikovrye omgewing vir sy personeel en besoekers bied en sien toe dat beheermaatreëls om risiko's te beperk doeltreffend is en toegepas word.

Die meeste van die maatskappy se kernbedrywighede word as van 'n lae impak beskou sover dit die uitwerking daarvan op die omgewing betref.

Die maatskappy meet sy huidige omgewingspraktyke aan die norme wat deur die Global Reporting Initiative™ (GRI)-raamwerk gestel word. Dit sluit die volgende in:

- Materiale
- Energie
- Water
- Biodiversiteit
- Uitlatings, uitvloeiels en afval
- Verskaffers
- Produkte en dienste
- Voldoening
- Vervoer

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

Waar nodig geag, word gebruik en impak gekwantifiseer en aan beste praktyke gemeet. Indien toepaslik, word die nakoming van veiligheid-, gesondheid- en omgewingstelsels teen formele standaarde, soos ISO, gemeet en aan onafhanklike oorsig onderwerp. Onafhanklike direksies monitor kapitaalprojekte wat daarop gerig is om die omgewingsimpak te verminder deur middel van toenemende bio-afbreekbare herwinning.

Tsb Suiker het prestasiedoelwitte gestel om sy omgewingsimpak te beperk. Bagasse, 'n neweproduk van die suikerproduksieproses, word gebruik om elektrisiteit op te wek. Ongeveer 60% van Tsb Suiker se elektrisiteitsbehoefte word opgewek deur middel van bagasse. Surplus elektrisiteit word teruggeplaas in die Eskom nasionale netwerk.

MIV/VIGS-BELEID

Gedurende Februarie 2003 het die GRI 'n brondokument gepubliseer om as rapporteringsriglyn te dien vir MIV/vigs. Aangesien die GRI Suid-Afrika gekies het as die ontwikkelingsgebied vir hierdie brondokument, wat uiteindelik 'n tegniese protokol moet word, het Remgro die dokument as sy standaard vir rapportering aanvaar.

Uit 'n beleggingshouermaatskappy se perspektief bestaan die risiko verbonde aan MIV/vigs uit twee elemente, naamlik:

GROEPRISIKO

Gegewe die potensiële uitwerking van MIV/vigs op markte, menslike kapitaal, die koste van indiensneming en die bedryfsprosesse van ondernemings waarin belê is, word hierdie risiko bestuur binne die strukture wat in die onderskeie maatskappye bestaan.

Die vordering van hierdie beleid en strategieë word aan die hand van bestepaktyk-standaarde gemonitor.

MAATSKAPPYRISIKO

Remgro en M&I het 'n formele MIV/vigs-beleid en is verbind tot daadwerklike stappe om die pandemie, en die besigheidsrisiko's daaraan verbonde, te bestuur. Die beleid maak onder andere vir die volgende voorsiening:

- + Dat alle wetlike verpligtinge met betrekking tot MIV/vigs nagekom word
- + Dat daar op geen wyse teen werknemers of potensiële werknemers gediskrimineer word op grond van hul MIV-status nie
- + Dat inligting oor die MIV-status van werknemers streng vertroulik gehanteer word
- + Dat algemene maatreëls ingestel en bestuur word om toevallige besmetting te voorkom

Remedi Mediese Hulpskema, waaraan die meeste M&I-personeel behoort, beskik oor 'n bestuursplan vir MIV/vigs waaraan werknemers volgens hul keuse deelneem.

WERKNEMERS

Opsomming van die werknemers van bedryfsfiliale

| | 2006 | 2005 |
|--|---------------|--------|
| Medi-Clinic Korporasie* | – | 11 635 |
| Rainbow Chicken | 6 686 | 6 375 |
| Wispeco | 888 | 768 |
| Tsb Suiker (kontrakwerkers uitgesluit) | 2 308 | 2 400 |
| Ander | 10 | 11 |
| | 9 892 | 21 189 |
| M&I** | 188 | 195 |
| | 10 080 | 21 384 |

* Medi-Clinic is slegs vir nege maande gekonsolideer en word vanaf 1 Januarie 2006 as 'n geassosieerde maatskappy verantwoord.

** M&I, die diensmaatskappy van die groep, se werknemers is hierbo ingesluit.

Die direksies van die onderskeie bedryfsfiliale is verantwoordelik vir hul eie strategie met betrekking tot diensbillikheid, MIV/vigs-programme, opleiding en ander personeelaangeleenthede en verdere ontledings in kategorieë word dus nie hier verstrek nie.

PANDEMIES

As deel van die groep se bewustheid van gemeenskaprisiko word pandemiese risiko's, onder andere voëlgriep, gemonitor en sal toepaslike stappe geneem word waar nodig.

DIENSBILLIKHEID

M&I, die diensmaatskappy, streef daarna om, in ooreenstemming met die Wet op Gelyke Indiensneming, aan alle werknemers die geleentheid te bied om hulle volle potensiaal te verwesenlik.

M&I se bestuur en personeel is deurlopend betrokke by die bepaling van opleidings- en ontwikkelingsbehoefes, asook by die implementering en monitering van 'n arbeidsplan. Aandag word veral gegee aan dié groepe wat om historiese redes 'n agterstand mag hê.

In ooreenstemming met die vereistes van die Wet op Gelyke Indiensneming dien M&I jaarliks 'n arbeidsplan by die Departement van Arbeid in.

Vanweë die aard van sy werksaamhede, om onder andere kerndienste aan Remgro te verskaf, word M&I se arbeidsmag deur die volgende gekenmerk:

- 'n Hoë vlak van kundigheid in die topstruktuur van die organisasie en in die onderskeie gespesialiseerde afdelings
- 'n Jongwerknemersprofiel, veral wat bestuur betref
- 'n Lae arbeidsomset wat beperkte geleenthede vir nuwe aanstellings meebring

M&I glo dat die gehalte van sy personeel 'n belangrike, volhoubare, mededingende voordeel is. Daarom glo hy dat sy sukses nie in die eenvormigheid van sy personeel lê nie, maar in die verskeidenheid en die ontwikkeling van hul kollektiewe vaardighede. Daarvoor sal altyd ruimte en geleenthede geskep word.

Menslike hulpbronne-beleid en -prosedures spreek ook die aangeleenthede van nie-diskriminasie, kinderarbeid, dissiplinêre praktyke, menseregte, ens. aan.

SEB – SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Die direksie glo dat SEB 'n sosiale, politieke en ekonomiese noodsaaklikheid is en ons ondersteun die maatskappy se filiale en geassosieerde maatskappye se inisiatiewe om in hul bedrywe stukrag aan die SEB-proses te gee. Hoewel die ideaal is om persone te ondersteun om hul volle potensiaal te verwesenlik, is besondere fokus nodig op diegene wat weens historiese redes agterstande het. Die doel is om hulle toe te rus om op meriete in die mark te kan meeding. Ons sien uit na die dag wanneer alle Suid-Afrikaners, veral ons kinders, ten volle op 'n nie-rasse- en gelyke grondslag aan ons ekonomie kan deelneem.

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

SOSIALE BELEGGING

Korporatiewe burgerskap, naamlik die verbintenis van 'n maatskappy om op 'n volhoubare wyse tot ekonomiese ontwikkeling by te dra, onderskryf die beginsel dat geen besigheid in isolasie bestaan nie, maar onmiskenbaar deel is van die omgewing waarin sake gedoen word. In sy verhoudinge met alle belanghebbendes (kliënte, personeel en die gemeenskap) streef Remgro daarna om 'n waardevennoot te wees.

Skenkings aan verdienstelike instansies word meesal oor termyne gemaak en word nie oor so 'n wye gebied versprei dat die uitwerking daarvan onbeduidend raak nie. Die afgelope jaar was die maatskappy onder andere by die volgende projekte en instansies betrokke:

ENTREPRENEURSKAP EN OPLEIDING

Remgro het enkele jare gelede bygedra tot 'n lening aan die Vredesparkestigting (PPF) om die werksaamhede van die *SA Kollege vir Toerisme* op Graaff-Reinet en die *Suider-Afrikaanse Natuurlewekollege* naby die grens van die Kruger Nasionale Park in stand te hou. Beide kolleges is by praktiese opleiding, asook werkskepping betrokke.

SA Kollege vir Toerisme – het in 2005 nog 'n geslaagde jaar gehad toe 29 vroue uit tien Suider-Afrikaanse lande gegradueer het. Die kollege op Graaff-Reinet lei hoofsaaklik jong swart vroue uit voorheen benadeelde gemeenskappe op vir loopbane in die gasvryheidsbedryf. In haar toespraak by die gradeplegtigheid het die koningin van Lesotho genoem dat die kollege die enigste opleidingsentrum in die substreek is wat vroue van Afrika met bestuursvaardighede toerus vir die gastehuisbedryf en dat hierdie bedryf 'n belangrike rol in armoedeverligting speel.

Naas hul praktykgerigte vakke, doen die studente gedurende hul studiejaar ook uitstekende ondervinding op by bankette, konferensies en ander onthale wat by die Panorama-gastehuis op Graaff-Reinet aangebied word. Hulle dienste is ook andersins in aanvraag, waardeur 'n hegte band met die plaaslike gemeenskap gebind word.

Suider-Afrikaanse Natuurlewekollege – naby Hoedspruit in Mpumalanga verskaf unieke geleenthede aan studente van verskillende lande, kulture en agtergrond om gedagtes oor die bestuur en volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne in die substreek met mekaar te deel. Oorgrensbewaringsgebiede is 'n belangrike fokus van die kollege en sowel die kurrikulum as die benadering tot opleiding neem die spesifieke behoeftes van hierdie gebiede in ag.

By verlede jaar se promosiedag in Oktober het 42 studente uit Malawi, Mosambiek, Suid-Afrika, Swaziland, Uganda, Zambië en Zimbabwe sertifikate en diplomas ontvang. Opmerklik was die goeie gees wat onder hulle geheers het. Aangesien die meeste studente reeds in diens van die substreek se natuurlewesektor is, versterk hul verblyf aan die kollege oorgrens-verhoudinge en -onderhandelinge, veral wanneer hulle later terug is op kantoor in hul onderskeie lande.

SciMathUS – is 'n postmatriekprogram wat deur die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskap-onderrys aan die Universiteit van Stellenbosch, aangebied word om talentvolle studente uit agtergeblewe gemeenskappe die kans te gee om hul matriekuitslae in vakke soos wiskunde, wetenskap en rekeningkunde sodanig te verbeter dat hulle toegang tot tersiêre instellings kry.

Die program is tans in sy sesde jaar en lewer 'n goeie bydrae om die reuse-tekort aan swart gegradueerdes in die natuur-, toegepaste en ekonomiese en bestuurswetenskappe te verlig. Ernstige uitdagings wat oorkom moet word, sluit die afwesigheid van basiese vaardighede by studente in om te studeer, te lees en te skryf. Daarby kom baie uit 'n agtergrond van uiterste armoede en geweld en moet hulle boonop leer om die druk van die akademiese lewe te verwerk.

Die program fokus veral op wiskunde, natuurwetenskap en rekeningkunde op hoër graad, asook lewensvaardighede, rekenaargeletterdheid, ingenieurstekeninge en statistiek. In 2005 het al 62 studente wat die Nasionale Seniorertifikaateksamen geskryf het, toelating tot tersiêre onderrig gekry. Vanjaar is 75 studente tot die program toegelaat.

Paul Roos Akademie – is ’n verbeeldingryke projek om leierstalent in agtergeblewe skole te identifiseer en hierdie kinders deur middel van vakansie-onderrig te help om hulle volle potensiaal te verwesenlik. In 2005 het altesame 204 leerlinge onderrig aan die Akademie ontvang. Hieronder was 16 wat deur boere van Grabouw, Vyeboom, Villiersdorp en Saron geborg is.

Die leerlinge word gedurende vakansies nie net aan akademiese take blootgestel nie, maar ook aan sport en ander opvoedkundige aktiwiteite. Goeie ondersteuning word ook ontvang van die Geheue-Instituut en die Creative Education Foundation, waaraan ses Amerikaners onder andere op ’n vrywillige grondslag deelneem.

Rally to Read – hierdie geletterdheidsprogram is in sy negende jaar en sedert die ontstaan daarvan is reeds meer as R17.0 miljoen in gehalte onderwys belê. Toe dit in 1998 begin het, het 25 veldvoertuie boeke ter waarde van R100 000 by 13 skole in KwaZulu-Natal afgelewer. Vanjaar is 420 voertuie gebruik om in agt provinsies boeke ter waarde van R2.5 miljoen na van die land se armste skole te neem. Remgro is sedert 2003 ’n borg van die program.

Equip – is ’n program van die Nasionale Besigheidsinisiatief (NBI) wat daarop gemik is om die gehalte van onderwys en skolebestuur deur middel van privaatsektor-vennootskappe te verbeter. Dit het in 1995 ontstaan om aandag aan die hagleike stand van sake by baie Suid-Afrikaanse skole te gee. Remgro het hom in 2005 as borg by die program aangesluit en is betrokke by ’n groep van vyf voorheen benadeelde skole, met meer as 4 000 leerders en byna 140 onderwysers, in die Stellenbosch-omgewing. Landwyd het die Equip-program reeds meer as 2.5 miljoen leerders bereik.

Equip is gemoeid met die ontwikkeling van voldoende kapasiteit ten opsigte van leierskap, bestuur en beheer in skole, die opstel en implementering van toepaslike skoolontwikkelingsplanne en die fasilitering van ’n deelnemende en volgehoue benadering tot leerkragontwikkeling en leerderuitkomst, veral sover dit wiskunde, wetenskap, tegnologie en Engels betref.

Khanya – Remgro het hom vir twee jaar verbind tot hierdie rekenaargeletterdheidsprojek van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement waardeur ’n duisend top-onderwysers in staat gestel gaan word om erkende internasionale sertifisering te ontvang.

Die e-Citizen/Khanya-projek mik daarna om alle Wes-Kaapse onderwysers teen 2008 rekenaargeletterd te kry sodat hulle beskikbare tegnologie doeltreffend in die klaskamer kan gebruik. Deur leerkragte op hierdie wyse te bemagtig, word ’n vermenigvuldigingseffek verkry wat as ’n uitstekende belegging in die toekoms en gehalte van Wes-Kaapse onderwys beskou kan word.

Tsb Suiker Ontwikkelingskool – Tsb Suiker steun verskeie sosiale beleggingsinisiatiewe in die plaaslike omgewing van Nkomazi in die provinsie Mpumalanga in Suid-Afrika. Dit sluit in ’n ontwikkelingskool vir wiskunde, wetenskap en Engels deur middel van aanvullende lesse aan meer as 150 leerders van graad 10, 11 en 12 uit minderbevoorregte skole.

Tsb Suiker se sosiale beleggingsondersteuning aan meer as 1 300 klein- en mediumskaalboere word wyd erken as ’n model vir die suikernywerheid in Suid-Afrika. Tsb Suiker ondersteun ook ’n sokkertoernooi, die Selati Superbeker, wat ondersteuning van die regering geniet.

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

OMGEWING

WWF Suid-Afrika – sedert die totstandkoming van hierdie bewaringsorganisasie in 1968 is dit die kanaal waardeur Remgro uitdrukking gee aan sy besorgdheid oor die natuur. Die afgelope jaar het WWF-SA voortgegaan met sy breë benadering tot omgewingsake, met die klem op die volgende:

- Die opleiding van bestuurders vir Suid-Afrika se Mariene Beskernde Gebiede, wat nou reeds sowat 20% van die land se kuslyn dek.
- Die implementering van 'n Volhoubare Seekosinisiatief wat as riglyn vir restaurante en kleinhandelaars sal dien en verbruikers sal help om ingeligte keuses te maak ten einde die verbruik te verminder van vissoorte waarvan die getalle daal.
- Die vestiging van 'n bevolking van 21 swartrenosters op nuwe grond as deel van die projek om die swartrenosterbevolking in KwaZulu-Natal van 500 tot 1 000 te verdubbel.
- Die verkryging van meer grond as kern vir die daarstelling van 'n Knervlakte-natuurreservaat. Tans is sowat 32 000 ha, of 6% van die Knervlakte-bioom binne die Vetplantkaroo-ekostreek, reeds hiervoor beskikbaar.
- Steun aan die Minister van Omgewingsake en Toerisme met die ontwikkeling van norme en standaarde vir die Suid-Afrikaanse jagbedryf, asook 'n bestuurstrategie vir die olifantbevolking in Suider-Afrika.

KULTURELE ONTWIKKELING

Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) – Remgro het vir die sesde jaar as borg van die KKNK opgetree, met die klem van sy deelname op die ontwikkelingsfasie van die fees. 'n Gedeelte van die Remgro/VenFin-borgskap word aangewend om die loopbane van ontluikende kunstenaars te ondersteun. Vanjaar is beurse aan twee matrikulante van Riversdal en Oudtshoorn toegeken om hulle in toneelspel en regie en die filmwese te bekwaam.

In die twaalf jaar van sy bestaan het die KKNK ontwikkel tot 'n toonvenster van baie Suid-Afrikaners se gedeelde ervarings en dien dit as 'n belangrike springplank vir die loopbane van jong, asook gevestigde kunstenaars.

Stellenbosse Musiekfees – Remgro ondersteun reeds vir baie jare hierdie kulturele gebeurtenis op Stellenbosch. Die jaarlikse fees vind in September plaas en word gekenmerk deur uitstekende klassieke musiekaanbiedings, 'n gewilde straatfees, asook gemeenskapsprojekte en werkwinkels in Kayamandi, Cloetesville en Idasvallei.

Veldorkesstigting – die kreatiwiteit en dissipline van musiek en beweging word deur die Veldorkesstigting ingespan om die selfbeeld en ontwikkeling van minderbevoorregte kinders positief te stimuleer en leiereienskappe by hulle te kweek. 'n MIV/vigs-bewusmakingsprogram vorm deel van die onderrigprogram. Die Stigting is geskoei op die lees van verskeie buitelandse modelle, waar musiek en danse ingespan word vir sosiale ontwikkeling. Die Stigting het in 1997 met 600 kinders en vyf orkeste in vier provinsies aan die gang gekom. In 2005 het die getalle aangegroei tot 24 orkeste en 3 626 jeugdige uit 257 skole en 133 townships.

Twee besondere hoogtepunte van die Stigting die laaste klompie jare was die optrede van orkeste by alle wedstryde tydens die Krieket-Wêreldbekerreeks in 2003, asook die deelname van die nasionale veldorkes aan Noorweë se 100-jarige onafhanklikheidsvieringe in 2005. Remgro het onderneem om die Stellenbosch-projek van die Stigting, wat hoofsaaklik die gemeenskappe van Cloetesville, Kayamandi en Guguletu bedien, vir drie jaar te borg. Nagenoeg 43% van die ouers van kinders wat by die projek betrokke is, is werkloos.

WAT – een van die funksies van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) is om hom te beywer vir die bevordering van Afrikaans ten behoeve van 5.7 miljoen Suid-Afrikaners wat dit as hul huistaal beskou. Die WAT het vanjaar, in sy 80ste bestaansjaar, ’n trustfonds gestig om bedryfskoste, verskeie ontwikkelingsaktiwiteite, asook die publikasie van nuwe WAT-dele te finansier. Remgro het hom verbind om oor ’n tydperk van drie jaar tot die fonds by te dra.

Die trustfonds is genoodsaak weens ’n besnoeiing in staatsbydraes, wat onder andere tot ’n personeelvermindering gelei het. Die WAT kyk tans na die moontlikheid om in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement ’n elektroniese weergawe tot beskikking van elke leerder in dié provinsie te stel as deel van die Khanya-projek. Die drukkoste van ’n enkele WAT-deel beloop sowat R575 000 en agt moet nog gepubliseer word.

SPORTONTWIKKELING

SA Gholfontwikkelingsraad (SAGOR) – het ’n besondere moeilike jaar beleef, wat onder andere die verlies van een van sy groot borge ingesluit het. SAGOR moes noodgedwonge herstruktureer, personeel verminder en administratiewe en operasionele aktiwiteite stroomlyn. As gevolg hiervan is ’n besparing van 37% in administratiewe koste bewerkstellig en sien die organisasie baie meer lenig en gefokus daaruit. Met die klem voortaan veel sterker op prestasie, is SAGOR selfs nog meer vasbeslote as vroeër om sy leuse van *ontwikkel die spel, bou die nasie* gestand te doen.

Wes-Kaapse Krieketakademie – Remgro is sedert 1993 ’n borg van hierdie Akademie, wat hom beywer om jong krieketspelers van die Westelike Provinsie (WP) en die Boland op te lei in alle fasette van die spel en hulle ook met spesifieke lewensvaardighede toe te rus. Aandag word ook gegee aan die ontwikkeling van afrigters, skeidsregters en tellinghouers.

Die afgelope jaar het die WP-Akademie sewe spelers vir die WP-amateurspan gelewer en een vir die WP/Boland-franchise, terwyl vier spelers van die Boland-Akademie dié provinsie se amateurspan gehaal en drie skeidsregters provinsiale status verwerf het. Naas die kwota plaaslike wedstryde het spanne van die Akademie ook wedstryde teen die Engelse graafskappe Essex, Nottinghamshire en Somerset gespeel, asook teen die akademies van Warwickshire en Sussex.

GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Ikamva Labantu – is ’n “vlagskip”-gemeenskapsprojek wat in ’n groot mate Remgro se jarelange filosofie van persoonlike bemagtiging (help ander om hulself te help) weerspieël. Hierdie welsynorganisasie gee aandag aan die basiese behoeftes van mense in die townships en kerndienste sluit in: gesondheid, kapasiteitsontwikkeling, grond en geboue en armoedeverligting.

Ikamva is nie alleen betrokke by die versorging van kinders en jongmense nie, maar ook by die ontwikkeling van hul potensiaal deur middel van lewensvaardighede, karakterbou, leierskapontwikkeling, asook onderrig ten opsigte van MIV/vigs. Saam met die ekonomiese bemagtiging van volwassenes is die hooffokus van die organisasie om mense van alle ouderdomme deelnemende lede van die gemeenskap te maak.

Een van Ikamva se jongste loodsprojekte, waarvoor Remgro bykomende finansiering verskaf, is om uitgebreide ondersteuning te gee aan kwesbare kinders en families wat weens die MIV/vigs-pandemie sukkel om toegang tot noodsaaklike dienste en gemeenskapsbronne te kry.

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

u Mephi-Kinderversorgingsprogram – waarvoor Remgro 'n bydrae oor twee jaar bewillig het, het in 1938 as 'n kerkondersteunende projek tot stand gekom om na verwaarloosde en mishandelde kinders om te sien. Vandag word meer as 500 kinders per dag landwyd versorg en word die betekenis van u Mephi (*om oneer weg te neem*) gestand gedoen.

u Mephi funksioneer soos 'n familie eerder as 'n instansie en beskik oor meer as 40 tehuise en ander versorgingsoorde waar na die behoeftes van skoolgaande kinders, mishandelde en verwerpte babas, asook kleintjies wat terminaal siek is, omgesien word.

St Joseph-tehuis – dien as 'n veilige hawe en helingsoord vir minderbevoorregte kinders in die Wes- en Oos-Kaap wat aan kanker, vigs-degeneratiewe siektes, lewensbedreigende toestande, diabetes, brandwonde en gestremdheid ly. Remgro het hom finansiell vir drie jaar verbind tot die tehuis, wat sy ontstaan in 1935 gehad en tegelykertyd as hospitaal, versorgingsoord en skool dien om in die mediese, verplegings- en opvoedkundige behoeftes van kinders te voorsien.

GESONDHEIDSORG

Wits/Donald Gordon-Mediese Sentrum – een van die hoofdoelwitte van hierdie sentrum is om te probeer keer dat die land se beste mediese breinkrag vir die professie in Suid-Afrika verlore raak. Geriewe van wêreldgehalte word hier verskaf om spesialiste in staat te stel om private werk te doen terwyl hulle voortgaan met navorsing en onderrig. Remgro het hom vir tien jaar tot die sentrum verbind.

Medi-Clinic het in Oktober 2005 'n belang van 49% in die sentrum bekom, asook die bestuurskontrak, en is baie opgewonde oor die vooruitsigte van hierdie eerste private akademiese hospitaal in die land. Verskeie leweroorplantings is sedert die begin van die jaar gedoen, wat die sentrum een van die mees aktiewe op hierdie gebied maak.

Stigting vir Orgaanskenkers van SA – is 'n organisasie wat hoop bring vir baie mense wat orgaanoorplantings nodig het om met hul normale lewe aan te gaan. Organe wat Remgro se geborgde vlugte die afgelope jaar vervoer het, het daartoe bygedra dat agt mense se lewe gered en vier se sig herstel is. Die ondersteuning van Falconair se personeel in dié verband verdien vermelding.

REMGRO BEPERK
FINANSIËLE VERSLAG

2006

INHOUD

| | |
|---|----------|
| VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE | 45 |
| VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS | 46 |
| VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE | 46 |
| VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE | 47 |
| REKENINGKUNDIGE BELEID | 55 |
| BALANSSTATE | 64 |
| INKOMSTESTATE | 65 |
| STATE VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT | 66 |
| KONTANTVLOEISTATE | 67 |
| AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE | 68 |
| BYLAAG A – BELANGRIKSTE FILIAALMAATSKAPPYE | 91 |
| BYLAAG B – BELANGRIKSTE BELEGGINGS | 92 |
| BYLAAG C – BEDUIDENDE GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE | 93 |
| BYLAAG D – INLIGTING OOR SAKE- EN GEOGRAFIESE SEGMENTE | 95 |
| OORGANGSVERSLAG – OORGANG NA INTERNASIONALE FINANSIËLE RAPPORTERINGSTANDAARDE (IFRS) | 97 |
| MAATSKAPPY-INLIGTING | 103 |
| AANDEELHOERSINLIGTING | 103 |
| KENNISGEWING AAN AANDEELHOERS | 107 |
| VERDUIDELIKENDE NOTAS BY DIE KENNISGEWING AAN AANDEELHOERS | 110 |
| VOLMAGVORM | AANGEHEG |

VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID

DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Die direkteure is verantwoordelik vir die byhou van geskikte rekeningkundige rekords en vir die voorbereiding en die integriteit van die finansiële jaarstate wat in hierdie jaarverslag verskyn.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, op die lopendesaak-grondslag opgestel en inkorporeer volledige en verantwoordelike openbaarmaking. Die finansiële jaarstate is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid en word deur redelike en omsigtige oordeel en beramings ondersteun.

Die direkteure is tevrede dat die inligting soos vervat in die finansiële state 'n redelike weergawe is van die groep se resultate van bedrywighede vir die jaar en die finansiële stand van die groep soos op jaareinde. Die akkuraatheid van die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is, is deur die direkteure oorweeg en hulle is tevrede dat dit strook met die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die maatskappy se stelsel van interne finansiële beheer. Die stelsel is ontwerp om redelike, maar nie absolute versekering nie, te verskaf rakende die betroubaarheid van die finansiële state, die beskerming van bates, en om wanvoorstelling en verliese te verhoed en op te spoor.

Die direkteure is van mening dat die groep in die toekoms as 'n lopende saak sal voortbestaan.

Die finansiële state is deur onafhanklike ouditeure, PricewaterhouseCoopers Ing. geouditeer, aan wie onbeperkte toegang verleen is tot alle finansiële rekords en verwante inligting. Die direkteure is voorts van mening dat alle verklarings wat aan die ouditeure gemaak is in die loop van hulle oudit geldig en toepaslik is. Die ouditeure se verslag word op bladsy 46 aangebied.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert
Voorsitter



Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
22 Junie 2006

VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Ek, Mariza Lubbe, die maatskappysekretaris van Remgro Beperk, sertifiseer hiermee, dat, ten opsigte van die jaar onder oorsig, alle opgawes wat van 'n publieke maatskappy verlang word, ingelewer is by die Registrateur van Maatskappye en dat al sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.



Mariza Lubbe
Sekretaris

Stellenbosch
22 Junie 2006

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE


AAN DIE LEDE VAN REMGRO BEPERK

Ons het die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van Remgro Beperk soos uiteengesit op bladsy 47 tot 102 vir die jaar geëindig 31 Maart 2006 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.

Ons het ons audit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaard vereis dat ons die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesentlike wanvoorstelling in die finansiële state is nie. 'n Oudit sluit in 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state steun. 'n Oudit sluit ook in 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is, en 'n oorweging van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons audit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

Na ons mening bied die finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die maatskappy en die groep op 31 Maart 2006 en van die resultate van hul bedrywighede, veranderinge in ekwiteit en kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en op die wyse deur die Maatskappywet in Suid-Afrika vereis.



PRICEWATERHOUSECOOPERS 

Geregistreeerde Rekenmeesters en Ouditeure

Stellenbosch
22 Junie 2006

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

Geagte Aandeelhouer

Die raad doen met genoeg verslag oor die bedrywighede en finansiële resultate vir die jaar onder oorsig.

AARD VAN BEDRYWIGHED

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Kontant-inkomste bestaan hoofsaaklik uit dividende en rente. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy en sy filiale inkorporeer ook die geëkwiteerde toeskryfbare inkomste van geassosieerde maatskappye.

Die belange van die groep bestaan hoofsaaklik uit beleggings in tabakprodukte, bankwese en finansiële dienste, drukwerk en verpakking, motorkomponente, mediese dienste, mynswese, petroleumprodukte, voedsel, wyn en spiritualieë en verskeie ander handelsmerkprodukte.

RESULTATE

| | | |
|---|----------------|---------|
| Jaar geëindig 31 Maart: | 2006 | 2005 |
| Wesensverdienste – Nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit (R miljoen) | 5 464 | 4 998 |
| – per aandeel (sent) | 1 130.9 | 1 005.0 |
| – verwater (sent) | 1 106.1 | 977.7 |
| Wesensverdienste (R miljoen) | 5 084 | 4 998 |
| – per aandeel (sent) | 1 052.3 | 1 005.0 |
| – verwater (sent) | 1 027.7 | 977.7 |
| Verdienste – netto wins vir die jaar (R miljoen) | 8 202 | 8 518 |
| – per aandeel (sent) | 1 697.6 | 1 712.9 |
| – verwater (sent) | 1 671.3 | 1 677.2 |
| Dividende (R miljoen)* | 3 735 | 4 771 |
| – gewoon – per aandeel (sent) | 361.00 | 314.00 |
| – spesiaal – per aandeel (sent) | 400.00 | 600.00 |

* 'n Finale dividend van 228 sent (2005: 198 sent) per aandeel en 'n spesiale dividend van 400 sent per aandeel is verklaar na jaareinde en is gevolglik nie in die finansiële jaarstate voorsien nie. Geen SBM is op hierdie dividende betaalbaar nie.

BELEGGINGS

Die belangrikste veranderinge gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

ABSA GROEP BEPERK (ABSA)

Remgro het gedurende Julie 2005 sy totale belang in Absa vir R5 064 miljoen aan Barclays Plc verkoop teen 'n prys van R82.50 per aandeel. 'n Na-belaste kapitaalwinst van R2 570 miljoen is met die transaksie gerealiseer.

MEDI-CLINIC KORPORASIE BEPERK (MEDI-CLINIC)

Medi-Clinic het in Desember 2005 sy swartbemaagtigingsinisiatief en kapitaalherstrukturering geïmplementeer.

Ingevolge hierdie transaksie het Medi-Clinic se strategiese swart vennote ('n swart ekonomiese bemaagtiging (SEB)-konsortium) ongeveer 14.9 miljoen gewone aandele op 'n pro rata-grondslag van alle aandeelhouders gekoop in die verhouding van 4.25 gewone aandele vir elke 100 gewone aandele besit. Die prys per gewone aandeel het R18.40 bedra en gevolglik het Remgro R139.5 miljoen ontvang. Medi-Clinic het terselfdertyd ook 44.3 miljoen gewone aandele aan die SEB-konsortium en aan 'n trust, gestig tot voordeel van deelnemende werknemers, uitgereik. Die gevolg hiervan was dat Remgro se belang in Medi-Clinic van 51.8% (soos op 30 September 2005) tot 48.0% op 31 Maart 2006 verwater het. Gevolglik word Medi-Clinic vanaf 1 Januarie 2006 as 'n geassosieerde maatskappy verantwoord, terwyl dit voorheen gekonsolideer was. 'n Na-belaste kapitaalwinst van R70 miljoen is met dié transaksie gerealiseer.

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

FIRSTRAND BEPERK (FIRSTRAND)

In Mei 2005 het FirstRand aangekondig dat daar aan alle opskortende voorwaardes vir sy SEB-transaksie voldoen is.

Ingevolge dié transaksie het FirstRand ongeveer 416.2 miljoen gewone aandele op 'n pro rata-basis van alle aandeelhouders teruggekoop, teen 'n verhouding van 7.6 gewone aandele vir elke 100 gewone aandele besit. Die prys per gewone aandeel het R12.28 beloop en op 16 Mei 2005 het Remgro R486.0 miljoen ontvang. 'n Na-belaste kapitaalwinst van R123 miljoen is gerealiseer. As deel van die transaksie het FirstRand ook 119 miljoen gewone aandele aan die SEB-konsortium uitgereik.

Op 31 Maart 2006 was Remgro se totale belang in FirstRand, insluitende die indirekte belang gehou deur sy 23.1%-belang in RABB, 17.0% (2005: 18.0%).

RAB BEHEREND BEPERK (RABB)

RABB het R1.00 per gewone aandeel aan aandeelhouders uitgekeer ingevolge 'n kapitaalverminderingkema en Remgro het R274 miljoen in November 2005 ontvang.

SAGE GROEP BEPERK (SAGE)

Gedurende September 2005 het Remgro sy 17.9%-belang in Sage aan Momentum Groep Beperk vir R114 miljoen, of R1.75 per Sage-aandeel, verkoop. Die verkoopprijs van R1.75 bestaan uit 'n aanvanklike betaling van R1.42 per aandeel en 'n potensiële verdere betaling tot 'n maksimum van R0.33 per aandeel. Die aanvanklike betaling het R92 miljoen bedra. 'n Na-belaste kapitaalwinst van R10 miljoen is met die transaksie gerealiseer. Die potensiële verdere betaling is steeds onderhewig aan die uitklaring van sekere belastingnavrae.

KAGISO TRUST INVESTMENTS (EIENDOMS) BEPERK (KTI)

Gedurende Desember 2005 het die Mededingingsowerhede goedkeuring verleen vir Remgro se verkryging van 37% (persentasie belang op 'n ten volle verwaterde grondslag) van die uitgereikte gewone aandele van KTI. Die koopprijs was R463 miljoen, transaksiekoste ingesluit. KTI is 'n gevestigde swartbemaagtigingsmaatskappy met 'n goeie beleggingsrekord en beskik oor 'n beleggingsportefeulje en -strategie wat aanvullend is tot dié van Remgro. Die verkryging skep die geleentheid vir Remgro en KTI om met hul saamgevoegde bedryfskennis, beleggingsgeleenthede te benut.

Vir die jaar onder oorsig is geen inkomste van KTI verantwoord nie. KTI (wat 'n Junie-jaareinde het) sal in die toekoms vir die twaalfmaandetydperk eindigend Desember elke jaar deur Remgro geëkwiteer word.

NAMPAK BEPERK (NAMPAK)

Nampak se aandeelhouders het gedurende September 2005 sy SEB-transaksie goedgekeur en die inwerkingtredingsdatum was 31 Oktober 2005.

Ingevolge die transaksie het Remgro 10 Nampak-aandele verkoop vir elke 100 besit. Die prys per gewone aandeel was R15.13 en Remgro het R131.3 miljoen in Oktober 2005 ontvang. Op 31 Maart 2006 was Remgro se belang in Nampak 13.5% (2005: 13.7%).

DISTELL GROEP BEPERK (DISTELL)

Distell het in September 2005 'n nuwe SEB-vennoot aangekondig. Ingevolge hierdie transaksie het Distell 15% van sy bedryfsmaatskappy verkoop vir ongeveer R869.4 miljoen.

TERUGKOOP VAN REMGRO-AANDELE

Gedurende die jaar onder oorsig het 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro 'n verdere 8 549 237 gewone Remgro-aandele teen 'n gemiddelde prys van R114.34 vir 'n totale bedrag van R977.5 miljoen aangekoop. Altesame 37 691 443 aandele wat deur volfiliaalmaatskappye as tesourie-aandele gehou is, is gedurende Maart 2006 aan Remgro Beperk verkoop en deur laasgenoemde as uitgereikte aandele gekanselleer. Na dié kansellering word 1 379 635 gewone Remgro-aandele (0.3%) deur 'n volfiliaal as tesourie-aandele gehou.

Die Remgro Aandeletrust het gedurende die jaar onder oorsig 21 000 (2005: 660 018) gewone Remgro-aandele teen 'n gemiddelde prys van R134.46 (2005: R90.93), vir 'n totale bedrag van R2.8 miljoen (2005: R60.0 miljoen) aangekoop, terwyl 1 308 790 aandele aan deelnemers gelewer is teen betaling van die inskrywingsprys.

R&R HOLDINGS

Remgro se belang in British American Tobacco Plc (BAT) word verteenwoordig deur sy belang van een-derde van die gewone aandele en al die "2005" deelnemende sekuriteite wat deur R&R Holdings SA, Luxemburg (R&R), uitgereik is. Dit gee Remgro 'n effektiewe belang van 10.2% in BAT, soos op 31 Maart 2006. Die ander twee-derdes van die gewone aandeelkapitaal en skuldbriewe van R&R word deur Compagnie Financière Richemont SA (Richemont) gehou.

Gedurende Maart 2006 het Richemont 'n gedeelte van sy skuldbriewe in R&R vir kontant ten bedrae van £285 miljoen afgelos. Die beskikbare fondse was deel van die opbrengs wat R&R gedurende Mei 2004 ontvang het met die uitoefening deur die houers van die koopopsies oor die BAT-voorkeuraandele wat voorheen deur R&R besit is. Remgro het verkies om nie sy pro rata-gedeelte van die skuldbriewe ten bedrae van £142.5 miljoen af te los nie. Gevolglik het R&R nuwe "2006" deelnemende sekuriteite van nominale waarde aan Remgro en Richemont, in verhouding tot hul aandeelhouding, uitgereik. Dividende op hierdie "2006" deelnemende sekuriteite sal die uitwerking wat die nie-proporsionele belang in die skuldbriewe mag hê op die verdeling deur R&R se nie-BAT inkomste (mindere deel van R&R inkomste), in ag neem. Dit plaas Remgro in die posisie waarin hy sou wees indien Richemont nie van die R&R-skuldbriewe, soos hierbo beskryf, afgelos het nie. Dit beïnvloed dus nie die vloeï van BAT-dividende na Remgro nie.

Daar was nie 'n verandering in die aantal BAT-aandele wat R&R hou nie. Die positiewe uitwerking van BAT se volgehoue aandeleterugkoopprogram het egter R&R se belang in BAT tot 28.9% op 31 Maart 2006 laat toeneem (2005: 28.3%).

R&R se belang in BAT se verdienste vir die twaalf maande tot 31 Maart 2006 is gebaseer op BAT se resultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 plus die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2006 minus die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2005.

SEDERT DIE JAAREINDE

GENCOR BEPERK (GENCOR)

Op 14 Maart 2006 het Gencor aangekondig dat die maatskappy onder vrywillige likwidasië geplaas en 'n finale likwidasiëdividend van R0.20 per aandeel aan aandeelhouders betaal gaan word. In Mei 2006 het Remgro R7.6 miljoen as 'n likwidasiëdividend ontvang.

KONTANTBRONNE EN AANWENDING

Die maatskappy se kontantbronne op 31 Maart 2006 is soos volg:

| | Plaaslik R miljoen | Buiteland R miljoen | Totaal R miljoen |
|--|-----------------------|------------------------|---------------------|
| Per gekonsolideerde balansstaat | 4 628 | 1 729 | 6 357 |
| Min: Kontant van ander bedryfsfiliale | (562) | – | (562) |
| Kontant by die kern | 4 066 | 1 729 | 5 795 |
| Toeskryfbare gedeelte van R&R se kontant | – | 1 524 | 1 524 |
| Beskikbare kontant | 4 066 | 3 253 | 7 319 |

Die finale gewone dividend per aandeel is met 15.2% verhoog tot 228 sent. Totale gewone dividende per aandeel ten opsigte van die finansiële jaar tot 31 Maart 2006 het gevolglik met 15.0% gestyg, vanaf 314 sent tot 361 sent.

Gegewe die groep se sterk kontantposisie, het die direksie besluit om ook 'n spesiale dividend van 400 sent per aandeel te verklaar.

Die totale distribusie aan aandeelhouders ten opsigte van die finansiële jaar is soos volg:

| (Gebaseer op die totale uitgereikte aandele ten tye van betaling) | 2006 R miljoen | 2005 R miljoen |
|---|-------------------|-------------------|
| Gewoon | | |
| – Tussen | 694 | 606 |
| – Finaal | 1 104 | 1 033 |
| | 1 798 | 1 639 |
| Spesiaal | 1 937 | 3 132 |
| Totaal | 3 735 | 4 771 |

Die direksie is van mening dat die groep se kontantbronne, na inagnam van bostaande distribusie aan aandeelhouders, voldoende sal wees om beleggingsgeleenthede te benut en die aandeleterugkoopprogram voort te sit.

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

GROEP FINANSIËLE OORSIG

INTERNASIONALE FINANSIËLE RAPPORTERINGSTANDAARDE (IFRS)

Vanaf 1 April 2005 is dit 'n vereiste dat Remgro sy gekonsolideerde finansiële state opstel volgens die bepalings van IFRS. Die 31 Maart 2006 finansiële state is gevolglik Remgro se eerste volledige stel IFRS finansiële state. Aangesien vergelykende inligting ook geopenbaar word, is 1 April 2004 die effektiewe oorgangsdatum na IFRS. *IFRS 1: Eerste Oorgang na IFRS* is toegepas en die resultate vir die vergelykende tydperk is dienooreenkomstig hersaamgestel. *Verwys na die IFRS Oorgangsverslag op bladsy 97 vir inligting aangaande die aansuiwerings.*

IMPLEMENTERING VAN IFRS 5

Met ingang van 1 April 2005 het Remgro *IFRS 5: Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en staak van bedrywighede* geïmplementeer.

Soos voorheen gerapporteer, het Remgro sy totale aandeelhouding in Absa Groep Beperk en Sage Groep Beperk gedurende die jaar onder oorsig verkoop. Gevolglik is hierdie beleggings met ingang van 1 April 2005 as “Bates gehou vir verkoop” herklassifiseer, terwyl dit voorheen onder “Beleggings – Geassosieerde maatskappye” gerapporteer is. Slegs dividendinkomste vanaf hierdie maatskappye is gedurende die tydperk onder oorsig verantwoord.

Aangesien die vergelykende syfers volgens die oorgangsbepalings van IFRS 5 nie hersaamgestel word nie, is sekere items nie op 'n lyn-vir-lyn-grondslag vergelykbaar met dié van die vorige finansiële jaar nie.

IMPLEMENTERING VAN IFRIC 8

Gedurende Januarie 2006 het IFRIC (“International Financial Reporting Interpretations Committee”) 'n interpretasie, naamlik *IFRIC 8: Die omvang van IFRS 2* uitgereik. IFRIC 8 is van toepassing op finansiële verslagdoeningstydperke wat op of na 1 Mei 2006 'n aanvang neem, en moet ook ten volle terugwerkend geïmplementeer word.

Verskeie maatskappye in die groep het gedurende die afgelope finansiële jaar SEB-transaksies aangegaan. Ten einde eenvormige rekeningkundige verantwoording van dié transaksies te verseker, het Remgro besluit om IFRIC 8 in die 31 Maart 2006 finansiële jaar te implementeer. Die uitwerking hiervan op Remgro se 2006-resultate is 'n nie-herhalende uitgawe teen wesensverdienste van R379.7 miljoen.

Weens die wesentlike uitwerking wat IFRIC 8 op Remgro se resultate het, word wesensverdienste per aandeel ook aangebied met uitsluiting van die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste.

ANDER AANSUIWERINGS

Hersamestelling van vergelykende syfers met betrekking tot geassosieerde maatskappye

FirstRand en RABB het hul resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2004 hersaamgestel om te voldoen aan *RE 501: Verantwoording van sekondêre belasting op maatskappye (SBM)*. Die uitwerking hiervan op Remgro se resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2005 was 'n toename in wesensverdienste van R6 miljoen. Die vergelykende balansstaat is dienooreenkomstig hersaamgestel.

Gedurende Mei 2006 het FirstRand en RABB ook aangekondig dat hul resultate hersaamgestel word ten einde te voldoen aan die rekeningkundige standpunt met betrekking tot wesensverdienste. Die Rekeningkundige Praktykekomitee van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters het dié standpunt sodanig gewysig dat winste en verliese met die verkoop van geëkwiteerde privaatekwiteit- of waagkapitaalbeleggings nie voortaan by wesensverdienste ingesluit word nie.

Die uitwerking hiervan op Remgro se resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2005 was 'n afname in wesensverdienste van R41 miljoen. Dié hersamestelling het geen uitwerking op Remgro se verdienste vir die jaar geëindig 31 Maart 2005, of vergelykende balansstaat, gehad nie.

Hersamestelling van vorige jaar se wesensverdienste as gevolg van bogenoemde aansuiwering:

Jaar geëindig
31 Maart 2005
R miljoen

Inkomstestaat

| | |
|--|---------|
| Wesensverdienste soos gedurende April 2006 gerapporteer | 5 039 |
| Hersamestelling van vergelykende syfers met betrekking tot geassosieerde maatskappye | (41) |
| Hersaamgestelde wesensverdienste | 4 998 |
| <hr/> | |
| Wesensverdienste per aandeel soos gedurende April 2006 gerapporteer (sent) | 1 013.3 |
| Hersaamgestelde wesensverdienste per aandeel (sent) | 1 005.0 |

Verwys na die IFRS Oorgangsverslag op bladsy 97 waar hierdie aansuiwerings geïnkorporeer is.

VERGELYKBAARHEID

Weens die feit dat Medi-Clinic vanaf 1 Januarie 2006 as 'n geassosieerde maatskappy verantwoord word, terwyl dit voorheen gekonsolideer was, is sekere balansstaat- en inkomstestaatitems nie direk vergelykbaar met dié van die vorige finansiële jaar nie.

BALANSSTAAT

Die ontleding van "Ekwiteit" en "Bron van wesensverdienste" hieronder dui die afdelings aan waarin die belange ingedeel is. Elke afdeling verteenwoordig die hoofbedryfssektor van die beleggings wat daaronder ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n maatskappy hoofsaaklik in een sektor bedrywig is maar ook belange in 'n ander sektor het nie.

| | 2006 | | 2005 | |
|---|-----------|---------------|-----------|---------------|
| | R miljoen | R per aandeel | R miljoen | R per aandeel |
| <i>Ekwiteit aangewend</i> | | | | |
| Toeskryfbaar aan ekwiteithouers | 37 494 | 78.14 | 34 833 | 71.51 |
| <hr/> | | | | |
| <i>Aanwending van ekwiteit</i> | | | | |
| Tabakbelange | 14 055 | 29.29 | 13 493 | 27.70 |
| Finansiële dienste | 7 105 | 14.81 | 10 063 | 20.66 |
| Nywerheidsbelange | 8 320 | 17.34 | 8 254 | 16.95 |
| Mynbelange | 3 678 | 7.66 | 1 927 | 3.96 |
| Korporatiewe finansies en ander belange | 4 336 | 9.04 | 1 096 | 2.24 |
| | 37 494 | 78.14 | 34 833 | 71.51 |

INKOMSTESTAAT

| | 2006 | | 2005 | |
|---|-----------|-----|-----------|-----|
| | R miljoen | % | R miljoen | % |
| <i>Bron van wesensverdienste</i> | | | | |
| Tabakbelange | 2 369 | 47 | 2 063 | 41 |
| Finansiële dienste | 1 147 | 22 | 1 674 | 33 |
| Nywerheidsbelange | 1 184 | 23 | 1 131 | 23 |
| Mynbelange | 288 | 6 | 102 | 2 |
| Korporatiewe finansies en ander belange | 96 | 2 | 28 | 1 |
| | 5 084 | 100 | 4 998 | 100 |

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

| | 2006 R miljoen | 2005 R miljoen |
|---|-------------------|-------------------|
| <i>Samestelling van wesensverdienste</i> | | |
| Filiaalmaatskappye en gesamentlike ondernemings | 1 061 | 589 |
| Winste | 1 088 | 592 |
| Verliese | (27) | (3) |
| Geassosieerde maatskappye | 4 023 | 4 409 |
| Winste | 4 048 | 4 411 |
| Verliese | (25) | (2) |
| | 5 084 | 4 998 |

MAATSKAPPY NETTO WINS EN AANWENDING

| | 2006 R miljoen | 2005 R miljoen |
|--|-------------------|-------------------|
| Die maatskappye se eie verdeelbare reserwes aan die begin van die jaar bedra | 7 986 | 7 692 |
| Netto wins vir die jaar | 4 188 | 2 904 |
| Aandele gekanselleer | (4 535) | |
| Dividend Nr 10 van 198.00c per aandeel betaal in Augustus 2005 (2004: 184.00c) | (1 034) | (960) |
| Spesiale dividend van 600.00c per aandeel betaal in Augustus 2005 | (3 132) | |
| Spesiale dividend van 200.00c per aandeel betaal in Augustus 2004 | | (1 044) |
| Dividend Nr 11 van 133.00c per aandeel betaal in Januarie 2006 (2005: 116.00c) | (694) | (606) |
| Die maatskappye se eie verdeelbare reserwes wat oorgedra word na die volgende jaar bedra | 2 779 | 7 986 |

AANDELESKEMA

Gedurende die jaar het die trustees van die Remgro Aandelekema gewone aandele aan deelnemers aangebied soos volg:

| Datum | Aanbod- prys (Rand) | Aantal aandele aangebied | Aantal aanvaar tot 31 Maart 2006 |
|------------|---------------------------|--------------------------------|---|
| 01/04/2005 | 93.80 | 363 | 363 |
| 01/06/2005 | 104.05 | 990 | 990 |
| 25/11/2005 | 116.85 | 8 885 | 8 885 |
| 01/12/2005 | 113.01 | 14 373 | 14 373 |
| 18/01/2006 | 120.00 | 4 182 | 4 182 |
| 01/02/2006 | 124.00 | 286 | 286 |
| | | 29 079 | 29 079 |

Die huidige stand van die Remgro Aandelekema is soos volg:

| | Gemiddelde aanbodprys (Rand) | Aantal aandele |
|---|------------------------------------|-------------------|
| Gewone aandele verskuldig aan deelnemers | | |
| Vorige finansiële jaar | 54.26 | 4 375 782 |
| Aangebied en aanvaar in huidige finansiële jaar | 114.75 | 29 079 |
| Aandele betaal en gelewer | 43.80 | (1 308 790) |
| Diensverlatings en ander | | (2 380) |
| Totaal op 31 Maart 2006 | 59.24 | 3 093 691 |

Verwys na aantekening 24 by die finansiële jaarstate vir volledige besonderhede met betrekking tot die Remgro Aandelekema.

HOOFAANDEELHOUER

Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk (Rembrandt Trust) hou al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele van die maatskappy en is geregtig op 44.42% (2005: 44.02%) van die totale stemreg.

'n Ontleding van die aandeelhouders verskyn op bladsy 104 en 105.

FILIAALMAATSKAPPYE EN BELEGGINGS

Besonderhede van filiaalmaatskappye, geassosieerde maatskappye en ander beleggings word in Bylae A en B uiteengesit.

DIREKTEURE

Die name van die direkteure verskyn op bladsy 10 en 11.

Kragtens die bepalings van die statute tree mnre G D de Jager, D M Falck, J F Mouton, F Robertson en J P Rupert volgens rooster as direkteure af. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar.

BELANG VAN DIREKTEURE

Die direkte en indirekte belange van direkteure in die uitgereikte gewone aandeelkapitaal van die maatskappy, het in totaal op 31 Maart 2006, 0.80% (2005: 0.57%) bedra.

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rembrandt Trust wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

'n Ontleding van die belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy verskyn op bladsy 106.

DIREKTEURSVIRGOEDING

Die raad beveel aan dat die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, op R1 870 000 (2005: R1 720 000) vasgestel word.

AANKOOP VAN AANDELE VAN DIE MAATSKAPPY

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om, indien omstandighede dit regverdig, die maatskappy se eie aandele te verkry en om goedkeuring aan enige filiaalmaatskappye van die maatskappy te gee om aandele in die maatskappy te verkry, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet 61 van 1973, soos gewysig ("die Maatskappywet"), en die noteringsvereistes van die JSE Beperk ("die noteringsvereistes"). Daar word verder aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om die direkteure te magtig om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele moet koop.

Spesiale besluite om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen is ingesluit in die kennisgewing vir die algemene jaarvergadering wat op bladsy 107 verskyn.

SPESIALE BESLUIE

Geen spesiale besluite is deur die maatskappy se belangrikste filiale geneem waarvan die aard wesentlik mag wees met betrekking tot die stand van sake van die groep nie.

DIVIDENDVERKLARING

DIVIDEND NR 12

'n Finale dividend van 228 sent (2005: 198 sent) per aandeel is verklaar ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 2006 geëindig het.

SPESIALE DIVIDEND

'n Spesiale dividend van 400 sent per aandeel is verklaar ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk.

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

BETALING

Die finale en spesiale dividend is betaalbaar aan aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 18 Augustus 2006, geregistreer is.

Aandeelhouers mag nie in die periode van Maandag, 14 Augustus 2006, tot Vrydag, 18 Augustus 2006, beide datums ingesluit, hulle aandeelsertifikate dematerialiseer/rematerialiseer nie.


SEKRETARIS

Die naam en adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 103.

GOEDKEURING

Die finansiële jaarstate op bladsy 47 tot 102 uiteengesit, is deur die raad goedgekeur.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert
Voorsitter

Stellenbosch
22 Junie 2006



Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte

REKENINGKUNDIGE BELEID

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

Die finansiële jaarstate word volgens die historiese kostegronslag, tensy anders vermeld, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, Wet 61 van 1973, soos gewysig, en die noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat konsekwent in beide jare wat aangebied word, toegepas is, met die uitsondering van die implementering van die volgende rekeningkundige standpunte:

- ♦ IFRS 5: Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en staak van bedrywighede wat, in ooreenstemming met die oorgangsbepalings van IFRS 5, nie terugwerkend toegepas word nie,
- ♦ IFRS 4: Versekeringskontrakte, IAS 32: Finansiële instrumente – Openbaarmaking en aanbieding en IAS 39: Finansiële instrumente – Erkennung en meting, wat ingevolge die oorgangsbepalings na IFRS nie terugwerkend toegepas word nie, en
- ♦ IFRIC 8: Die omvang van IFRS 2, wat vroeg geïmplementeer is

Die voorbereiding van die finansiële state noodsaak die gebruik van ramings, aannames en oordeel wat die gerapporteerde bedrae in die balansstaat en inkomstestaat beïnvloed. Hoewel ramings op bestuur se beste kennis en oordeel van bestaande feite op balansstaatdatum gebaseer is, kan die werklike resultate van hierdie ramings verskil.

Die mees beduidende oordeel uitgeoefen, hou verband met die klassifikasie van beleggings as *geassosieerde maatskappye* plaas van beleggings *beskikbaar vir verkoop*. Daar is sekere beleggings waarvoor, na die mening van Remgro, 'n beduidende invloed uitgeoefen word, hoewel Remgro 'n belang van minder as 20% in hierdie maatskappye het. Aangesien Remgro egter direksievertegenwoordiging het en een van die grootste aandeelhouers in hierdie maatskappye is, het hy beduidende invloed in hulle finansiële en bedryfsbeleid en word daardie beleggings volgens die ekwiteitsmetode as geassosieerde maatskappye verantwoord. Die billike waarde van geassosieerde maatskappye word in aantekening 6 by die finansiële jaarstate uiteengesit.

Ander minder beduidende ramings en aannames hou verband met die bepaling van die nuttige lewensduur van bates, waardedaling van klandisiewaarde, die waardasie van ongenoteerde beleggings en die aannames wat gebruik is in die berekening van die verpligtinge wat verband hou met aftreevoordele en aandeelgebaseerde betalings. Besonderhede van hierdie ramings en aannames word in die toepaslike aantekeninge by die finansiële jaarstate uiteengesit.

Die rekeningkundige beleid wat die groep toegepas het in die aanbieding van die finansiële state, word hieronder uiteengesit. Geen wesentlike aannames is in die toepassing van hierdie rekeningkundige beleid gemaak wat 'n wesentlike invloed op enige bedrag wat in die finansiële state erken is, gehad het nie.

(I) KONSOLIDASIE, EWEREDIGE KONSOLIDASIE EN EKWITEITSVERANTWOORDING

Konsolidasie – filiaalmaatskappye

Alle entiteite waarin die groep, direk of indirek, 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou of andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die bedrywighede uit te oefen, word op die gebruikelike wyse in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit. Die bestaan en uitwerking van potensiële stemregte wat tans uitoefenbaar of omskepbaar is, word in ag geneem by die oorweging of die groep 'n ander entiteit beheer.

Die aankoopmetode word toegepas om die verkryging van filiale te verantwoord. Die koste van 'n verkryging word gemeet teen die billike waarde van bates gegee, ekwiteitsinstrumente uitgereik en verpligtinge aangegaan of aanvaar op die datum van oordrag, plus koste direk toeskryfbaar aan die verkryging.

Die resultate van filiaalmaatskappye gekoop of verkoop gedurende die jaar is ingesluit by die gekonsolideerde inkomstestaat vanaf of tot die datum waarop effektiewe beheer verkry is of staak.

Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste word met konsolidasie uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel tensy die transaksie dui op die waardedaling van die bate wat oorgeedra is.

Die rekeningkundige beleid van die filiale stem ooreen met dié wat deur die groep aangeneem is. Rekeningkundige beleid van verskeie industrieë is in lyn gebring tot dié mate dat dit wesentlik en toepaslik vir die spesifieke industrie is.

REKENINGKUNDIGE BELEID

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

Spesialedoel-entiteite word gekonsolideer wanneer die wese van die verhouding tussen die groep en die spesialedoel-entiteit toon dat die groep effektief die entiteit beheer.

Konsolidasie – Die Remgro Aandeletrust

Aangesien Die Remgro Aandeletrust effektief deur die maatskappy beheer word, word die entiteit gekonsolideer.

Eweredige konsolidasie – gesamentlike ondernemings

Alle ondernemings wat gesamentlik beheer word, word volgens die eweredige konsolidasietegniek verantwoord. Volgens hierdie tegniek word die toeskryfbare gedeelte van bates, verpligtinge, inkomste, uitgawes en kontantvloei in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit.

Ekwiteitsverantwoording – geassosieerde maatskappye

Entiteite wat nóg filiale nóg gesamentlike ondernemings is, maar waarin 'n langtermynbelang gehou word, en oor wie se finansiële en bedryfsbeleid 'n beduidende invloed uitgeoefen kan word, word volgens die ekwiteitsmetode as geassosieerde maatskappye verantwoord. Die resultate van geassosieerde maatskappye gekoop of verkoop word by die gekonsolideerde inkomstestaat ingesluit vanaf en tot die datum waarop beduidende effektiewe invloed begin of staak. Ongerealiseerde winste op transaksies tussen die groep en sy geassosieerde maatskappye word uitgeskakel tot die omvang van die groep se belang in die geassosieerde. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel tensy die transaksie dui op 'n waardedaling van die bate wat oorgedra is. Die groep se belang in behoue inkomste word na nie-verdeelbare reserwes oorgeplaas. Die groep se belang in ander bewegings in die reserwes van geassosieerde maatskappye word as veranderings in gekonsolideerde nie-verdeelbare reserwes verantwoord. Die drawaarde van die groep se geassosieerde maatskappye sluit klandisiewaarde in (netto van enige opgelope waardedalingsverliese) wat by verkryging geïdentifiseer is. Wanneer die groep se deel van verliese in 'n geassosieerde maatskappy gelyk is aan of groter is as sy belang in die geassosieerde, insluitend enige onversekerde lenings ontvangbaar, of dit oorskry, erken die groep nie enige verdere verliese nie, tensy die groep verpligtinge aangegaan of betalings namens die geassosieerde maatskappy gemaak het.

Die verwaterings- en teenverwateringsuitwerking van ekwiteitstransaksies deur geassosieerde maatskappye waarby Remgro nie 'n party is nie, word direk teen reserwes verantwoord.

Sekere geassosieerde maatskappye se jaareindes stem nie ooreen met dié van die maatskappy nie. In sulke gevalle word die resultate van genoteerde en sekere ongenoteerde maatskappye vanaf die jongste gepubliseerde inligting en bestuurstate op jaareinde onderskeidelik, verantwoord. Waar nodig is die rekeningkundige beleid van geassosieerde maatskappye verander ten einde dit in lyn te bring met dié van Remgro en sy filiale tot dié mate dat dit wesentlik en toepaslik is vir die spesifieke industrie waarin die geassosieerde bedryf word.

Beleggings wat verkry is en uitsluitlik gehou word om binne twaalf maande te verkoop word nie volgens die ekwiteitsmetode verantwoord nie, maar teen die laagste van die drawaarde of billike waarde minus koste om te verkoop getoon en word as nie-bedryfsbates gehou vir verkoop geklassifiseer ingevolge die vereistes van IFRS 5 (verwys na rekeningkundige beleid aantekening vii).

Waardedaling – filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes

Die drawaardes van filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye word jaarliks hersien en afgeskryf vir waardedaling waar nodig.

(II) EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING EN WAARDEVERMINDERING

Huurbates – Bates wat ingevolge 'n finansieringsbruikhuurooreenkoms gehuur word, waar die groep effektief al die risiko en vergoeding verbonde aan eiendomsreg verkry, word met ingang van die ooreenkoms teen die laagste van die billike waarde van die gehuurde bate of die huidige waarde van die minimum bruikhuurbetalings gekapitaliseer. Gehuurde bates word afgeskryf oor die kortste van die huurtermyn of die tydperk waarvoor die betrokke batekategorie andersins afgeskryf word. Die ooreenstemmende huurverpligting, netto van finansieringskoste, word in nie-bedryfslaste ingesluit. Elke huurbetaling word geallokeer tussen die las en finansieringskoste ten einde 'n konstante koers op die

uitstaande finansieringsbalans te verkry. Finansieringskoste word oor die huurtermyn in die inkomstestaat verantwoord deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak.

Die huur van bates ingevolge waarvan alle risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg effektief deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshure word op die reguitlynmetode oor die huurtermyn teen inkomste verreken.

Voorproduksiekoste en rente – Voorproduksiekoste en rente direk toeskryfbaar aan die verkryging, konstruksie of produksie van kwalifiserende bates (d.i. bates wat noodwendig 'n aansienlike tyd neem om gereed te maak vir hul voorgenome gebruik of verkoop) word gekapitaliseer as deel van die koste van die bate totdat die bate wesentlik gereed is vir sy voorgenome gebruik of verkoop. Beleggingsinkomste verdien op tydelike beleggings van spesifieke lenings in afwagting van hul spandring op kwalifiserende bates, word van gekapitaliseerde finansieringskoste afgetrek.

Grond en geboue, masjinerie, toerusting, kantoortoerusting en voertuie – word teen historiese kosprys minus opgehoopte waardevermindering getoon. Daaropvolgende koste word ingesluit by die drawaarde van die bate of as 'n afsonderlike bate erken, waar van toepassing, slegs wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat met die item verband hou na die groep sal vloei en die koste daarvan betroubaar gemeet kan word. Alle ander herstelwerk en onderhoud word in die inkomstestaat verantwoord in die tydperk wanneer die koste aangegaan is.

Waardevermindering op geboue, masjinerie, toerusting, kantoortoerusting en voertuie word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien teen koerse wat die koste daarvan afskryf na 'n geskatte reswaarde. Die geskatte reswaardes en verwagte nuttige lewensduur van bates word jaarliks op balansstaatdatum hersien en aangepas indien nodig. Geen waardevermindering word op grond voorsien nie. Waar geïdentifiseer word dat die verhaalbare bedrag van bates gedaal het benede die betrokke bates se drabedrag, word die drabedrag verminder ten einde die waardedaling te reflekteer. Sulke afskrywings word teen inkomste verreken.

(III) **BIOLOGIESE LANDBOUBATES**

Die billike waarde van die biologiese landbou Bates word op die volgende wyse in berekening gebring:

Suikerriet – Wortels word volgens huidige vestigings- en vervangingskoste gewaardeer en die waarde word proporsioneel verminder oor die verwagte lewensduur van die wortels. Staande suikerriet word gewaardeer volgens die beste beraamde verhaalbare waarde, minus oes-, vervoer- en landbouheffings, sowel as ander weegbrugkoste.

Sitrus – Boorde word gewaardeer volgens huidige vestigings- en vervangingskoste, aangepas vir volwassenheidsvlakke, en die waarde word proporsioneel verminder oor die verwagte lewensduur van die boorde. Sitrusvrugte word gewaardeer volgens die beste beraamde verhaalbare waarde, minus oes-, vervoer- en landbouheffings.

Broeivoorraad – Broeivoorraad sluit alle teel- en lê-bedrywigheede in. Broeieiers word by broeivoorraad ingesluit. Broeivoorraad word gemeet teen billike waarde minus geskatte verkooppunktkoste op rapporteringsdatums. Die bepaling van die billike waarde is gebaseer op markpryse of, waar markpryse nie beskikbaar is nie, met verwysing na sektorale norme.

Winst en verliese wat ontstaan met die aanvanklike erkenning van hierdie bates teen billike waarde minus beraamde verkooppunktkoste en as gevolg van 'n verandering in billike waarde minus beraamde verkooppunktkoste word teen normale inkomste verreken in die tydperk waarin dit ontstaan.

Suikerriet en sitrus word as nie-bedryfsbates in die balansstaat verantwoord, terwyl broeivoorraad as bedryfsbates verantwoord word.

REKENINGKUNDIGE BELEID

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

(iv) BELEGGINGSEIENDOMME

Beleggingseiendomme word gehou om huurinkomste te genereer en kapitaalwaarde toe te voeg. Beleggingseiendomme word as langtermynbeleggings verantwoord en word teen kosprys min opgelope waardevermindering getoon. Waardevermindering op geboue word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien ten einde die geboue na hul geskatte reswaardes af te skryf. Waar 'n waardedaling in die drawaarde van bates geïdentifiseer word, word die drawaarde verminder. Sulke bedrae afgeskryf, word teen normale inkomste verreken.

Beleggingseiendomme word elke derde jaar gewaardeer deur eksterne onafhanklike professionele waardeerders.

(v) ONTASBARE BATES

Klandisiewaarde – Met die verkryging van 'n belegging word billike waardes soos op datum van belangsverkryging aan identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike verpligtinge verkry, toegedeel.

Klandisiewaarde is die verskil tussen die koste van die beleggings en die billike waardes van toeskryfbare netto bates van filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye op die datum van belangsverkryging. Klandisiewaarde word as nie-bedryfsbates in die balansstaat verantwoord en jaarliks vir moontlike waardedalings getoets. Klandisiewaarde word teen koste minus opgehoopte waardedalingsverliese getoon. Ten einde te bepaal of 'n waardedaling plaasgevind het, word klandisiewaarde toegedeel aan kontantgenerende eenhede. Enige waardedaling word onmiddellik in wins en verlies erken en word nie op 'n latere stadium teruggeskryf nie.

Klandisiewaarde toeskryfbaar aan geassosieerde maatskappye word by die drawaarde van hierdie maatskappye ingesluit en gevolglik onder "Beleggings – Geassosieerde maatskappye" verantwoord.

Waar die netto bates van filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye op die datum van verkryging meer is as die koste van die beleggings, word dié verskil onmiddellik in die inkomstestaat verantwoord.

Handelsmerke – Die koste van handelsmerke wat self ontwikkel en gevestig word, word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Die waardes daarvan word gevolglik nie in die finansiële jaarstate aangetoon nie. Die koste van handelsmerke wat aangekoop is, word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf, onderhewig aan 'n jaarlikse waardedalingstoets.

Navorsings- en ontwikkelingskoste – Navorsings- en ontwikkelingskoste word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Waar daar aan al die bate-erkenningsmaatstawwe voldoen word, word ontwikkelingskoste gekapitaliseer en oor die verwagte nuttige lewensduur van die produk afgeskryf. Ontwikkelingskoste wat voorheen as 'n uitgawe erken is, word nie in 'n daaropvolgende tydperk as 'n bate erken nie.

Handelsmerke en navorsings- en ontwikkelingskoste met onbeperkte leeftye word nie geamortiseer nie, maar word jaarliks aan 'n waardedalingstoets onderwerp. Enige waardedaling word in inkomste verantwoord.

Rekenaarsagteware – In die algemeen word kostes wat met die ontwikkeling of instandhouding van rekenaarsagtewareprogramme en die verkryging van sagtewarelisensies verband hou as uitgawe erken soos aangegaan. Daarteenoor word rekenaarsagtewareontwikkelingskoste wat duidelik verband hou met 'n identifiseerbare en unieke sisteem, wat deur die groep beheer word en dit waarskynlik is dat die voordeel een jaar sal oorskry, as ontasbare bates erken. Direkte kostes sluit sagtewareontwikkeling-werknemer koste en 'n toepaslike gedeelte van die relevante bokoste in. Direkte rekenaarsagtewareontwikkelingskoste wat as bates erken is, word op die reguitlynmetode teen gepaste koerse geamortiseer oor die verwagte lewensduur van die bates, wat nie vier jaar oorskry nie, en word getoon teen koste minus opgehoopte amortisasie en enige opgehoopte waardedalingsverliese. Die drawaarde van gekapitaliseerde rekenaarsagteware word jaarliks hersien en word afgeskryf wanneer die drawaarde die verhaalbare bedrag oorskry.

(VI) **BELEGGINGS**

Filiaalmaatskappye – word teen kosprys getoon. In die gekonsolideerde finansiële jaarstate word hierdie maatskappye op die gebruikelike wyse gekonsolideer.

Geassosieerde maatskappye – word teen kosprys getoon. In die gekonsolideerde jaarstate word die belang in naverkryngsreserwes en behoue inkomste wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord is in die drawaarde ingesluit.

Ander beleggings – Beleggings in ekwiteits- en skuldinstrumente word in die volgende kategorieë geklassifiseer, naamlik lenings en debiteure, gehou tot vervaldatum, gehou teen billike waarde deur wins en verlies, en beskikbaar vir verkoop.

Lenings en debiteure – Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare paaielemente wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer is nie. Hierdie instrumente word teen geamortiseerde koste getoon deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak.

Beleggings gehou tot vervaldatum – Beleggings met 'n vaste vervaldatum, waar die groep die bedoeling en vermoë het om dit tot die vervaldatum te hou, word geklassifiseer as beleggings gehou tot vervaldatum. Hierdie beleggings word by nie-bedryfsbates ingesluit en teen geamortiseerde koste verantwoord deur gebruik te maak van die effektiewe rentekoersmetode.

Beleggings gehou teen billike waarde deur wins en verlies – Hierdie beleggings, wat bestaan uit finansiële bates gehou vir verhandeling en dié wat by hul ontstaan geklassifiseer word as gehou teen billike waarde deur wins en verlies, word teen billike waarde verantwoord. Gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese wat voortspruit uit veranderinge in die billike waarde van hierdie beleggings, word in die inkomstestaat ingesluit in die tydperk waarin dit ontstaan.

'n Finansiële bate word in hierdie kategorie geklassifiseer indien dit hoofsaaklik met die doel verkry is om binne die kort termyn te verkoop of indien bestuur dit so klassifiseer. Afgeleide instrumente word ook as gehou vir verhandeling geklassifiseer tensy dit as 'n skans bestem is.

Beleggings beskikbaar vir verkoop – Ander langtermynbeleggings word geklassifiseer as beskikbaar vir verkoop en word by nie-bedryfsbates ingesluit. Hierdie beleggings word teen billike waarde verantwoord. Ongerealiseerde winste en verliese wat voortspruit uit veranderinge in die billike waarde van beleggings beskikbaar vir verkoop, word in nie-verdeelbare reserwes verantwoord in die tydperk waarin dit ontstaan. Wanneer beleggings beskikbaar vir verkoop óf verkoop word, óf 'n waardedaling plaasvind, word die opgelope billike waarde aanpassings gerealiseer en in die inkomstestaat verantwoord.

Alle aankope en verkope van beleggings word op transaksiedatum verantwoord.

Enige afgeleide instrumente ingesluit in finansiële instrumente word van die gasheerkontrak geskei wanneer hul ekonomiese eienskappe nie 'n nou verwantskap toon met dié van die gasheerkontrak nie en die gasheerkontrak nie teen billike waarde verantwoord word nie. Winste en verliese word in die inkomstestaat verantwoord.

(VII) **NIE-BEDRYFSBATES GEHOU VIR VERKOOP EN STAAK VAN BEDRYWIGHEDE**

Nie-bedryfsbates (of vervreemdingsgroepe) word geklassifiseer as gehou vir verkoop indien hul drawaardes hoofsaaklik deur 'n verkoopstransaksie, eerder as deur voortdurende verbruik, verhaal sal word. Hierdie bates (of vervreemdingsgroepe) word gemeet teen die laagste van óf drawaarde óf billike waarde minus verkoopskoste.

REKENINGKUNDIGE BELEID

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

(VIII) VOORRAAD EN ONVOLTOOIDE KONTRAKTE

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Die grondslag waarvolgens koste, wat finansieringskoste uitsluit, bepaal word, is die eerste-in-eerste-uit-kostemetode. Netto realiseerbare waarde is die beraamde verkoopprijs in die normale gang van besigheid, minus veranderlike verkoopskoste. Waar van toepassing, word voorsiening vir stadig bewegende en verouderde voorraad gemaak. Onvoltooide werk en klaarprodukte sluit direkte koste en 'n toepaslike deel van vervaardigingsbokoste in.

(IX) BELASTING

Uitgestelde belasting word voorsien volgens die balansstaat-aanspreeklikheidsmetode en deur gebruik te maak van heersende belastingkoerse. Voorsiening word gemaak vir alle tydelike verskille tussen die belastingbasis van bates en laste en hulle drawaardes in die balansstaat. Geen uitgestelde belastingaanspreeklikheid word erken in daardie omstandighede waar die aanvanklike erkenning van 'n bate of las geen invloed het op rekeningkundige of belasbare inkomste nie. Geen uitgestelde belastingbates word erken nie tensy dit waarskynlik is dat voldoende belasbare inkomste beskikbaar sal wees in toekomstige tydperke waarteen dié bates aangewend kan word.

Sekondêre belasting op maatskappye word voorsien ten opsigte van dividendbetalings, netto van dividende ontvang of ontvangbaar, en word erken as 'n belastinguitgawe vir die jaar.

(X) BUITELANDSE VALUTA

Funksionele en verslagdoeningsgeldeenheid

Items wat by die finansiële state van elk van die groep se entiteite ingesluit is, word gemeet deur gebruik te maak van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die entiteit bedryf word (funksionele geldeenheid). Die Remgro groep se maatskappy- en gekonsolideerde funksionele en verslagdoeningsgeldeenheid is rand en alle bedrae, tensy anders aangetoon, word in miljoene getoon.

Transaksies en balanse

Transaksies in buitelandse geldeenhede word na die funksionele geldeenheid omgerekend teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum heers. Wisselkoerswinste en -verliese wat ontstaan uit die vereffening van sulke transaksies en die omrekening op jaareinde teen die dan heersende wisselkoerse van monetêre bates en laste wat gedomineer is in buitelandse geldeenhede, word in die inkomstestaat erken, tensy dit in ekwiteit uitgestel word as kwalifiserende kontantvloeiskanse en kwalifiserende netto beleggingskanse. Wisselkoersverskille op nie-monetêre items word volgens die klassifikasie van die onderliggende items verantwoord. Wisselkoerswinste en -verliese op ekwiteite geklassifiseer as beskikbaar vir verkoop word by die beskikbaar-vir-verkoop-reserwe in ekwiteit ingesluit, terwyl wisselkoersverskille op ekwiteite teen billike waarde deur wins en verlies as deel van die billike waarde wins of verlies verantwoord word.

Groepsentiteite

Die resultate en finansiële posisie van alle buitelandse bedrywighede (uitgesluit dié in hiperinflasionêre ekonomieë) met 'n funksionele geldeenheid wat verskil van die groep se verslagdoeningsgeldeenheid, word soos volg na die verslagdoeningsgeldeenheid omgerekend:

- Bates en laste word teen die sluitingskoers op die balansstaatdatum omgerekend.
- Inkomste en uitgawes vir elke inkomstestaat word teen die gemiddelde wisselkoerse vir die jaar omgerekend, tot dié mate dat die gemiddelde wisselkoerse die werklike koerse weerspieël.
- Alle voortspruitende wisselkoersverskille word in 'n afsonderlike komponent van ekwiteit verantwoord.

Met konsolidasie word wisselkoersverskille, voortspruitend uit die omrekening van die netto belegging in buitelandse bedrywighede, en van lenings en ander geldeheidinstrumente wat as skans van sulke beleggings aangewys is, direk na 'n afsonderlike komponent van ekwiteit geneem. Met die vervreemding van buitelandse bedrywighede word sulke wisselkoersverskille in die inkomstestaat erken as deel van die wins of verlies met die verkoop. Klandisiewaarde en billike waarde aanpassings voortspruitend uit die verkryging van buitelandse bedrywighede word as bates en laste van die buitelandse bedrywigheid hanteer en teen die sluitingskoers op balansstaatdatum omgerekend.

(XI) FINANSIËLE INSTRUMENTE

Finansiële instrumente in die balansstaat getoon sluit in kontant en kontantekwivalente, beleggings, afgeleide instrumente, debiteure en korttermynlenings, handels- en ander krediteure en lenings. Finansiële instrumente word aanvanklik erken wanneer die groep 'n party word by die kontraktuele terme van die instrument. Aanvanklike erkenning geskied teen billike waarde, transaksiekoste ingesluit, wat die waarde verteenwoordig van die teenprestasie gelewer (finansiële bate) of ontvang (finansiële las). Met die aanvanklike erkenning van finansiële instrumente gehou teen billike waarde deur wins en verlies word die transaksiekoste in die inkomstestaat verantwoord. Ná aanvanklike erkenning word die instrumente verantwoord soos uiteengesit in die toepaslike rekeningkundige beleidsaantekeninge.

Finansiële bates (of 'n gedeelte daarvan) word onderken wanneer die groep sy regte, soos in die kontrak gespesifiseer, realiseer, die regte verval of die groep sy kontraktuele regte, wat die finansiële bate omvat, prysgee of beheer daaroor verloor. By die onderkenning van 'n finansiële bate word die verskil tussen die drabedrag van dié bate en die opbrengs ontvang, sowel as enige vorige aanpassings ten einde die billike waarde daarvan te weerspieël en teen ekwiteit verantwoord was, in die inkomstestaat verantwoord.

Finansiële laste (of 'n gedeelte daarvan) word onderken wanneer die groep onthef word van die verpligting gespesifiseer in die kontrak, die verpligting gekanselleer word, of dit verval. By die onderkenning van 'n finansiële las word die verskil tussen die drabedrag van dié las, ingesluit verwante ongeamortiseerde kostes sowel as enige bedrag daarvoor betaal, in die inkomstestaat verantwoord.

Die billike waarde van finansiële instrumente wat in 'n georganiseerde finansiële mark verhandel, word teen die toepaslike gekwoteerde pryse gemeet. Die billike waarde van finansiële instrumente wat nie in 'n georganiseerde finansiële mark verhandel nie, word bepaal deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid van metodes en aannames gebaseer op markomstandighede en risiko wat op balansstaatdatum bestaan, ingesluit onafhanklike evaluerings en verdiskonteerde kontantvloeiemetodes. Billike waarde verteenwoordig 'n beraming van moontlike waardes wat mag verskil van die waarde wat uiteindelik gerealiseer gaan word.

Daar is groepmaatskappye wat ook partye is tot afgeleide finansiële instrumente wat die blootstelling aan finansiële risiko's verlaag. Hierdie instrumente bestaan hoofsaaklik uit termynkontrakte. Sekere groepmaatskappye pas verskansingsrekeningkunde toe en winste en verliese wat voortspruit uit kontantvloeienskans word direk in ekwiteit erken, terwyl winste en verliese wat voortspruit uit billikewaardeskans in die inkomstestaat erken word in die periode waarin dit ontstaan. Groepmaatskappye wat nie verskansingsrekeningkunde toepas nie, erken veranderinge in die billike waarde van hierdie en ander afgeleide instrumente in die inkomstestaat in die periode waarin dit ontstaan.

Waar tans 'n wetlik afdwingbare reg bestaan om erkende finansiële bates en laste teen mekaar te verreken, en daar die voorneme is om gelyktydig die las te vereffen en die bate te realiseer, of om op 'n netto grondslag te vereffen, dan word alle verwante finansiële uitwerkings teen mekaar verreken.

(XII) VOORSIENINGS

Voorsienings word erken wanneer 'n wetlike of konstruktiewe verpligting ontstaan as gevolg van gebeure in die verlede, dit waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele omvat vereis sal word om die verpligting te vereffen, en 'n betroubare beraming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word.

Voorsienings word gemeet teen die huidige waarde van die uitgawes wat na verwagting benodig word ten einde die verpligting af te los. Die huidige waarde word bereken deur gebruik te maak van 'n voorbelaste koers wat die huidige markaanslag van die tydwaarde van geld en die spesifieke risiko's wat met die verpligting verband hou in aanmerking neem. Die toename in die voorsiening as gevolg van tydsverloop word as rente-uitgawe erken.

REKENINGKUNDIGE BELEID

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

(XIII) WERKNEMERVOORDELE

Na-aftredevoordele

PENSIOENVERPLIGTINGE – Maatskappye in die groep verskaf omskrewewoordeel- en omskrewebydrae-fondse vir die voordeel van werknemers. Die bates van dié fondse word in afsonderlike trustee-bestuurde fondse gehou. Die fondse word deur betalings van die werknemers en die groep befonds, gebaseer op aanbevelings deur onafhanklike, gekwalifiseerde aktuarisse.

Die rekeningkundige pensioenkosse van die omskrewewoordeel-fondse word bepaal deur gebruik te maak van die geprojekteerde kredieteenhedemete. Ingevolge dié metode word die kosse om pensioene te voorsien in die inkomstestaat verreken deur die kosse te versprei oor die diensteryn van werknemers in ooreenstemming met advies van gekwalifiseerde aktuarisse, wat elke drie jaar volle waardasies van die fondse doen. Die pensioenverpligting word bepaal volgens die huidige waarde van die geskatte toekomstige kontantuitvloei deur gebruik te maak van rentekoerse van staatseffekte wat ongeveer dieselfde terme tot vervaldatum het as die verwante verpligting.

Verstreke-dienskosse word onmiddellik in inkomste erken, behalwe waar veranderinge in die pensioenplan die voorwaarde stel dat werknemers in diens bly vir 'n bepaalde vestigingstydperk, in welke geval die verstreke-dienskosse op 'n reguitlyngrondslag oor die vestigingstydperk geamortiseer word.

Die netto surplus of tekort van die voordeelverpligting is die verskil tussen die huidige waarde van die befondsde verpligting en die billike waarde van die fondsbates.

Indien die opgelope onerkende aktuariële winste en verliese aan die einde van die vorige verslagdoeningstydperk die grootste van 10% van die omskrewewoordeelverpligting of -bate oorskry, word dié oorskot in toekomstige tydperke oor die verwagte gemiddelde oorblywende diensteryne van die deelnemende werknemers verantwoord. Die groep se bydrae tot die omskrewebydrae-pensioenfondse word verreken in die inkomstestaat in die jaar waarop dit betrekking het.

NA-AFTREDE MEDIESE VERPLIGTINGE – Die groep verskaf na-aftrede mediese voordele aan afgetrede werknemers. Die geregtigheid op na-aftrede mediese voordele is gebaseer op die vereiste dat die werknemers in diens bly tot aftrede en die voltooiing van 'n minimum diensperiode. Die geprojekteerde kredieteenhedemete van waardasie word gebruik vir die berekening van die na-aftrede mediese verpligting.

Die verwagte kosse van dié voordele word as uitgawe verantwoord en die verpligting oor die periode van diens geakkumuleer deur gebruik te maak van rekeningkundige metodologie wat ooreenstem met dié van omskrewewoordeel-pensioenfondse. Waardasies van dié verpligtinge word uitgevoer deur onafhanklike, gekwalifiseerde aktuarisse.

Ekwiteitsvergoedingsplanne

Die Remgro groep bedryf verskeie ekwiteitskikkende aandeelgebaseerde vergoedingsplanne. Alle aandeelaanbiedinge toegestaan na 7 November 2002 en wat nog nie teen 1 Januarie 2005 gevestig het nie, word as aandeelgebaseerde betalingstransaksies verantwoord. Die billike waarde van aandeelaanbiedinge word op die toekenningsdatum bepaal en as werknemersdienskosse oor die vestigingstydperk van die aandeelaanbiedinge verantwoord, met 'n ooreenstemmende toename in ekwiteit, gebaseer op die groep se beraming van die aandele wat uiteindelik sal vestig. Die billike waarde word bepaal deur van 'n binomiale model gebruik te maak. Die verwagte kontraklewe wat gebruik is in die model is aangepas volgens bestuur se beste beraming van die effek van nie-oordraagbaarheid, uitoefeningsbeperkings en gedragsoorwegings.

Enige winste en verliese wat realiseer uit aandele gelewer aan die deelnemers van die Remgro Aandelekema word direk in ekwiteit erken.

Korttermynvoordele

Werknemers se geregtigheid op verlof word erken wanneer dit ophoop ten gunste van die betrokke werknemers. 'n Voorsiening word gemaak vir die beraamde aanspreeklikheid vir verlof as gevolg van dienste wat deur werknemers gelewer word tot op balansstaatdatum.

(xiv) KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Vir doeleindes van die kontantvloeistaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, daggeld-deposito's by banke en beleggings in geldmarkinstrumente, netto van bankoortrekkings. Bankoortrekkings word in die balansstaat by korttermyn rentedraende lenings ingesluit.

(xv) INKOMSTE-ERKENNING

Inkomste bestaan uit die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar vir die verkoop van goedere en dienste in die normale gang van die groep se bedrywighede en word netto van belasting op toegevoegde waarde, teruggestuurde goedere en afslag getoon. Inkomste word soos volg erken:

Inkomste uit die verkoop van produkte word verantwoord wanneer die wesentlike risiko's en voordele van eienaarskap na die koper oorgedra is. Inkomste uit dienste word verantwoord sodra die diens gelewer is. Rente word op 'n tydskapsbasis verantwoord (met inagneming van die uitstaande kapitaal, die effektiewe koers en die tydperk), tensy invorderbaarheid twyfelagtig is. Dividende word verantwoord wanneer die reg om betaling te ontvang, gevestig word.

(xvi) TESOURIE-AAANDELE

Aandele in die maatskappy wat deur groepmaatskappye gehou word sowel as aandele wat deur Die Remgro Aandeletrust gehou word, word as tesourie-aandele geklassifiseer en teen kosprys getoon. Hierdie aandele word as 'n aftrekking teen die uitgereikte aantal aandele hanteer en in berekening gebring by die bepaling van die geweege gemiddelde aantal aandele. Die kosprys van die aandele word teen die groep se ekwiteit verreken.

(xvii) NUWE REKENINGKUNDIGE STANDPUNTE EN INTERPRETASIES

Alle nuwe rekeningkundige standpunte, interpretasies en wysigings aan IFRS wat reeds op 31 Maart 2006 uitgereik is maar nog nie op dié datum effektief was nie, is deur bestuur oorweeg. Die standpunte wat op die groep van toepassing is, maar nie vroeg geïmplementeer is nie, is die volgende:

- IFRS 6: Eksplorasië vir en evaluasië van mineraalhulpbronne
- IFRS 7: Finansiële instrumente: openbaarmaking
- IFRIC 4: Bepaling of 'n ooreenkoms 'n huurkontrak bevat
- IFRIC 5: Regte in belange voortspruitend uit uitbedryfstellings-, restorasie- en omgewingsrehabilitasiefondse
- IFRIC 6: Verpligtinge vanweë deelname in 'n spesifieke mark – ongebruikte elektriese en elektroniese toerusting
- IFRIC 7: Toepassing van die herstatingsmetode volgens IAS 29: Finansiële rapportering in hiperinflasionêre ekonomieë
- IFRIC 9: Heroorweging van vasgeslote afgeleide instrumente
- Wysiging op IFRS 1: Eerste oorgang na Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde, met betrekking tot IFRS 6: Verpligtinge vanweë deelname in 'n spesifieke mark – ongebruikte elektriese en elektroniese toerusting
- Wysiging op IFRS 4: Versekeringkontrakte, met betrekking tot finansiële waarborgkontrakte
- Wysiging op IAS 1: Openbaarmaking van finansiële state, met betrekking tot kapitale openbaarmakings
- Wysiging op IAS 21: Die uitwerking van veranderinge in buitelandse valutakoerse, met betrekking tot netto beleggings in buitelandse bedrywighede
- Wysiging op IAS 39: Finansiële instrumente: Erkenning en meting, met betrekking tot kontantvloeskansverrekening van begrote intergroeptransaksies, die billike waarde opsie en finansiële waarborgkontrakte

Die toepassing van bogenoemde standpunte en interpretasies in toekomstige finansiële verslagdoeningstydperke sal na verwagting nie 'n wesentlike uitwerking op die groep se finansiële resultate, finansiële posisie en kontantvloeï hê nie.

BALANSSTATE

OP 31 MAART 2006

| R miljoen | Aantekeninge | GEKONSOLIDEERD | | DIE MAATSKAPPY | |
|--|--------------|----------------|----------------|----------------|--------------|
| | | 2006 | 2005 | 2006 | 2005 |
| BATES | | | | | |
| Nie-bedryfsbates | | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 2 | 2 318 | 3 995 | – | – |
| Biologiese landboubates | 3 | 95 | 94 | – | – |
| Beleggingseiendomme | 4 | 31 | 31 | – | – |
| Klandisiewaarde en handelsmerke | 5 | 352 | 386 | – | – |
| Beleggings – Geassosieerde maatskappye | 6 | 26 098 | 28 201 | – | – |
| – Ander | 7 | 4 136 | 1 948 | – | – |
| Lenings | | 6 | 157 | – | – |
| Uitgestelde belasting | 19 | 90 | 154 | – | – |
| | | 33 126 | 34 966 | – | – |
| Bedryfsbates | | 8 210 | 4 773 | 2 795 | 8 000 |
| Voorraad | 8 | 620 | 651 | – | – |
| Biologiese landboubates | 3 | 242 | 239 | – | – |
| Debiteure en korttermynlenings | | 878 | 1 450 | 2 795 | 8 000 |
| Afgeleide instrumente | 27 | 46 | 1 | – | – |
| Belasting | | 67 | 60 | – | – |
| Kontant en kontantekwivalente | 9 | 6 357 | 2 372 | – | – |
| Totale bates | | 41 336 | 39 739 | 2 795 | 8 000 |
| EKWITEIT EN LASTE | | | | | |
| Uitgereikte kapitaal | 10 | 8 | 8 | 8 | 8 |
| Reserwes | 11 | 37 898 | 37 377 | 2 779 | 7 986 |
| Tesourie-aandele | 10 | (412) | (2 552) | – | – |
| Aandeehouersekwiteit | | 37 494 | 34 833 | 2 787 | 7 994 |
| Minderheidsbelang | | 596 | 2 011 | – | – |
| Totale ekwiteit | | 38 090 | 36 844 | 2 787 | 7 994 |
| Nie-bedryfslaste | | 1 144 | 866 | – | – |
| Aftreevoordele | 12 | 185 | 232 | – | – |
| Langtermynlenings | 13 | 169 | 161 | – | – |
| Uitgestelde belasting | 19 | 790 | 473 | – | – |
| Bedryfslaste | | 2 102 | 2 029 | 8 | 6 |
| Handels- en ander krediteure | | 1 458 | 1 708 | 8 | 6 |
| Korttermynlenings | 14 | 101 | 214 | – | – |
| Voorsienings | 15 | 41 | 21 | – | – |
| Afgeleide instrumente | 27 | 29 | 17 | – | – |
| Belasting | | 473 | 69 | – | – |
| Totale ekwiteit en laste | | 41 336 | 39 739 | 2 795 | 8 000 |

INKOMSTESTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

| R miljoen | Aantekeninge | GEKONSOLIDEERD | | DIE MAATSKAPPE | |
|---|--------------|----------------|--------------|----------------|--------------|
| | | 2006 | 2005 | 2006 | 2005 |
| Verkope | | 9 802 | 9 948 | | |
| Vorraaduitgawes | | (4 919) | (5 205) | | |
| Personeelkoste | 22 | (2 603) | (2 442) | | |
| Waardevermindering | 16 | (293) | (262) | | |
| Ander netto bedryfsuitgawes | 16 | (771) | (953) | (3) | (2) |
| Dividende ontvang | 18 | 410 | 79 | 4 191 | 2 907 |
| Rente ontvang | 16 | 341 | 275 | | |
| Finansieringskoste | | (29) | (56) | | |
| Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde | | 3 | 22 | | |
| Wins met die aflossing en verkoop van beleggings | 16 | 3 162 | 2 194 | | |
| Gekonsolideerde wins voor belasting | | 5 103 | 3 600 | 4 188 | 2 905 |
| Belasting | 19 | (857) | (417) | | (1) |
| Gekonsolideerde wins na belasting | | 4 246 | 3 183 | 4 188 | 2 904 |
| Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye | 20 | 4 354 | 5 742 | | |
| Netto wins vir die jaar | | 8 600 | 8 925 | 4 188 | 2 904 |
| Toeskryfbaar aan: | | | | | |
| Ekwiteitshouers | | 8 202 | 8 518 | 4 188 | 2 904 |
| Minderheidsbelang | | 398 | 407 | | |
| | | 8 600 | 8 925 | 4 188 | 2 904 |

| VERDIENSTE PER AANDEEL | | Sent | Sent |
|------------------------|---|---------|---------|
| – Basies | 1 | 1 697.6 | 1 712.9 |
| – Verwater | | 1 671.3 | 1 677.2 |

| GEASSOSIEERDE MAATSKAPPE | R miljoen | R miljoen |
|--|--------------|--------------|
| Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye | | |
| Wins voor inagneming van waardedalings, kapitale en nie-herhalende items | 4 428 | 4 514 |
| Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde | (157) | (202) |
| Wins met die verkoop van beleggings | 681 | 1 663 |
| Herstruktureringkoste | (280) | (265) |
| Nie-herhalende gedeelte van SEB-koste | (380) | – |
| Ander kapitale en nie-herhalende items | 62 | 32 |
| | 4 354 | 5 742 |

STATE VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2006

| R miljoen | TOESKRYFBAAR AAN EKWITEITHOUERS VAN DIE MAATSKAPPY | | | | | | | | |
|--|--|------------------------|---------------------------------------|------------------------------|----------------------|----------------------|---------------------------------|-----------------------------|--------------------|
| | Uitgereikte kapitaal | Ekwiteits- reserwes | Ander nie- verdeelbare reserwes | Billike waarde reserwe | Behoue verdienste | Tesourie- aandeel | Aandeel- houers- ekwiteit | Minder- heids- belang | Totale ekwiteit |
| GEKONSOLIDEERD | | | | | | | | | |
| 2006 | | | | | | | | | |
| Saldo's op 1 April | 8 | 15 417 | 1 091 | 1 261 | 19 608 | (2 552) | 34 833 | 2 011 | 36 844 |
| IFRS-aansuiwering op 1 April | | (341) | | | | | (341) | | (341) |
| Hersaamgestelde saldo's op 1 April | 8 | 15 076 | 1 091 | 1 261 | 19 608 | (2 552) | 34 492 | 2 011 | 36 503 |
| Totale inkomste verantwoord | | (1 035) | (213) | 1 903 | 8 055 | | 8 710 | 398 | 9 108 |
| Wisselkoersaanpassings | | (1 035) | (213) | | (147) | | (1 395) | | (1 395) |
| Netto billike waarde aanpassings vir die jaar | | | | 1 903 | | | 1 903 | | 1 903 |
| Netto inkomste direk in ekwiteit verantwoord | | (1 035) | (213) | 1 903 | (147) | | 508 | | 508 |
| Netto wins vir die jaar | | | | | 8 202 | | 8 202 | 398 | 8 600 |
| Dividende betaal | | | | | (4 525) | | (4 525) | (151) | (4 676) |
| Kapitaal deur minderhede geïnvesteer | | | | | | | | 17 | 17 |
| Oordragte tussen reserwes | | (2 024) | 173 | | 1 851 | | - | | - |
| Veranderinge in reserwes van filiaalmaatskappye, geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | | (242) | (14) | (4) | (3) | | (263) | (264) | (527) |
| Oordrag van behoue inkomste van geassosieerde maatskappye | | 897 | | | (897) | | - | | - |
| Aandele deur volfiliaal terugkoop (tesourie-aandele) | | | | | | (977) | (977) | | (977) |
| Medi-Clinic* | | 1 354 | (16) | | (1 338) | | - | (1 418) | (1 418) |
| Aandele deur Die Remgro Aandeletrust verkoop | | | | | | 92 | 92 | | 92 |
| Langtermyn aandele-aansporingskema-reserwe | | | (24) | | | | (24) | 3 | (21) |
| Kansellasië van tesourie-aandele | | | | | (3 036) | 3 025 | (11) | | (11) |
| Saldo's op 31 Maart | 8 | 14 026 | 997 | 3 160 | 19 715 | (412) | 37 494 | 596 | 38 090 |
Waar beramings voorheen ingevolge SA AARP gemaak is, is konsekwente beramings (aangepas om enige verskille in rekeningkundige beleide te weerspieël) met die oorgang na IFRS gemaak.

Kontantvloestaat

Geen van die IFRS-aanpassings aan die kontantvloestaat was wesentlik nie.

WESENTLIKE AANPASSINGS

Die basis van die wesentlike aanpassings tussen SA AARP en IFRS, soos getoon in die Rekonsiliasie van Ekweits- en die Rekonsiliasie van die Inkomstestaattabelle, word hieronder getoon. Let daarop dat die aanpassings, waar van toepassing, getoon word nadat belasting in ag geneem is.

Kumulatiewe omrekeningsverskille

Volgens SA AARP het Remgro beleggings in buitelandse filiale as buitelandse entiteite geklassifiseer. Die voortspruitende buitelandse valuta-aanpassings is direk in ekwiteit erken, wat 'n buitelandse valuta-omrekeningsreserwe daargestel het.

Die onderskeid tussen buitelandse entiteite en geïntegreerde buitelandse bedrywighede, volgens die bedoeling van bestuur, is verwyder. IFRS vereis dat elke entiteit die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin dit bedryf word, bepaal. 'n Entiteit wat 'n funksionele geldeenheid anders as rand het, word omgerekend teen sluitingswisselkoerse en verskille word direk in ekwiteit verantwoord. Alle ander entiteite wat rand as funksionele geldeenheid het, verantwoord wisselkoersverskille in wins en verlies.

Volgens die vereistes van IFRS 1 het Remgro gekies dat kumulatiewe omrekeningsverskille van buitelandse bedrywighede as nul geag word op die oorgangsdatum.

Na-aftreevoordele

Voorheen het Remgro gekies om die korridor metode te gebruik vir die erkenning van aktuariële winste en verliese. Slegs kumulatiewe aktuariële winste en verliese wat 10% van die grootste van die surplus of tekort van die fonds oorskry het, is in die inkomstestaat geamortiseer. Kumulatiewe winste en verliese binne hierdie korridor is in die balansstaat verantwoord en erken oor die verwagte oorblywende dienstermyne van werknemers.

Volgens IFRS 1 het Remgro gekies om op die oorgangsdatum alle opgelope aktuariële winste en verliese in ekwiteit te erken. Toekomstige aktuariële winste en verliese sal in die toekoms ook erken word deur die gebruik van die korridor metode.

Eiendom, aanleg en toerusting

Voorheen is eiendom, aanleg en toerusting afgeskryf op 'n reguitlynbasis tot hul beraamde reswaardes. Hierdie reswaardes is bepaal op die aankoopdatum en is nie jaarliks heroorweeg nie.

IFRS vereis dat wesentlike gedeeltes van eiendom, aanleg en toerusting afsonderlik geïdentifiseer word en die reswaardes hiervan op elke balansstaatsdatum herbereken word. Waardevermindering word gestaak wanneer die drawaarde van 'n bate gelyk is aan sy reswaarde.

Aandeelgebaseerde betalings

Remgro en sy filiale bedryf verskeie ekweitskikkende aandeelgebaseerde vergoedingsplanne. In die verlede het Remgro homself verskans deur dieselfde aantal aandele in die mark te koop as wat aan deelnemers aangebied is. Dit het die effek gehad dat geen nuwe aandele uitgereik hoef te word wanneer aandele aan deelnemers gelewer word nie. Remgro se enigste werklike koste was die verskil (indien enige) tussen die aankoopprys van die aandele en die inskrywingsprys wat deur die deelnemers betaal word wanneer die aandele aan hulle gelewer word. In die verlede is hierdie koste gelykmatig oor 'n tydperk van vier jaar teen netto inkomste en wesensverdienste verantwoord, met 'n ooreenstemmende krediet teen ekwiteit.

Soos voorheen genoem, het Remgro, soos toegelaat deur IFRS 1, gekies om nie IFRS 2 toe te pas op aandeelaanbiedinge toegestaan voor 7 November 2002, sowel as op aanbiedinge wat na daardie datum gemaak is en reeds teen 1 Januarie 2005 gevestig het nie. IFRS vereis dat die billike waarde van die aanbod bereken word op die dag wat dit gemaak word en as 'n personeelkoste oor die vestigingstydperk van die aanbod verantwoord word, met 'n dienooreenkomstige toename in ekwiteit, gebaseer op Remgro se beraming van aandele wat uiteindelik sal vestig.

Klandisiewaarde

'n Wesentlike aspek van IFRS wat Remgro beïnvloed is die verwydering van klandisiewaarde-amortisasie uit die inkomstestaat. Soos vermeld in die 2005-jaarstate, het Remgro *IFRS 3 (RE 140): Besigheidsamevoegings* met ingang van 1 April 2004 geïmplementeer. Volgens die voorskrifte van hierdie rekeningkundige standpunt, word geen klandisiewaarde wat ontstaan het uit besigheidsamevoegings op of na 31 Maart 2004, geamortiseer nie, maar getoon teen koste minus opgehoopde waardedalingsverliese. Vanaf 1 April 2004 word alle klandisiewaarde, wat op daardie datum reeds bestaan het, volgens die voorskrifte van IFRS 3 gehanteer en nie meer geamortiseer nie.

Die enigste uitsondering was klandisiewaarde wat steeds deur sekere geassosieerde maatskappye geamortiseer en verantwoord is in Remgro se 2005 finansiële jaarstate. Dit was hoofsaaklik as gevolg van verskillende jaareindes van maatskappye wat latere inwerkingtreding van nuwe rekeningkundige standaarde veroorsaak. Aangesien Remgro en sy filiaalmaatskappye reeds IFRS 3 in hul 2005 finansiële jaar toegepas het, het die implementering van IFRS, met spesifieke verwysings na standpunte betreffende klandisiewaarde, geen impak gehad op hierdie maatskappye se gerapporteerde verdienste nie. Die implementering van IFRS het egter veroorsaak dat alle geassosieerde maatskappye nou ook IFRS 3 toepas en dus is Remgro se gedeelte van hul klandisiewaarde-amortisasie uit die inkomstestaat verwyder.

Hierdie aanpassing is ingesluit in die lynitem “Van geassosieerde maatskappye”.

Huurooreenkomste

IAS 17 vereis dat bedryfshuurinkomste en -uitgawes op 'n reguitlynbasis verantwoord word. Toekomstige toenames in huur, soos voorgeskryf in die huurkontrak, word bepaal en die gemiddelde huurinkomste of -uitgawe word in gelyke hoeveelhede oor die huurtermyn erken. In die algemeen lei dit daartoe dat bedryfshuurinkomste en -uitgawes vroeër erken word as met die vorige industriepraktijk in Suid-Afrika, waarvolgens inkomste en uitgawes erken is teen die konstante, reële opbrengskoers van die netto kontantbelegging in die huurkontrak.

Die IAS 17-aanpassing is ingesluit in die lynitems “Ander” en “Van geassosieerde maatskappye”.

Geassosieerde maatskappye

Hoewel die implementering van IFRS wesentlike gevolge vir sekere geassosieerde maatskappye gehad het, is die effek op Remgro-vlak beperk tot aanpassings op die enkellyne van geassosieerde maatskappye in die inkomstestaat en balansstaat.

Soos hierbo genoem was die belangrikste effek van die implementering van IFRS deur geassosieerde maatskappye die staking van amortisasie van klandisiewaarde met spesifieke verwysing na British American Tobacco Plc.

Die IFRS-aansuiwerings op 1 April 2005 hou verband met die implementering van IFRS 4 en IAS 32/39 deur FirstRand Beperk. Hierdie aansuiwerings hou hoofsaaklik verband met die uitskakeling van tesourie-aandele wat in polishouerbates gehou word, die implementering van IFRS 4 en die verandering van kredietmetodologie met die implementering van IAS 39, van 'n verwagte- na 'n aangeganeverlies-metode.

OORGANGSVERSLAG – OORGANG NA INTERNASIONALE FINANSIËLE RAPPORTERINGSTANDAARDE (IFRS)

GEODITEERDE HERSAMESTELLING VAN FINANSIËLE INLIGTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2005 INGEVOLGE IFRS

REKONSILIASIE VAN DIE INKOMSTESTAAT

Jaar geëindig
31 Maart
2005
R miljoen

WINS TOESKRYFBAAR AAN EKWITEITHOUERS VAN DIE MAATSKAPPY

| | |
|---|-------|
| Soos voorheen gerapporteer ingevolge SA AARP | 8 807 |
| Vorige jaar aansuiwerings | 6 |
| Hersaamgestel ingevolge SA AARP | 8 813 |
| IFRS-aansuiwerings | (295) |
| Aandeelgebaseerde betalings | (8) |
| Aftreevoordele | (2) |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 4 |
| Van geassosieerde maatskappye | (289) |
| Soos gerapporteer ingevolge IFRS | 8 518 |

WESENSVERDIENSTE

| | |
|---|-------|
| Soos voorheen gerapporteer ingevolge SA AARP | 4 982 |
| Vorige jaar aansuiwerings | (35) |
| Hersaamgestel ingevolge SA AARP | 4 947 |
| IFRS-aansuiwerings | 51 |
| Aandeelgebaseerde betalings | (8) |
| Aftreevoordele | (2) |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 4 |
| Van geassosieerde maatskappye | 57 |
| Soos gerapporteer ingevolge IFRS | 4 998 |

Verwys na die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die gedetailleerde uiteensetting van die gewysigde inkomstestaat.

| | Soos gerapporteer ingevolge IFRS 31 Maart 2005 | Soos voorheen gerapporteer ingevolge SA AARP 31 Maart 2005 |
|---|---|---|
| Aantal gewone aandele uitgereik | 487 097 002 | 487 097 002 |
| Geweegde aantal gewone aandele uitgereik | 497 292 403 | 497 292 403 |
| Verdienste per aandeel (sent) | 1 712.9 | 1 771.0 |
| Verdienste per aandeel – verwater (sent) | 1 677.2 | 1 765.4 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | 1 005.0 | 1 001.8 |
| Wesensverdienste per aandeel – verwater (sent) | 977.7 | 998.7 |
| Netto batewaarde per aandeel – teen boekwaarde (Rand) | R71.51 | R71.77 |

REKONSILIASIE VAN BATES, LASTE EN EKWITEIT

| | 31 Maart 2005 R miljoen | 1 April 2004 R miljoen |
|---|-------------------------------|------------------------------|
| BATES | | |
| Soos voorheen gerapporteer ingevolge SA AARP | 39 826 | 33 730 |
| Vorige jaar aansuiwerings | 22 | 15 |
| Hersaamgestel ingevolge SA AARP | 39 848 | 33 745 |
| IFRS-aansuiwerings | (109) | (477) |
| Aftreevoordele | – | (1) |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 115 | 96 |
| Ander | 12 | 12 |
| Van geassosieerde maatskappye | (236) | (584) |
| Soos gerapporteer ingevolge IFRS | 39 739 | 33 268 |
| LASTE | | |
| Soos voorheen gerapporteer ingevolge SA AARP | 2 855 | 2 319 |
| IFRS-aansuiwerings | 40 | 23 |
| Aftreevoordele | 1 | (3) |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 16 | 3 |
| Ander | 23 | 23 |
| Soos gerapporteer ingevolge IFRS | 2 895 | 2 342 |
| EKWITEIT | | |
| Soos voorheen gerapporteer ingevolge SA AARP | 36 971 | 31 411 |
| Vorige jaar aansuiwerings | 22 | 15 |
| Hersaamgestel ingevolge SA AARP | 36 993 | 31 426 |
| IFRS-aansuiwerings | (149) | (500) |
| Aftreevoordele | (1) | 2 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 99 | 93 |
| Ander | (11) | (11) |
| Van geassosieerde maatskappye | (236) | (584) |
| Soos gerapporteer ingevolge IFRS | 36 844 | 30 926 |

Verwys na die gekonsolideerde finansiële state vir die gedetailleerde uiteensetting van die gewysigde balansstaat.

OORGANGSVERSLAG – OORGANG NA INTERNASIONALE FINANSIËLE RAPPORTERINGSTANDAARDE (IFRS)

GEODITEERDE HERSAMESTELLING VAN FINANSIËLE INLIGTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2005 INGEVOLGE IFRS

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

| R miljoen | TOESKRYFBAAR AAN EKWITEITHOUERS VAN DIE MAATSKAPPY | | | | | | | | |
|---|--|--------------------------------|--------------------------------|-------------------------|-------------------|------------------|------------------------|--------------------|-----------------|
| | Uitgereikte kapitaal | Ekwiteit-verantwoorde reserwes | Ander nie-verdeelbare reserwes | Billike waarde reserwes | Behoue verdienste | Tesourie-aandele | Aandeelhouers-ekwiteit | Minderheids-belang | Totale ekwiteit |
| Vir die jaar geëindig | | | | | | | | | |
| 31 Maart 2004 | | | | | | | | | |
| Saldo's op 31 Maart 2004 | | | | | | | | | |
| – ingevolge SA AARP | 8 | 13 704 | 566 | 1 215 | 15 509 | (1 293) | 29 709 | 1 702 | 31 411 |
| Vorige jaar aansuiwerings | | 15 | | | | | 15 | | 15 |
| Hersaamgestel ingevolge SA AARP | 8 | 13 719 | 566 | 1 215 | 15 509 | (1 293) | 29 724 | 1 702 | 31 426 |
| IFRS-aansuiwerings | | | | | | | | | |
| – Aandeelgebaseerde betalings | | | 5 | | (5) | | | | |
| – Aftreevoordele | | | | | 1 | | 1 | 1 | 2 |
| – Eiendom, aanleg en toerusting | | | 94 | | | | 94 | (1) | 93 |
| – Wisselkoersverskille | | (1 633) | (123) | | 1 756 | | | | |
| – Ander | | | | | (11) | | (11) | | (11) |
| – Van geassosieerde maatskappye | | (584) | | | | | (584) | | (584) |
| Saldo's op 1 April 2004 ingevolge IFRS | 8 | 11 502 | 542 | 1 215 | 17 250 | (1 293) | 29 224 | 1 702 | 30 926 |
| Vir die jaar geëindig | | | | | | | | | |
| 31 Maart 2005 | | | | | | | | | |
| Saldo's op 31 Maart 2005 | | | | | | | | | |
| – ingevolge SA AARP | 8 | 17 264 | 1 106 | 1 261 | 17 873 | (2 552) | 34 960 | 2 011 | 36 971 |
| Vorige jaar aansuiwerings | | 22 | | | | | 22 | | 22 |
| Hersaamgestel ingevolge SA AARP | 8 | 17 286 | 1 106 | 1 261 | 17 873 | (2 552) | 34 982 | 2 011 | 36 993 |
| IFRS-aansuiwerings | | | | | | | | | |
| – Aandeelgebaseerde betalings | | | 14 | | (14) | | | | |
| – Aftreevoordele | | | | | (1) | | (1) | | (1) |
| – Eiendom, aanleg en toerusting | | | 94 | | 5 | | 99 | | 99 |
| – Wisselkoersverskille | | (1 633) | (123) | | 1 756 | | | | |
| – Ander | | | | | (11) | | (11) | | (11) |
| – Van geassosieerde maatskappye | | (236) | | | | | (236) | | (236) |
| Saldo's op 31 Maart 2005 ingevolge IFRS | 8 | 15 417 | 1 091 | 1 261 | 19 608 | (2 552) | 34 833 | 2 011 | 36 844 |
| Saldo's op 31 Maart 2005 ingevolge IFRS | 8 | 15 417 | 1 091 | 1 261 | 19 608 | (2 552) | 34 833 | 2 011 | 36 844 |
| IFRS-aansuiwerings op 1 April 2005 | | | | | | | | | |
| – Van geassosieerde maatskappye | | (341) | | | | | (341) | | (341) |
| Hersaamgestelde saldo's op 1 April 2005 ingevolge IFRS | 8 | 15 076 | 1 091 | 1 261 | 19 608 | (2 552) | 34 492 | 2 011 | 36 503 |

KONTANTVLOEISTAAT

Geen van die IFRS-aanpassings aan die kontantvloeistaat was wesentlik nie.

Verwys na die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die gedetailleerde uiteensetting van die gewysigde kontantvloeistaat.

MAATSKAPPY-INLIGTING

SEKRETARIS

M Lubbe (Mev)

SAKE-ADRES EN GEREISTREERDE KANTOOR

Carpe Diem Kantoorgebou

Quantumstraat

Tegnopark

Stellenbosch

7600

Posbus 456

Stellenbosch

7599

OORDRAGSEKRETARIS

Computershare Investor Services 2004 (Eiendoms) Beperk

Marshallstraat 70

Johannesburg

2001

Posbus 61051

Marshalltown

2107

OUдитеURE

PricewaterhouseCoopers Ing.

Stellenbosch

NOTERING

JSE Beperk

Sektor: Finansiële – Algemeen Finansiële

AMERICAN DEPOSITARY RECEIPT (ADR) PROGRAM

Cusip nommer 75956M107

ADR tot gewone aandeel 1:1

Depositaris:

The Bank of New York

101 Barclay Street

New York, NY 10286

BORG

Rand Aksepbank (’n Deel van FirstRand Bank Beperk)

WEBWERF

www.remgro.com

AANDEELHOERSINLIGTING

DATUMS VAN BELANG VIR AANDEELHOERS

Finansiële jaareinde

31 Maart

Algemene jaarvergadering

Woensdag, 23 Augustus 2006

FINANSIËLE VERSLAE

Aankondiging van tussenresultate

November

Tussenverslag

Desember

Aankondiging van jaarresultate

Junie

Finansiële jaarstate

Julie

DIVIDENDE

Tussendividend

– verklaar

November

– betaal

Januarie

Finale dividend

– verklaar

Junie

– betaal

Augustus

FINALE DIVIDEND NOMMER 12 EN SPESIALE DIVIDEND

Gewone dividend per aandeel

228 sent

Spesiale dividend per aandeel

400 sent

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die finale en spesiale dividend te kwalifiseer

Vrydag, 11 Augustus 2006

Verhandelinge op of na hierdie datum sal met uitsluiting van die finale en spesiale dividend wees

Maandag, 14 Augustus 2006

Rekorddatum

Vrydag, 18 Augustus 2006

Betaaldatum

Maandag, 21 Augustus 2006

AANDEELHOERSINLIGTING

STATISTIEK OP 31 MAART 2006


| | 2006 | | 2005 | |
|---|--------|--------------------|--------|--------------------|
| | % | Aantal aandeel | % | Aantal aandeel |
| VERNAAMSTE VOORDELIGE AANDEELHOERS | | | | |
| Gewone aandele | | | | |
| Public Investment Commissioner | 13.36 | 59 954 389 | 12.86 | 62 542 225 |
| Old Mutual Life Assurance Company SA | 6.05 | 27 164 496 | 8.56 | 41 645 623 |
| Remgro filiale (aandele in 2006 gekanselleer) | – | – | 6.27 | 30 521 841 |
| Sanlam | 5.23 | 23 471 269 | 5.21 | 25 344 255 |
| Ander | 75.36 | 338 212 053 | 67.10 | 326 439 706 |
| | 100.00 | 448 802 207 | 100.00 | 486 493 650 |
| B-gewone aandele | | | | |
| Rembrandt Trust (Edms) Beperk | 100.00 | 35 506 352 | 100.00 | 35 506 352 |
| Totaal | | 484 308 559 | | 522 000 002 |

Geen ander aandeelhouer het op 31 Maart 'n voordelige belang van meer as 5% in die gewone aandele van u maatskappy gehou nie.


| | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 |
|---|-------------|-------------|-------------|-------------|
| VERSPREIDING VAN AANDEELHOERS | | | | |
| Gewone aandele | | | | |
| <i>Publieke aandeelhouers</i> | 30 929 | 27 321 | 25 600 | 25 657 |
| Persentasie van aandeelhouers | 99.92 | 99.91 | 99.91 | 99.89 |
| Aantal aandele | 440 740 885 | 448 808 224 | 462 478 974 | 467 859 404 |
| Persentasie van aandele uitgereik | 98.2 | 92.25 | 95.06 | 96.17 |
| <i>Nie-publieke aandeelhouers</i> | | | | |
| Direkteure en hulle verwantes/Aandeletrust/Tesourie-aandele | 26 | 24 | 24 | 30 |
| Persentasie van aandeelhouers | 0.08 | 0.09 | 0.09 | 0.11 |
| Aantal aandele | 8 061 322 | 37 685 426 | 24 014 676 | 18 634 246 |
| Persentasie van aandele uitgereik | 1.80 | 7.75 | 4.94 | 3.83 |
| <i>Aantal aandeelhouers</i> | 30 955 | 27 345 | 25 624 | 25 687 |

| | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 |
|---|--------------------|---------------------|---------------------|---------------------|
| AANTAL AANDELE UITGEREIK | | | | |
| – Gewone aandele van 1 sent elk | 448 802 207 | 486 493 650 | 486 493 650 | 486 493 650 |
| Uitgereik op 1 April | 486 493 650 | 486 493 650 | 486 493 650 | 486 493 650 |
| Gekanselleer gedurende die jaar | (37 691 443) | – | – | – |
| – Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk | 35 506 352 | 35 506 352 | 35 506 352 | 35 506 352 |
| Totale aantal aandele uitgereik | 484 308 559 | 522 000 002 | 522 000 002 | 522 000 002 |
| Aantal aandele in tesourie gehou | (4 473 004) | (34 903 000) | (20 678 689) | (15 566 128) |
| Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou | (1 379 635) | (30 521 841) | (16 442 602) | (11 616 128) |
| Gewone aandele deur Die Remgro Aandeletrust gekoop en as tesourie-aandele verantwoord | (3 093 369) | (4 381 159) | (4 236 087) | (3 950 000) |
| | 479 835 555 | 487 097 002 | 501 321 313 | 506 433 874 |
| Geweegde aantal uitgereikte aandele | 483 154 691 | 497 292 403 | 503 280 054 | 516 517 429 |

ADDISIONELE INLIGTING (2006)



ADDISIONELE INLIGTING (2005)



AANDEELHOUSERSINLIGTING

Belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy Gewone aandele

| | Direk | | Indirek | | Totaal |
|----------------------|----------------|---------------|------------------|----------------|------------------|
| | Voordelig | Nie-voordelig | Voordelig | Nie-voordelig | |
| 31 Maart 2006 | | | | | |
| P E Beyers | 60 024 | – | 12 500 | – | 72 524 |
| W E Bührmann | 223 256 | – | – | – | 223 256 |
| G D de Jager | 38 740 | – | 108 300 | – | 147 040 |
| D M Falck | 200 | – | 18 133 | – | 18 333 |
| P K Harris | – | – | 57 118 | – | 57 118 |
| E de la H Hertzog | 228 245 | – | 1 671 903 | 4 484 | 1 904 632 |
| E Molobi | 174 | – | – | – | 174 |
| J F Mouton | – | – | 20 000 | – | 20 000 |
| J A Preller | 75 069 | – | – | – | 75 069 |
| F Robertson | – | – | 1 000 | – | 1 000 |
| J P Rupert | – | – | – | 270 001 | 270 001 |
| T van Wyk | 59 926 | – | – | – | 59 926 |
| M H Visser | – | – | 733 945 | – | 733 945 |
| | 685 634 | – | 2 622 899 | 274 485 | 3 583 018 |
| 31 Maart 2005 | | | | | |
| P E Beyers | 34 024 | – | 9 000 | – | 43 024 |
| W E Bührmann | 38 027 | – | – | – | 38 027 |
| G D de Jager | 28 740 | – | 108 300 | – | 137 040 |
| D M Falck | 200 | – | 18 133 | – | 18 333 |
| P K Harris | – | – | 57 118 | – | 57 118 |
| E de la H Hertzog | 228 245 | – | 1 614 564 | 4 484 | 1 847 293 |
| E Molobi | 174 | – | – | – | 174 |
| J F Mouton | – | – | 20 000 | – | 20 000 |
| J A Preller | 26 141 | – | – | – | 26 141 |
| F Robertson | – | – | 1 000 | – | 1 000 |
| J P Rupert | – | – | – | 270 001 | 270 001 |
| T van Wyk | 76 926 | – | – | – | 76 926 |
| M H Visser | – | – | 244 649 | – | 244 649 |
| | 432 477 | – | 2 072 764 | 274 485 | 2 779 726 |

B-gewone aandele

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rembrandt Trust (Edms) Beperk wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

Sedert die einde van die finansiële jaar tot datum van hierdie verslag het die belange van die direkteure onveranderd gebly.

KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS

Die 2006 algemene jaarvergadering van die maatskappy sal op Woensdag, 23 Augustus 2006, om 15:30 in die Ballroom, die Lord Charles Hotel, hoek van Faure- en Stellenboschweg, Somerset-Wes, gehou word om, indien goedgevind, die volgende besluite met of sonder wysiging aan te neem:

1. GOEDKEURING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE

Gewone Besluit Nommer 1

Besluit dat die geouditeerde finansiële jaarstate van die maatskappy en die groep vir die jaar geëindig 31 Maart 2006 aanvaar en goedgekeur word.

2. GOEDKEURING VAN DIREKTEURE SE VERGOEDING

Gewone Besluit Nommer 2

Besluit dat die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, op R1 870 000 vasgestel word.

3. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nommer 3

Besluit dat mnr G D de Jager wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

4. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nommer 4

Besluit dat mnr D M Falck wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

5. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nommer 5

Besluit dat mnr J F Mouton wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

6. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nommer 6

Besluit dat mnr F Robertson wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

7. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nommer 7

Besluit dat mnr J P Rupert wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

Biografiese inligting van al die direkteure van die maatskappy verskyn op bladsy 10 en 11 van die jaarverslag.

8. GOEDKEURING VIR DIE PLASING VAN AANDELE ONDER BEHEER VAN DIE DIREKTEURE

Gewone Besluit Nommer 8

Besluit dat die volle gemagtigde maar onuitgereikte aandeelkapitaal van die maatskappy, bestaande uit 63 691 443 gewone aandele van een sent elk en 5 000 000 B-gewone aandele van tien sent elk, hiermee onder die beheer van die direksie van die maatskappy geplaas word as 'n algemene magtiging kragtens artikel 221(2) van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos gewysig ("die Maatskappywet"), vir toewysing en uitreiking aan sodanige persone as wat hulle goeddink, met dien verstande dat 26 000 000 gewone aandele en 5 000 000 B-gewone aandele in die gemagtigde aandeelkapitaal van die maatskappy gereserveer is vir doeleindes van die Remgro Aandeeskema kragtens 'n gewone besluit wat op 21 September 2000 deur aandeelhouders geneem is.

Die algemene magtiging is onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet, die statute van die maatskappy en die noteringsvereistes van die JSE Beperk ("die noteringsvereistes") en sal geldig wees tot en met die volgende algemene jaarvergadering.

KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS

9. MAGTIGING VIR DIE TERUGKOOP VAN AANDELE

Spesiale Besluit Nommer 1

Besluit dat die direksie van die maatskappy hiermee gemagtig word, by wyse van 'n hernieubare algemene magtiging, om die koop van sy eie aandele deur die maatskappy, of om die koop van gewone aandele in die maatskappy deur enige filiaal van die maatskappy, goed te keur, met dien verstande dat:

- hierdie algemene magtiging geldig sal wees tot en met die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy of vir 15 maande vanaf die datum van hierdie besluit, welke tydperk ook al die kortste is;
- die gewone aandele deur die bestelboek van die JSE handelingsstelsel gekoop word sonder enige voorafgaande verstandhouding of ooreenkoms tussen die maatskappy en/of die betrokke filiaal en die teenparty;
- die maatskappy ooreenkomstig 11.27 van die noteringsvereistes 'n aankondiging publiseer (i) wanneer die maatskappy en/of sy filiale kumulatief 3% van die gewone uitgereikte aandele soos op die datum wat magtiging verleen is ("die aanvanklike getal") teruggekoop het, en (ii) vir elke 3% in totaal van die aanvanklike getal gewone aandele wat daarna deur die maatskappy en/of sy filiale teruggekoop word;
- die terugkoop deur die maatskappy van sy eie gewone aandele in enige enkele finansiële jaar in totaal nie 20% van die maatskappy se uitgereikte aandele van daardie klas mag oorskry nie, met die voorbehoud dat die verkryging van gewone aandele deur 'n filiaal as tesourievoorraad nie 10% van die totale getal uitgereikte aandele van die maatskappy mag oorskry nie;
- terugkope nie gedoen mag word teen 'n prys wat meer as 10% bo die geweegde gemiddelde markwaarde van die gewone aandele vir die vyf besigheidsdae onmiddellik voor die datum waarop die transaksie uitgevoer word, is nie;
- die maatskappy te eniger tyd net een verteenwoordiger mag aanwys om namens die maatskappy, of namens 'n filiaal van die maatskappy, die terugkoop van gewone aandele uit te voer;
- die maatskappy na die terugkoop steeds aan die bepalings van die noteringsvereistes insake aandeelhouersverspreiding sal voldoen;
- die maatskappy en die filiaal nie gedurende 'n verbode tydperk (soos gedefinieer in die noteringsvereistes) gewone aandele sal terugkoop nie;
- sodanige terugkope onderhewig sal wees aan die bepalings van die Maatskappywet, die statute van die maatskappy en die noteringsvereistes; en
- indien die maatskappy ingevolge hierdie algemene magtiging sy eie aandele van enige volfiliaal van die maatskappy koop, vir die doel om sodanige tesourie-aandele te kanselleer, die bepalings van paragraaf 2 hierbo nie van toepassing sal wees op sodanige kooptransaksies nie.

Dit is die voorneme van die direksie om hierdie algemene magtiging te gebruik indien die heersende omstandighede (insluitende die belastingbedeling en marktoestande) dit na hulle mening regverdig.

Die direkteure van die maatskappy onderneem dat hulle nie enige sodanige terugkoop sal implementeer terwyl hierdie algemene magtiging geldig is nie, tensy:

- die maatskappy en sy filiale in staat sal wees om, in die gewone loop van besigheid, hul skulde vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die kennisgewing van die algemene jaarvergadering waartydens hierdie besluit voorgestel is ("die algemene jaarvergadering"), te betaal;
- die bates van die maatskappy en sy filiale hul laste vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die kennisgewing van die algemene jaarvergadering sal oorskry. Vir hierdie doel sal die bates en die laste van die maatskappy en sy filiale erken en waardeer word in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van die maatskappy en die groep se nuutste geouditeerde finansiële jaarstate;
- die maatskappy en sy filiale voldoende aandeelkapitaal en reserwes vir gewone besigheidsdoeleindes sal hê vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die kennisgewing van die algemene jaarvergadering;
- die bedryfskapitaal van die maatskappy en sy filiale voldoende sal wees vir gewone besigheidsdoeleindes vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die kennisgewing van die algemene jaarvergadering; en
- die maatskappy se borg skriftelik aan die JSE bevestig het dat die maatskappy voldoende bedryfskapitaal vir doeleindes van 'n terugkoop van aandele het.

Rede vir en die effek van die Spesiale Besluit Nommer 1

Die rede vir en die effek van die spesiale besluit is om aan die direkteure van die maatskappy 'n algemene magtiging te verleen om die koop van sy eie aandele goed te keur of om 'n filiaal van die maatskappy toe te laat om aandele in die maatskappy te koop.

Vir doeleindes van die oorweging van Spesiale Besluit Nommer 1, en in ooreenstemming met 11.26 van die noteringsvereistes, is die inligting hieronder aangedui in die jaarverslag, waarin hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering vervat is, ingesluit:

- Direkteure en bestuur (bladsy 10 en 11);
- Wesenlike aandeelhouders (bladsy 104);
- Geen wesentlike veranderinge;
- Direkteure se belange in sekuriteite (bladsy 106);
- Aandelekapitaal van die maatskappy (bladsy 73 en 104);
- Die direkteure wie se name vermeld word op bladsy 10 en 11 aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die korrektheid van die inligting vervat in hierdie Spesiale Besluit Nommer 1 en sertifiseer dat, na die beste van hulle kennis en wete, daar geen ander feite nagelaat is wat enige verklaring vals of misleidend mag maak nie, en dat hulle alle redelike navrae in hierdie verband gedoen het en dat hierdie besluit alle inligting wat regtens en deur die noteringsvereistes vereis word, vervat;
- Daar is geen regs- of arbitrasieverrigtinge (insluitende enige verrigtinge wat hangend of dreigend is waarvan die maatskappy bewus is) wat 'n wesentlike effek mag hê of gehad het ten opsigte van die maatskappy se finansiële posisie oor die laaste twaalfmaandetydperk nie.

10. MAGTIGING VIR SLUITING VAN AFGELEIDE TRANSAKSIES

Spesiale Besluit Nommer 2

Besluit dat, onderhewig aan die aanvaarding van Spesiale Besluit Nommer 1, die direksie van die maatskappy hiermee gemagtig word, by wyse van 'n hernieubare algemene magtiging, om afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele koop, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die beperkinge vervat in reël 5.84(a) van die noteringsvereistes.

Rede vir en die effek van die Spesiale Besluit Nommer 2

Die rede vir en die effek van die spesiale besluit is om aan die direkteure van die maatskappy 'n algemene magtiging te verleen om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele koop.

En om enige ander besigheid te verrig wat op 'n algemene jaarvergadering verrig mag word.

Lede wat nog nie hul aandele gedematerialiseer het nie, of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul eie naam geregistreer het, is geregtig om die vergadering by te woon, te stem en het die reg om 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes te benoem om die vergadering namens hulle by te woon, daarop te praat en te stem. So 'n gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie. Volmagtvorms moet ingelewer word by die maatskappy se oordragsekretaris, Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of kan gepos word aan die oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Maandag, 21 Augustus 2006, om 15:30 (Suid-Afrikaanse tyd) nie.

Volmagtvorms moet slegs deur lede voltooi word wat nie hul aandele gedematerialiseer het nie of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul eie naam geregistreer het.

Elke lid van die maatskappy wat self teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word, sal slegs een stem hê in die geval waar stemming plaasvind by wyse van 'n opsteek van hande. By stemming per stembrief sal elke lid van die maatskappy een stem hê vir elke aandeel gehou deur die lid in die maatskappy.

Lede wat hulle aandele gedematerialiseer het en nie in eie naam geregistreer is as lede van die maatskappy nie, moet hulle sentralesekuriteitebewaarpak-deelnemer ("CSDP") of makelaar kontak om:

- hulle CSDP of makelaar van hul stemopdragte te voorsien; of
- die nodige toestemming te reël, sou hulle die vergadering self wou bywoon.

In opdrag van die raad van direkteure.

M Lubbe
Sekretaris

Stellenbosch
22 Junie 2006

VERDUIDELIKENDE NOTAS BY DIE KENNISGEWING AAN AANDEELHOERS

GEWONE BESLUIE

GEWONE BESLUIT NOMMER 1

Goedkeuring van finansiële jaarstate

Kragtens die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos gewysig (“die Maatskappywet”) is direkteure verplig om aan die lede van die maatskappy sowel die finansiële jaarstate van die maatskappy as die finansiële jaarstate van die groep by die algemene jaarvergadering vir oorweging voor te lê.

GEWONE BESLUIT NOMMER 2

Goedkeuring van direkteure se vergoeding

Kragtens die statute van die maatskappy moet die vergoeding van direkteure by die maatskappy se algemene jaarvergadering vasgestel word.

GEWONE BESLUIE NOMMERS 3 TOT 7

Verkiesing van direkteure

Kragtens die statute van die maatskappy tree een-derde van die direkteure of, indien hulle nie ’n veelvoud van drie is nie, die getal naaste aan ’n derde, maar nie minder nie as ’n derde, jaarliks by die algemene jaarvergadering af. Direkteure mag hulself vir ’n verdere termyn herkiesbaar stel. Biografiese inligting van die direkteure van die maatskappy verskyn op bladsy 10 en 11 van die jaarverslag.

GEWONE BESLUIT NOMMER 8

Goedkeuring vir die plasing van aandele onder beheer van die direkteure

Kragtens die Maatskappywet moet lede van die maatskappy die plasing van aandele onder die beheer van die direkteure goedkeur. Die bestaande goedkeuring verval by die eerskomende algemene jaarvergadering, tensy dit hernu word. Aandeelhouders word daaraan herinner dat 26 000 000 gewone aandele en 5 000 000 B-gewone aandele vir die Remgro Aandelekema gereserveer is, kragtens ’n aandeelhoudersbesluit geneem op 21 September 2000.

SPESIALE BESLUIE

SPESIALE BESLUIT NOMMER 1

Magtiging vir die terugkoop van aandele

Die jaarlikse hernuwing van dié magtiging word deur die Maatskappywet en die noteringsvereistes vereis. Die bestaande goedkeuring aan die direkteure verval by die eerskomende algemene jaarvergadering, tensy dit hernu word.

SPESIALE BESLUIT NOMMER 2

Magtiging vir sluiting van afgeleide transaksies

Die algemene magtiging word aan die direkteure gegee ten einde hulle in staat te stel om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele moet koop.

HIERDIE VORM IS SLEGS VIR GEBRUIK DEUR:

1. GEREKISTREERDE AANDEELHOERS WAT NOG NIE HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET NIE; EN
2. GEREKISTREERDE AANDEELHOERS WAT REEDS HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET EN IN EIE NAAM GEREKISTREER IS IN DIE MAATSKAPPY SE SUBREGISTER. *

* Sien verduidelikende aantekening 3 op die keersy hiervan

Vir gebruik deur bogenoemde geregistreerde aandeelhouders wat gewone aandele van die maatskappy hou ("lid") en welke lid nie die 2006 algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op Woensdag, 23 Augustus 2006, om 15:30 in die Ballroom, die Lord Charles Hotel, hoek van Faure- en Stellenboschweg, Somerset-Wes, gehou word ("die algemene jaarvergadering") in persoon kan bywoon nie.

Ek/Ons _____

die eienaar/s van _____ gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee aan (verwys na aantekening 1 op die keersy)

1. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,
2. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,
3. die voorsitter van die algemene jaarvergadering, as my/ons gevolmagtigde aan om namens my/ons die algemene jaarvergadering van die maatskappy by te woon en daar, of by enige verdagting daarvan, namens en ten behoeve van my/ons te praat, te stem, of buite stemming te bly soos volg (verwys aantekening 2 en aanwysing 2 op die keersy):

| Gewone besluite | Dui aan met 'n "X" of vul aantal stemme in (een stem per gewone aandeel) | | |
|--|---|------|----------------|
| | Ten gunste van | Teen | Buite stemming |
| 1. Goedkeuring van finansiële jaarstate | | | |
| 2. Goedkeuring van direkteure se vergoeding | | | |
| 3. Verkiesing van direkteur – mnr G D de Jager | | | |
| 4. Verkiesing van direkteur – mnr D M Falck | | | |
| 5. Verkiesing van direkteur – mnr J F Mouton | | | |
| 6. Verkiesing van direkteur – mnr F Robertson | | | |
| 7. Verkiesing van direkteur – mnr J P Rupert | | | |
| 8. Goedkeuring vir die plasing van aandele onder beheer van die direkteure | | | |
| Spesiale besluite | | | |
| 9. Magtiging vir die terugkoop van aandele | | | |
| 10. Magtiging vir sluiting van afgeleide transaksies | | | |

Geteken te _____ op _____ 2006

Handtekening/e _____

Bygestaan deur _____
(waar van toepassing)

Lees asseblief die aantekeninge en aanwysings op die keersy hiervan.

AANTEKENINGE

1. 'n Lid wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en te stem het die reg om 'n gevolmagtigde te benoem om die algemene jaarvergadering in sy/haar plek by te woon en te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.
2. Elke lid persoonlik, of by wyse van volmag, teenwoordig en geregtig om te stem by die algemene jaarvergadering van die maatskappy, het slegs een stem by die opsteek van hande, ongeag die aantal aandele gehou deur so 'n lid. Wanneer per stembrief gestem word, is elke lid egter geregtig op sodanige aantal stemme van die totale stemme in die maatskappy as wat die verhouding is waarin die totale bedrag van die nominale waarde van die aandele deur so 'n lid gehou in die maatskappy staan tot die totale bedrag van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die maatskappy.
3. Eie naam geregistreerde lede is lede wat gekies het om nie aan die Uitreiker-geborgde Genomineerde Program deel te neem nie en vir Computershare Beperk aangestel het as hul Sentralesekuriteitewaarplek-deelnemer ("CSDP") met die uitdruklike instruksie dat hul ongesertifiseerde aandele **in hulle eie naam** in die elektroniese subregister van lede geregistreer moet word.

AANWYSINGS VIR DIE ONDERTEKENING EN INLEWERING VAN VOLMAGVORM

1. 'n Lid mag die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes invul in die spasie/s voorsien op die keersy met of sonder die deurhaling van "die voorsitter van die algemene jaarvergadering", maar enige sodanige deurhaling moet deur die lid geparafeer word. Indien hierdie spasie/s oop gelaat word, sal die volmag uitgeoefen word deur die voorsitter van die algemene jaarvergadering. Die naam van die persoon wat eerste op die volmagvorm verskyn en wat aanwesig is by die algemene jaarvergadering is geregtig om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van die persone wie se name daarna volg.
2. 'n Lid moet sy/haar stemopdragte aan die gevolmagtigde aandui deur 'n "X", of die aantal stemme wat die lid wil uitoefen in die toepaslike spasies op die keersy in te vul. By gebrek hieraan sal dit geag word dat die gevolmagtigde by die algemene jaarvergadering mag stem of buite stemming bly soos hy/sy goeddink ten opsigte van al die stemme waarop die lid geregtig is. 'n Lid of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al sy/haar stemme te gebruik nie, maar die totaal van stemme wat uitgeoefen word, of dié ten opsigte waarvan daar buite stemming gebly word, mag nie die totale aantal stemme oorskry waarop die lid of sy/haar gevolmagtigde geregtig is nie.
3. 'n Minderjarige moet bygestaan word deur sy/haar ouer of voog tensity dokumente, wat sy/haar regsbevoegdheid staaf, gelewer word of reeds by die oordragsekretaris aangeteken is.
4. Ten einde geldig te wees moet voltooide volmagvorme ingelewer word by die maatskappy se oordragsekretaris, Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of dit kan gepos word aan die oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Maandag, 21 Augustus 2006, om 15:30 (Suid-Afrikaanse tyd) nie.
5. Persone wat die volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet dokumentêre bewys van sodanige magtiging aan die volmagvorm heg, tensity dit reeds by die oordragsekretaris ingelewer en aangeteken is, of die voorsitter van die algemene jaarvergadering daarvan afstand gedoen het.
6. Die voltooiing en inlewering van hierdie volmagvorm sal nie die lid belet om, indien hy/sy so sou verkies, die algemene jaarvergadering by te woon en self daar te praat en te stem in die plek van die gevolmagtigde wat deur hom/haar aangewys is nie.
7. Geen parawe is nodig wanneer lede blanko spasies op hierdie volmagvorm voltooi nie. Enige wysigings of veranderings wat aan hierdie volmagvorm aangebring word, moet deur die ondertekenaar/s geparafeer word.
8. Die voorsitter van die algemene jaarvergadering mag enige volmagvorm wat nie in ooreenstemming met hierdie aantekeninge voltooi is nie, aanvaar indien hy tevrede is dat die lid se wense ten opsigte van die uitoefening van sy stemme nagekom word.

